

jou praktiese huis-en-tuingids

SA se
No.1
huis-en-tuin-
tydskrif



Mei 2026
R120 (BTW ingesluit)
Namibië N\$125

tuis

REGRUK MET FLAIR

**SKRYF IN
EN WEN!**
R120 000
op die spel

SIEN IS GLO!

**'n Plaashuis
buite Kroonstad
nou modern
Mediterreens**

7 soorte **KOS**
lasagne
Selfs 'n sop en
'n broodjie

2 **LESERTUINE**

**Skep 'n lushof
wat altyd blom**

15+
MOOISTE

slaapkamers

**SLIM IDEES VIR KOPSTUKKE,
KLEUR, PLAKPAPIER & MEER!**

RAITHBY

**'Uiteindelik, my eie
klein paradys' – aktrise
Antoinette Louw**

NOORDKUS, KZN

**Onbelemmerde
uitsigte, elegante boë
& die see se palet**

ONRUSRIVIER

**'Die bome moes
bly, toe bou ons
vierkante in 'n bos'**



K. LIGHT®



ONTWERP | DIENS | KWALITEIT

KAAPSTAD Milnerton 021 552 4370

JOHANNESBURG Midrand 011 312 1247

Slegs besigtigingslokale, K. Light Import verskaf net aan kleinhandelaars
en nie direk aan die publiek nie.

www.klight.co.za

✉ info@klight.co.za  [k_light_import](https://www.instagram.com/k_light_import)  [klight.co.za](https://www.facebook.com/klight.co.za)

LED Carousel Kristal-kandelaar
Verdi Marmer Bedlampe



// Waar Lig Luuksheid Ontmoet //

Slaapkamerbeligting deur K Light


By K. Light glo ons dat uitsonderlike beligting 'n slaapkamer in 'n heiligdom omskep. Ons gekeurde reeks ingevoerde, moderne ligtoebehore is sorgvuldig gekies om gelaagde, elegante beligting met moeitelose styl te skep.

'n Treffende kandelaar, moderne hanglig of dekoratiewe plafonmontering vorm 'n pragtige fokuspunt, wat lig sowel as skulpturele verfyndheid by die ruimte voeg.

K. Light se LED-plafon-waaiersligte bied ook die perfekte balans tussen moderne ontwerp en moeitelose funksionaliteit.



LED-muur-leeslig



Metal Ring Pendants

In aantrek-areas bring elegante kristaltoebehore 'n tikkie glans, wat lig saggies weerkaats en alledaagse rituele spesiaal maak. Deur lae na die vertrek te bring met muurligte en bedlampe bied warmte, balans en verfynde funksionaliteit, van swewende hangbedlampies en verstelbare leesligte tot tydlose marmertafellampe.

Met K. Light se eksklusiewe ingevoerde versameling is dit maklik om 'n pragtig verligte slaapkamer te skep, wat elke ruimte kalm, gesofistikeerd en aanloklik luuks laat voel.



LED-plafon-waaierslig



Wenk van kim williams

Pure Design Innovation



Gelaagde beligting

"'n Slaapkamer moet nooit op een ligbron staatmaak nie. Kombineer omgewingsbeligting met bedsykant-leesligte en 'n dekoratiewe kenmerk soos 'n hanger of kroonkandelaar. Gelaagde beligting stel jou in staat om die stemming van die kamer deur die dag aan te pas."

Kies warm lig

"In 'n slaapkamer moet beligting altyd sag en ontspannend voel. Warm wit gloeilampe skep onmiddellik 'n kalmer, meer verwelkomende atmosfeer."

Dink verder as die bedlampie

"Hanglampe langs die bed is prakties sowel as elegant. Hulle laat meer ruimte vry op bedkassies en skep 'n boetiekhotelgevoel."


Beligting is die juweliersware van die vertrek

"Pragtige ligtoebehore kan 'n ruimte transformeer. 'n Opvallende kandelaar of skulpturele hanglig voeg persoonlikheid by en word 'n fokuspunt."

Balanseer altyd skoonheid met funksie

"Goeie ontwerp moet vir die alledaagse lewe werk. Verstelbare leesligte of muurlampe verseker dat die slaapkamer net so prakties is as wat dit mooi is."





dekor

- 20 'n Huis **om bome gebou** op Onrusrivier in die Overberg
- 32 KZN-strandhuis met **eindelose uitsigte, elegante boë en 'n neutrale palet**
- 42 **Klein paradys vol natuur-inspirasie** in 'n landelike dorpie buite Stellenbosch
- 50 **Slaapkamers** Nuwe idees vir gordyne, kopstukke, plakpapier en meer!
- 68 **Opknep** 'n Plaashuis buite Kroonstad kry 'n moderne Mediterreense baadjie

IN DIE KOMBUIS

- 110 **Alles lasagne!** Klassiek, sonder lae, vegetaries, as 'n sop en selfs broodjie
- 124 **Kortpadkos** Aandete is op die tafel
- 126 **Kos & drank** om jou sintuie te voed

kompetisies

- 8 **Sê jou sê** en WEN 'n prys
- 66 Skryf in vir ons volgende **Regruk met Flair** – altesaam R120 000 is te WEN
- 82 WEN met jou **troeteldierfoto's**
- 91 Vul **Blokraai #191** in en WEN

in die tuin

- 92 'n **Lushof heeljaar** met struktuur-elemente en die seisoen se kleure
- 102 'n George-tuin vertel vroegherfs tot laatsomer 'n **kleurvolle storie**

IN ELKE UITGAWE

- 10 **Vars idees** 'n Tikkie rooi bring jou ver
- 14 **Wat's nuut** op die dekortoneel
- 78 **Raad** Vra die kenners
- 82 **Troeteldiere** en hulle dinge
- 84 **Tuindagboek**
- 130 **Agterblad** Karin Brynard gesels

Cielo | Inspiring Spaces

LAAT ELKE DAG TUIS SOOS 'N **WEGBREEK** VOEL
DIE BARBADOS REEKS

WINKELS

GAUTENG: FOURWAYS • KRAMERVILLE • CENTURION • PRETORIA • EDENVALE • ALBERTON • ROODEPOORT
HAZELDEAN • WES-KAAP: SOMERSET-WES • GEORGE • TABLE BAY • DE WATERKANT • HERMANUS
KWAZULU-NATAL: BALLITO • HILLCREST • OOS-KAAP: PORT ELIZABETH • MPUMALANGA: NELSPRUIT
LIMPOPO: POLOKWANE • NAMIBIË: WINDHOEK | DESIGN HUB • MAURITIUS: BLACK RIVER | BANGALOW



SKANDEER MY
KOOP AANLYN
OF IN DIE WINKEL
CIELO.CO.ZA

Aadmin is 'n vorm van aanranding, tik my kollega Marian nou die dag vir my in 'n WhatsApp toe ek kla oor die oneindige papierwerk wat nodig is om my motor se spaarsleutel te vervang.

“Ek gaan jou aanhaal,” tik ek terug. Want dis ware woorde, en ek het 'n lysie van doendinge op my foon wat net nie einde kry nie. Daai soort tameletjies wat nie met 'n enkele e-pos reggestel kan word nie. Nee, eerder die soort wat vereis dat jy onder meer polisiekantoor toe moet ry vir 'n beëdigde verklaring, gesertifiseerde afskrifte – en in een geval 'n bloedtoets, vastend natuurlik. As ek dit tog net kan onthou! Want voor ek myself in die oggend kom kry, het ek koffie in my lyf, en die dokter is reeds kwaai oor my cholesterol. Ek kan nie kanse vat nie.

Januarie al het ek daai doenlysie gemaak, en tegelyk kaste begin regpak. Dié takie wou ek graag afhandel “voor die jaar te besig raak”, maar die uitsorteer-proses het nou geboorte gegee aan vyf bokse vol rommel (ou klere, kombuisware, boeke) wat ek skuif van vertrek tot vertrek in my huis, want op die eetkamertafel was dit pal in die pad as mense kom eet.

En waar staan dit nou? In my slaapkamer. Want dis waar gaste nie kom nie. Mos.

Met hierdie uitgawe, en die mooi slaapkamers wat ons wys, het ek nuwe woema gekry om die pakwerk klaar te kry. Want om elke oggend wakker te word en herinner te word aan goed wat nie klaarkom nie, is sleg vir my gemoed. En lewensvreugde is 'n skaars kommoditeit; ek is besitlik oor my glimlag.

So, stap 1: Doen wat jy predik, Pretorius, en volg die slim raad in *Tuis* en sorteer jou lewe uit. Want dan kan ek met 'n geruste hart “diep in droomland” my slaapkamer geniet, soos die opskrif sê op bl. 50. Ek moet net onthou om die bedlampies wat ek ook vroeg in Januarie al weggegee het te vervang, voor ek in die donker nag oor 'n hond struikel!

Kyk, ek weet baie mense mor oor kunsmatige intelligensie, maar as 'n KI-robot my admin kan afhandel, is ek – soos die jongmense sê – “daar vir dié”. Want admin ... dis wraggies 'n vorm van aanranding. Dit voel soos 'n blou kol op my brein.

Gelukkig, en dankie tog, wag 'n rits vakansiedae op ons, en nie lank nie, dan is dit Erfenisdag, en dan is dit Kersfees ... (Het jy al 'n plan vir presente? Maak solank daai lysie!)

Lekker lees, en lekker droom.



Wicus

redakteur@tuis.co.za

tuis

REDAKTEUR
Posadres
Algemene navrae

Wicus Pretorius, redakteur@tuis.co.za
Posbus 1802, Kaapstad 8000
Yumna Tofey
yumna.tofey@media24.com, 021 406 4552

REDAKSIE
Artikeldredakteur

Beatrice Moore-Nöthnagel,
beatrice.noethnagel@media24.com

Kreatiewe redakteur

Marian van Wyk

Ontwerpredakteur

Andrew Maritz

Kosredakteur

Johané Neilson, johane.neilson@tuis.co.za

Tuinredakteur

Marié Brody

Teksredakteurs

Peter van Noord, Johan van Zyl, Natasja Lochner

Digitale redaksie

Annette de Wet, Walter Hayward

Multimediajoernalis

Suné Esterhuizen

Foto-opknapper

René Nortjé

Hoof: Produksie en nakoming

Jacques du Plooy

MEDEWERKERS

Sven Alberding, Robyn Alexander, Karin Brynard, Sherri Chippis, Greg Cox, Wilma Custers, Sarah de Pina, Paula Dubois, Gerda Engelbrecht, Lynne Fraser, Mary Jane Harris, Warren Heath, Christoph Hoffmann, Louis Lemaire, ER Lombard, Riaan Lourens, Haidee Muller-Isaacs, Francois Oberholster, Maryke Roberts, Karl Rogers, Marliza van den Berg, Senga van Wyk, Amanda van Wyngaardt, Henrike Wilding, Graham Wood, Elsa Young

ADVERTENSIES & INHOUDSBEMARKING

Verkoopdirekteur Bea van der Vyver, bea.vandervyver@media24.com, 011 877 6047

Verkoopbestuurder Lani Rheeder

Sleutelklantbestuurders Charlene Meyer, Daniela di Giovanni, Leone Jacobs,

Nicolette Kannenberg, Riette Peens, Debbie van der Merwe

Kantoorbestuurder Ann du Bois

ann.dubois@media24.com, 011 713 9529

DIVERSE INKOMSTE

Geleenthheidsdirekteur Francois Malan, francois.malan@media24.com

STUDIO

Hoof Laila Majiet

Kunsredakteur Sally Cronjé

Bedryfs- en inhoudsbestuurder Mike de Beer

Kommersiële redakteur Lerato Sejake

Produksiebestuurders Christine Smith, Kim Petersen

Kreatiewe redakteur: video Sandlasethu-Siphe Yilani

Redakteur: spesiale projekte Gerda Engelbrecht, gerda.engelbrecht@media24.com

Senior bemarkingsbestuurder Andile Nkosi, andile.nkosi@media24.com

Bemarkingsbestuurder Setjhaba Maphike

Projekbestuurder Nafiesha Hoosain

UITGEWERSPAN: MEDIA24 MEDIA

Uitgewer Edwina Lyners

Hoofbestuurder: Afrikaanse media Tammy van Zyl

Finansiële hoof Luxolo Dywili

Inkomste hoof Nerisa Coetzee

Uitvoerende hoof Minette Ferreira


SIRKULASIE

Kategoriebestuurder tommy.chapman@onthedot.co.za

MEDIA24 KORPORATIEF

Uitvoerende hoof: Media24 Raj Lalbahadur

Waarnemende finansiële hoof: Media24 Nelmarie Beyers



• Elke jaar gee ons 'n handvol spesiale uitgawes uit, waaronder **Tuis Werf**, **Tuis Opknop**, en ook 'n **dagboek-en-notaboek**. As jy dalk een van dié publikasies of enige van *Tuis* se hoof-uitgawes misgeloop het, besoek media24shop.com en kry dit afgelewer by jou huis.

Die volgende uitgawe van *Tuis* is vanaf 29 Mei op straat.

MEDIA24 Tuis word uitgegee deur Media24, Heerengracht 40, Kaapstad 8001. Tel. 021 406 2121

Printed by
novus print
A division of Novus Holdings

ON THE DOT

PUBLISHER
RESEARCH COUNCIL

abc
Press Council

Kopiereg Media24. Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie tydskrif mag sonder die geskrewe toestemming van die redakteur gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopieëring, skyf- of bandopname, of deur enige ander stelsel vir inligtingbewaring of -ontsluiting. Die redaksie onderskryf nie noodwendig die standpunte gehuldig in artikels, rubrieke en advertensies nie. Hoewel alle redelike voorsorg getref is om te verseker dat die advies wat in die tydskrif gepubliseer word akkuraat is, kan die redakteur en die uitgewer geen verantwoordelikheid aanvaar vir enige verlies, skade of ongerief wat daaruit voortspruit nie. Die redaksie behou die reg om veranderinge te maak aan enige materiaal wat aan die tydskrif gestuur word, en kan nie aanspreeklik gehou word vir enige skade aan of verlies van die materiaal nie. Alle pryse is onderworpe aan verandering en kan verskil van winkel tot winkel; die prys in die winkel moet as die finale bevestigde bedrag beskou word.



Jou visie.
Ons kundigheid.
Die perfekte kombuis.

 **easylife**
kitchens

34 jaar van gehaltesdiens. 2-jaar-kombuiswaarborg.
Meer as 43 vertoonlokale landwyd. 0861 327 9543
Trotse lid van die Kombuis spesialiste vereniging.

 easylifekitchens.co.za

“Om te sê dat ek 'n goeie ervaring met EasyLife Kitchens gehad het, sou dit heeltemal te sag stel. Van die heel eerste konsultasie af het ek gevoel ek word gehoor, gesien en verstaan – en dit het 'n reuseverskil gemaak. Julle het iets wat stresvol kon gewees het, in 'n plesier verander, en ek sal daardie vreugde elke keer as ek in my kombuis instap, met my saamdra.” **Thobile Mngomezulu, Nelspruit**

Ons lesers sê

WENBRIEF



Adel en arbeidsadel op die dorp

Hanniki Bruère van Graaff-Reinet (Robert Sobukwe-dorp) skryf Toe Li Edelkoort in Februarie 'n werksessie by Babylonstoren hou, dink ek terug aan die tyd toe sy by my gastehuis Avondrust op Graaff-Reinet tuisgegaan het. Al ons luukse kamers was lank vooraf vir 'n sybokhaarberaad bespreek, maar 'n paar dae voor die tyd kry ek 'n oproep om te

hoor of ons ook plek het vir Li, daar was 'n misverstand met haar akkommodasie. Al wat ek kon aanbied was my eie ruim slaapkamer met 'n koninggrootte hemelbed en sitgedeelte.

Ek kry splinternuwe geborduurde katoenlakens, vars blomme en goeie leesstof. Li boek net voor twee in en is vol komplimente oor haar verblyf, maar 'n uur en 'n half later kom sy by die trap af en sê sy's jammer, sy kan nie in die kamer slaap nie en benodig "a more cell-like room, as the one I had in Tokyo"! Ek verduidelik vir haar al ons kamers is beset, maar ek kan haar neem na die kamer wat vir haar assistent bespreek is. Sy is toe baie tevrede met die "more cell-like" kamer met twee enkelbeddens.


Intussen kontak die organiseerders van die beraad my om te vra of baron Paulo Zegna van die Italiaanse kleregroep Zegna later die dag by ons kan kom aantrek voor hy na die gala-aand gaan. Hy daag toe taamlik verleë op want hy het iewers met sy pragtige skoene van sagte leer in hondemis getrap en kan dit nie in so 'n toestand inpak nie. Ek het dit toe maar vir die galante heer skoongemaak. Gelukkig het ek ook 'n motto: "Arbeidsadel!"

Groete uit Duitsland

Simone Heske van Hamburg skryf Ons gesin woon sedert 2019 in Duitsland, maar voor dit was ons baie jare lank in Kaapstad. In dié tyd het *Tuis* vinnig my gunstelingtydskrif geword, en tot vandag toe bewaar ek elke uitgawe soos goud. Ek het soveel inspirasie uit die dekor-idees gekry en vele van die heerlike Afrika-resepte vir my gesin gekook en gebak.

Onlangs het 'n vriendin terugkeer van 'n vakansie in Suid-Afrika en vir my die Engelse weergawe van die Maart | April 2026-uitgawe saamgebring. Wat 'n verrassing toe ek die brief van Noelene Botha van Nieu-Seeland sien wie se huis in julle Februarie 2016-uitgawe was – die heel eerste een wat ek gekoop het.

Ek heg die foto's aan sodat julle kan sien watter invloed *Tuis* op ons blyplek hier in Duitsland het. Ons geniet dit elke dag.



KORTLIKS

Ek is mal oor julle tydskrif. Toe ek op bl. 14 van die Desember 2025 | Januarie 2026-uitgawe kom, het my kop my wysgemaak dat dit 'n foto van Johannes Vermeer se *Meisie met die pêrel-oorbel* is. Toe ek weer kyk, besef ek dis die plaaslike kunstenaar Danélie Janse van Rensburg. Was die foto 'n huldeblyk aan Vermeer of pure toeval? – *Natasha Browne*



tuis

OP FACEBOOK

Wie onthou nog skool-toebroodjies? Wat was jou gunsteling?

- 👍❤️ Vissmeer op vars witbrood ... dan kon ek ook alleen eet (oor die reuk!). – *Louise Lombard*
- 👍❤️ My broodjie geruil vir my maatjie se tuisgebakte soetsuurdeegbrood met grondbontjebotter en stroop. Onthou nog die reuk. Sy't gedink winkelbrood is spesiaal! – *Dalene Cooper*
- 👍❤️ Ek het my brood vir die hond gevoer. Hou nie van inpakkos nie. So wat ook al op die brood was, vra maar die hondekind. – *Angélique Butler*
- 👍❤️ Sondag se koue skaapboud met mosterd! – *Anthone Coetzee*
- 👍❤️ Marmite en appelkooskonfyt saam op die broodjie – lekker soetsout saam. – *Veronica Olivier*
- 👍❤️ Kouevleis met mayo, of *snackwich* met maalvleis en kaas. En daai yskoue botteltjie *Tropica-slusky*. – *Adri le Roux*

WEN!

Die skrywer van die wenbrief ontvang 'n Zartek ZA-317-oorleikabelstel van R1 629.

Die Zartek ZA-317 is jou 4-in-1-vennoot langs die pad. Die kompakte kragbron sluit in hoë-kapasiteit-oorleikabels vir petrol- en dieselenjins, 'n lugperspomp met spuitstukke, 'n USB-kragbank en 'n flitslig. Veiligheid kom eerste danksy 'n slimkabel wat beskerming bied teen kortsluitings en omgekeerde strome terwyl die ingeboude LUD-lig sigbaarheid verseker. Besoek zartek.co.za.

Zartek



Die redakteur behou die reg om briewe te redigeer.



Die kuns van **egte ontwerp.**

DIE SAWYER STEL



Koop aanlyn
www.incanda.co.za

Besoek ons:

Pretoria | Kramerville | Bloemfontein | Paarl | Durbanville | Hermanus
Somerset-Wes | George | Port Elizabeth | Polokwane | Windhoek Design Hub

incanda
FURNITURE



Van roes tot robyn

Gee jou dekor woema met 'n spatsel rooi –
net 'n tikkie bring 'n mens ver.

Saamgestel deur Johané Neilson

Neutraal maar warm

Ná 'n opknapprojek wat natuurlike materiale met weldeurdagte argitektoniese lyne kombineer, is hierdie gesin se “vir-altyd-huis” in die Kaapse stadskom die toonbeeld van ingetoë sofistikasie. Die projekargitek, Jan Douglas van KLG Architects, en sy vrou en vennoot, Liani Douglas van Douglas & Company, wat vir die binnenshuise ontwerp verantwoordelik was, het sorgvuldig te werk gegaan om praktiese afwerkings te kies – dit sluit in fluweelagtige kalksteenvloere wat regdeur die huis gebruik word, en volhoubaar verkrygte plaaslike dennehoutplafonne wat 'n gevoel van warmte in die leefruimtes skep.

Die houtbalustrade op die trap wat net langs die ligge vulde ingang lei na 'n studeerkamer, is in 'n ryk terracotta skakering geverf wat 'n mooi kontras vorm met die kleure van die dennehout-plafonplanke en kalksteenvloere.

Rooi skakerings soos terracotta, roes of baksteen bied 'n warm, aardse alternatief vir die helderder tradisionele rooi. Dié skakerings pas veral goed by ander natuurgeïnspireerde kleure en natuurlike materiale. Hulle dien as warm neutrale kleure wat “stilweg gons eerder as kliphard skree”.

Skuif in rooi

Die landskapontwerp by die argitek Kate Otten se huis in Johannesburg strek tot reg teen die gebou waar die argitektuur 'n ryk palet van blomme en loof ontmoet.

“Die gras en die voorstoep vloei reguit in mekaar in,” sê sy. Die huis is oorspronklik in die styl van 'n lae 1960's-plaasopstal gebou, maar Kate het besluit om die dak te lig en hoë vensters te installeer om noordelig in te laat. Sy het 'n boonste vertrek bygevoeg met treffende rooi skuifskerms wat skaduwee bied teen die son.

“Dit is 'n eenvoudige stelsel en baie kostedoeltreffend,” verduidelik Kate. “'n Skerm bestaan uit staalraampanele wat met skadudoek in verskillende kleure oorgetrek word. Hierdie panele skuif op twee vlakke en word bo en onder ondersteun deur 'n paar staalspore met U-vormige bane. Die panele word aan die buitekant van die vensters geplaas en kan in twee rigtings skuif en oor die breedte van die vensters gestapel word. Jy maak eenvoudig 'n venster oop en skuif die skerms met die hand tot waar jy dit wil hê.” Net soos die vensters kan die skerms oorvleuel en in twee rigtings skuif.

“Ek het die stelsel ontwerp en dit met my ingenieur bespreek. Daarna het 'n klein staalvervaardiger, Aaron Mmatsoabane, dit gemaak en geïnstalleer. Sestien jaar later werk dit steeds fantasties.” >>





Die deure van Siberiese lorkehout is spesiaal deur Douglas & Company ontwerp en met 'n deursigtige waterbasis-seëlmiddel afgewerk.


← Nuwerwets

Met 'n bekroonde opknapprojek waarin hulle 'n bekoorlike erfenisgebou kontemporêr benader het, het die argitekte Liani en Jan Douglas hulle Kaapstadse huis 'n pragtige nuwerwetse voorkoms gegee.


Met die eerste oogopslag lyk die vooraansig van die huis byna onveranderd, behalwe vir twee nuwe vensters in die dak wat perfek by die erfenis-estetika inpas.

'n Fyn oog sal egter die weldeurdagte opdaterings raaksien waarvoor die paartjie bekend is: Die klassieke Kaapse "stoep" is met die bouwerk in werklikheid heeltemal vervang, en hoewel die nuwe een baie soos die oorspronklike lyk, is dit aansienlik meer kontemporêr.

Die tekstuurryke klipfondasiemure is volledig blootgelê en die tipiese smeeyster-reling op die balkon – 'n bestaande element wat opgeknop en teruggeplaas is – is in 'n dieprooi oksiedkleur geverf wat as 'n gesofistikeerde kleuranker regdeur die huis dien. Die resultaat is dat die fasade vars voel, maar terselfdertyd gemaklik bekend en heeltemal in die pas met die ander huise in hulle straat.



Die hout-en-staal-eetkamertafel met sy Formica-blaaië is 'n Douglas & Company-ontwerp wat hulle vir 'n vorige interieurprojek geskep het.



Wasbak deur Cotto; krane van Isca

↑ Gestroopte perfeksie

Liani en Jan se interieur word gekenmerk deur 'n gestroopte keuse van vaartbelynde meubelstukke met skoon lyne – dit sluit vintage items in wat oor die jare versamel is, maar ook van hulle eie ontwerpe.

In die eetgedeelte pas geen van die stoele by mekaar nie. In plaas daarvan is dit 'n mengsel van vintage stukke (onder meer 'n Eames Eiffel-stoel en 'n Arne Jacobsen Series 7-stoel), 'n prototipe – die gelatte laaghoutstoel – en 'n tweesitplek-Quakerbank van staal deur die Suid-Afrikaanse ontwerper en meubelmaker Gregor Jenkin. Die moderne palet sluit aksente van aardse rooi skakerings en terracotta in.

← In die badkamer

Die badkamer bo is langs die hoofslaapkamer (maar nie en suite nie) en sluit 'n ingeboude wasbakkas in wat deur Douglas & Company ontwerp is. Dit is van staal gemaak en in dieselfde rooi oksied as die smeeysterreling op die balkon geverf, met 'n dik blad van herwonne gelamineerde hout uit die opknapprojek bo-op. Ons hou van die konsekwente gebruik van materiale en kleure regdeur hierdie huis. 🏠


VERSKAFFERS EN KONTAKTE

Cotto cotto.com Douglas & Company douglasandco.co.za
Gregor Jenkin gregorjenkin.com Isca lixil.co.za/isca/about-isca
Kate Otten Architects kateottenarchitects.com KLG Architects klg.co.za



Wat's nuut

Saamgestel deur Johané Neilson ([instagram.com/johanealet](https://www.instagram.com/johanealet))



MOOISAÏEK

"2026 is die jaar waarin gekleurde mosaïek moderne interieurs definieer en persoonlikheid aan elke ruimte verleen," sê Nicole Russell, bemerkingsbestuurder by Italtile. "Ons blou seskantige teëls skep byvoorbeeld 'n rustigheid in kombuise en badkamers. Kleure wat tans gewild is – van strelende neutrale skakerings tot lewendige edelsteenkleure – het die krag om die luim te verander en vloei te verbeter."

**Steel Blue- lang seskantige
porseleinmosaïekteëls (297 x 307 mm)
R165 per vel, [italtile.co.za](https://www.italtile.co.za)**



**Keramiekskulp in die kleure Coral
en Royal Blue (18 x 23 cm)
R310, [bespokehome.co.za](https://www.bespokehome.co.za)**



Blomblare vol lig

Skep die regte atmosfeer met Wire Maven se Petal-versameling lampskerms en hangligte. Ons is gek na die Hanging Petal-hanglig in die kleur Cherry Kiss (R3 150, [wiremaven.co.za](https://www.wiremaven.co.za))!



VOORSTE GESTOELTES

Die Dreamscape Chair 20 (vanaf R6 265, [davidkrynauw.com](https://www.davidkrynauw.com)) was 'n groot treffer by KAMERS/Makers in Kaapstad vroeër vanjaar. Dié lieflike stuk uit die Joburg-reeks van David Krynauw bestaan uit 'n houtraamwerk, leersitplek (jy kan kies uit agt verskillende soorte) en 'n rugleuning wat gestoffeer is in Dreamscape-materiaal (daar is 16 variasies). Dié elemente kan jy meng en pas tot 'n pronkstuk van jou drome óf jy kan 'n stel begin. Ons hou daarvan dat dit gemaak word van afvalstukke uit die fabriek in Skeerpoort, plat verpak word en dan maklik by die huis aanmekaargesit word.


Die Dreamscape-reeks collage-kunswerke wat geskep is deur David se vrou, die oppervlakontwerper Jasmyne Krynauw, kan ook op plakpapier of materiaal gedruk word. Vir meer inligting gaan na [davidkrynauw.com](https://www.davidkrynauw.com), en moenie hulle stalletjie by KAMERS/Makers in Johannesburg van 27 April tot 3 Mei misloop nie.



Perfek vir 'n prinses

Met 'n blomgeïnspireerde vorm en verskeie afwerkings om uit te kies is die Petal-bed (vanaf R24 999 vir 'n enkelbed, babybelle.co.za) 'n prentjie van vakmanskap en elegansie.

Golden Wand-
muurlig R1 960,
klight.co.za



'n Boks vol blomme!

The Flower Recipe Box, wat deur 2017 se *Regruk met Flair*-naaswenner Ramona Afonso begin is, is 'n unieke blomme-intekenkonsep in Johannesburg en Pretoria. Kies uit 'n maandelikse Recipe Box wat sorgvuldig bymekaargesit word om jou te help met jou eie blommemeesterstuk, of 'n Peony Rose Box, 'n Hydrangea Box of 'n Scent Box met bosse blomme om jou sintuie te bekoor. Gaan na flowerrecipebox.com en volg [instagram.com/the_flower_recipe_box](https://www.instagram.com/the_flower_recipe_box).



Die nuwe Scented Ritual Candle (R299 per kers, woolworths.co.za) vir Moedersdag is in drie geure beskikbaar: Vanilla Latte, Matcha en Lavender Chai.



DIE REGTE VERF
VIR DIE TAAK

Duram Satin Touch is hoogs wasbaar en boonop vlekbestand. In plekke met hoë kondensasie, soos badkamers, bied silwerioon-tegnologie die nodige beskerming teen swart vlekke en jy het altyd 'n silwerskoon, vars voorkoms. Op hierdie foto is die kleur Gentle Oribi, geïnspireer deur die vag van dié grasieuse bok, uit die Habitat-versameling te sien. Vra by jou naaste ysterwarewinkel vir Duram en gaan na duram.co.za. >>

Die Mervyn Gers Ceramics-ateljee in Kaapstad, bekend vir sy vernuwende ontwerpe en verfynde vakmanskap, het die Mother of Pearl-versameling bekendgestel. 'n Glazuur met 'n perlemoenskyinsel word gebruik saam met skulpteïnspireerde vorms om die oseaan se glimmende kwaliteit in 'n keramiekvorm vas te vang. Gaan na mervyngers.com en volg [instagram.com/mervyn_gers_ceramics](https://www.instagram.com/mervyn_gers_ceramics).



Pragtig en lig

Die nuwe Atlas-lamp (hier in die kleur Dark Cherry; R4 950, pedersenlennard.co.za) wat by die Cape Town Furniture Week 2026 onthul is, is bedags as 't ware 'n beeldhouwerk en saans 'n atmosfeerryke ligbron. Die gekleurde aluminium-lampskerm op 'n basis van soliede eikehout vorm 'n lieflike keëlvormige silhoeët.



TOPWENK

Die trendvoorspeller Li Edelkoort sê kersie is 'n vuurwarm kleur vir 2026!



Mango Mint-
keramiekbloemvaas
R119,99, pepstores.com

VOORLOPER

Pia-woltpyrt met
blommotief (300 x
80 cm) R8 999,
poetrystores.co.za



Van links na regs:
Cassino 23, Atessa 12,
Atessa 02 en Cassino 22.

Manuel Revert is 'n Spaanse vervaardiger wat spesialiseer in geweefde stoffeer-materiaal. In hierdie versameling, eksklusief by St Leger & Viney te kry, kom die patroon en kleur deur die spindraad en struktuur na vore – vir materiaal met diepte en duursaamheid waaraan jy net wil vat. Dit word afgewerk met Stain Stop-beskerming en beskerm jou meubels teen glipsies sonder om die stowwe se voorkoms of gevoel te bederf. Besoek stleger.co.za.

**Ayanda-strooikussing
in die kleur Rust
(60 x 60 cm)
vanaf R1 000,
hertexhaus.co.za >>**



Sepie met 'n storie

'n "Natrossie" is 'n klein trossie wat op die wingerdstok agterbly nadat die druive geoes is. Dit simboliseer vergete potensiaal en onvervulde drome, maar kan ook dui op oorvloed en groei. Die Natrossie Sope on a Rope (R450, la-motte.com) word deur vroue met die hand gemaak as deel van 'n gemeenskapsprojek in Kylemore buite Stellenbosch.



HOTELWHEELDE ... TUIS!

ROOM SERVICE HOMEWARE

Room Service belooft styl en gehalte wat jy kan vertrou!

Skep 'n boetiekgevoel in jou eie huis met lieflik gemaakte beddegoed in tydlose, strelende skakerings. As 'n Suid-Afrikaanse vervaardiger bied **Room Service Homeware** aan jou hotelgehalte beddegoed teen fabriekspryse – van duvetoortreksels tot kussings en enigiets tussenin. Of dit nou 'n gastehuis, bed-en-ontbyplek of private huis is, ons sal jou slaapkamer tot 'n nuwe vlak verhef met ons veelsydige alledaagse en weelderige moethê-items. Doen jou inkopies aanlyn by roomservicehomeware.co.za.


Ons **polikatoen-lakens**, wat ontwerp is vir alledaagse gebruik, is sag, duursaam en moeiteloos prakties. Tooi jou bed met **luukse duvets** en **ondersteunende kussings** wat gemaak is vir blywende gerief en 'n perfekte nagrus, en beskerm jou belegging met **deurgestikte matras- en kussingsbeskermers**. Rond dan die voorkoms af met kraakwit **duvet-oortreksels van 100% katoen**.

- **Polikatoen-lakens** vanaf R80
- **Duvets** vanaf R494
- **Kussings** vanaf R137
- **Deurgestikte beskermers** vanaf R53
- **100% 200T-perkaalkatoen-duvetoortrekselstelle** vanaf R464
- **100% 200T-katoenkussingsloopstel met valle** vanaf R150

Tydloos, lig op
jou lyf en lieflik
eenvoudig.

Doen jou inkopies nou by roomservicehomeware.co.za en maak elke dag 'n hotelverblyf.

Gaan na www.roomservicehomeware.co.za of bel ons by 060 537 5086.  [roomservice_homeware](https://www.instagram.com/roomservice_homeware)  [@roomservicehomeware](https://www.facebook.com/roomservicehomeware)



Wynrooi teëlsoldaatjies

Shaw Tec vervaardig al drie geslagte lank handgemaakte gruisgatstyl sementteëls in Fisantekraal, Kaapstad. Die aardse dog elegante Oblong-teël (300 mm L x 30 mm B x 20 mm H; R680/m², shawtec.co.za) is geskik om op mure en vloere binne én buite te gebruik en het ook geen skerp kante nie. Dit is beskikbaar in 'n reeks lieflike kleure – met die nuutste een wynrooi (of dan Burgundy)!

Van links na regs: Burgundy, Emerald, Charcoal en Terracotta.



Boho Weave- koningingrootte kopstuk
R1 500, mrphome.com

Mayfair Patio-driesitplekbank, R10 499, cielo.co.za



Thread Office Pale Blue Block
Flower Embroidery-strooikussing
met 'n vulstof van gemengde vere
(50 x 50 cm) R799, yuppiechef.com



SKEP, VERNUWE!

WIE Tia Gerber

WAAR Boston, Kaapstad

HAAR WERK Met haar agtergrond in binnehuis-ontwerp verf die kunstenaar Tia Gerber in helder kleure met 'n intuitiewe gebruik van lig en tekstuur.

Haar mees onlangse projek, wat geïnspireer is deur 'n 50 jaar oue vintage pop, is die "Poppies"-keramiekreeks. Nadat sy 'n plaaslike gietvormmaker, glasuurkenner, drukker en oond-operateur opgespoor het met wie sy kon saamwerk, het die lekkerte begin en haar visie vir die poppe het vorm aangeneem.

"Dit is 'n spanpoging," sê Tia. "Om te skep is nie 'n geïsoleerde proses nie, en ek het 'n hele groep vriende wat my help! Ons inspireer en moedig mekaar aan, en bring ure deur op die foon, in die fabriek of op die pad terwyl ons dinge probeer uitpluis." Dit is 'n beperkte versameling ontwerpe (elke poppie kos R1 250) – gaan kyk daarna by tiagerber.co.za en volg haar op [instagram.com/ tiagerber_art](https://www.instagram.com/tiagerber_art). 📍

Verfris

Die Woodoc-manier



Hierdie unieke, diep penetrerende was maak nie net skoon en verfraai nie, maar dring verseëlaars, vernisse, wasse en olies binne om hout moeiteloos te voed en te beskerm. **Woodoc Interior Maintenance Wax** mag op enige houtsoort gebruik word.



Skandeer die kode vir volledige besonderhede oor **Woodoc se reeks Onderhoudsprodukte** en "hoe-om-te-doen"-advies.

Woodoc-produkte is beskikbaar by alle toonaangewende hardewarewinkels en nou ook by 'n nuwe betroubare aanlyn vennoot, www.mysealer.store.

Woodoc®
KOS VIR HOUT™

Woodoc Kliëntediens: Vir vriendelike, persoonlike hulp en advies, skakel Tolvry 0800 411 200, gedurende kantoorure.

@ www.woodoc.com Woodoc

WhatsApp +27 66 302 4702

VIERKANTE in 'n bos

'n Erf wat eens 'n kwekery gehuisves het, is nou 'n droom-
blyplek wat jou terugvoer na die styl van die sewentigerjare.

WIE WOON HIER? Willem en
Esmarié Joubert en hulle
kinders, Nina (19) en Niel (17)
WAAR Onrusrivier
GROOTTE VAN HUIS 450 m²

Die klein binnehof
waarop die leefvertrek,
kombuis en eetkamer met
stapeldeure oopmaak,
is met boslelies (*Clivia
miniata*) beplant.



Met groot houtskuijdeure aan twee kante is die eetkamer 'n oase van natuurlike lig en koelte – en amper deel van die tuin. Die mat is op 'n veiling gekoop en die skilderye teen die muur deur twee vriendinne, Mia Duvenhage en Ans Lamprecht.

Stoele van @home;
Raku-kaggel van
EarthFire; hanglig van
K.Light



As jy nog nie oortuig is dat tegnologie jou lewe kan verander nie, kan jy gerus op Onrusrivier in die Overstrand by die Jouberts gaan kuier. Danksy Google Earth het hulle hul droom-erf – 'n groen ruigte oortrek met groot bome – gevind en uiteindelik hul droomhuis daarop gebou.

Die hele huis is om verskeie tuinhoekies en groen vierkante ontwerp deur Douglas (DJ) Carr van Ghost Fountain Design, en danksy leiklipvloere, groot stapeldeure en wit saksmeermure lyk Willem en Esmarié Joubert se huis asof dit al dekades hier in die oerwoudagtige tuin skuil, al is dit net 11 jaar gelede gebou.

Hoewel baie mense Onrus toe trek om die mooi see-uitsigte te geniet, was die erf se grootte van 4 500 vierkante meter en die baie bome die deurslaggewende rede waarom die Jouberts die koopkontrak geteken het. Hulle het jare lank op Barrydale gewoon en was gewoond aan groot grond soos dié wat eens ook 'n kwekery gehuisves het.

Hoewel Esmarié uit 'n familie van argitekte kom, was die huis se styl minder belangrik as die oase wat hulle graag in die tuin wou skep. Maar hulle voorliefde vir die dekor en ontwerp van die sewentigerjare was maar altyd in hul agterkop.

“Ek het begin soek en toe ek DJ se werk sien, het ek besluit om hom oor te nooi – en sou ons oor 'n glas rooiwijn 'klied', is hy die regte man vir die projek,” vertel Esmarié.

Dit was toe ook so. >>



Werkblaaie van Southern Granite; kroegstoele van Mr Price Home; hanglig van K.Light; flamink van Holiday

Die kombuis is hier regtig die hart van die huis. Die eetkamer, sitkamer, stoep, braaikamer en voordeur is alles van die kombuis af sigbaar en maak dit 'n gewilde kuierplek. Die eiland het genoeg sitplek om gaste te akkommodeer terwyl die laaste voorbereidings vir die maaltyd nog gedoen word.

Bome moes bly

Voor die bouprojek nog kon begin, was een ding seker: Die bome moes nie in die slag bly nie. Die Jouberts wou juis hê die tuin moet die vertrekke omsom en amper toegroei. Daar moes ook verskeie kuierhoekies wees sodat hulle met elke seisoen die beste plek kon hê om sonder wind, reën of fel son te ontspan.

Die bouer, André Sherriff (hy het intussen afgetree), en DJ was gelukkig 'n gedugte span en op die ou end is net twee uitheemse bome verwyder. Honderde boslelies is aangeplant, wat in Augustus en September 'n oranjegeel blomtapyt vorm.

“Die huis is aanvanklik Palm Court genoem omdat daar soveel palms op die erf is,” sê Willem. “Ons dink nou nog aan 'n Afrikaanse naam, want ons kinders sê Palmhof klink soos 'n afreeroord!”

DJ sê die huis se ontwerp moes die skakel tussen binne en buite maksimaal benut – maar sonder om die goeie vloei te beïnvloed. En dit het hy uiteindelik goed reggekry.

“Die huis sit gemaklik in sy landskap en verskaf visuele verrassings soos jy deur die ruimtes beweeg,” sê hy. En die mooi omraamde uitsigte oor die tuin is vir seker elke keer 'n wenner. >>



Die braaikamer word ook met stapeldeure van die kombuis en eetkamer geskei, maar alles kan oopvou vir een groot, oop ruimte. Die matte is van die egpaar se reise.

Leiklip van Mazista Tiles

AVENTOS HF top- opligtoestel vir kaste



Opligtoestel hou
die kas in enige
posisie oop

Uittrekrak met
sluitemeganisme

AVENTOS HF top – vir styl wat werk

In 'n kombuis is ergonomie net so belangrik soos 'n mooi voorkoms. Dit is immers 'n werkruimte sowel as 'n leefarea.

Skep toeganklike hoeke

AVENTOS HF top lig die dubbelvou-voorkant op en uit die pad sodat dit oop kan bly terwyl die kombuis gebruik word. Dit is ideaal om hoekkaste toeganklik te maak. Klein toestelle soos koffiemasjiene kan in die onderste ruimte gebêre word en maklik bereik word met 'n uittrekrak met 'n sluitmeganisme.

Aangepas volgens behoefte

AVENTOS HF top bied 'n reeks ontwerp-opsies vir hoë en middelmuur-kaste in verskeie hoogtes, breedtes en materiale.

Byna geruisloos

Kasdeure sluit sag en moeiteloos met die geïntegreerde toemaakmeganisme, **BLUMOTION**.

Slim ontwerp

Vir nog meer gerief kan dit gekombineer word met die **SERVO-DRIVE** elektriese

bewegingsondersteuningstelsel vir drukgeactiveerde opening en sluiting – met die druk van 'n knoppie op die kas.

Kyk deur ons katalogus om die volledige reeks **AVENTOS top-**opligtoestelle te sien.

Kontak ons

Sandton: (011) 444 8118

Kaapstad: (021) 555 2282

Durban: (031) 579 2620

Gqeberha: (041) 581 0219

enquiries.bza@blum.com

www.blum.com



Skandeer om af te laai
of besoek ons webwerf:
www.blum.com/catalogue





Die kombuiseiland is ekstra hoog vir “die lang Jouberts”. Esmarié sê sy hou van die Mediterreense deli-styl met oop rakke en ’n groot eiland. “Dis die armmansweergawe van kombuiskaste!” lag sy.

Eiland en rakke deur Sleekline SA



Sentiment en goeie stoffering

Die Jouberts is baie sentimenteel en byna al hulle meubels kom al ’n leeftyd saam met hulle. Omdat Esmarié mal is oor mooi stoffering, spog al hulle ingeleefde gunsteling gereeld met nuwe baadjies. Willem vertel dat meubels uit hulle studentedae die apploustrekkers in byna elke vertrek bly.

Dis sekerlik danksy die feit dat Esmarié glo in meubelstukke van goeie gehalte, “want dit sal jou beloon met jare se diens”, sê sy. Haar ouma se ou skroptafel vir wasgoed, wat meer as 300 jaar oud is, is ’n sprekende voorbeeld hiervan. Dis deesdae die

Jouberts se eetkamertafel en het plek vir tien kuiermense. Esmarié se ma, Minnie Pretorius, vertel die blad is gewone dennehout en die pote mahonie. Dis gewis die Jouberts se kosbaarste besitting, saam met hulle kunswerke.

Teen die mure is die skilderye ’n ware weerspieëling van die paartjie se leeftyd saam; dis óf van vriende óf van kunstenaars van reg oor die wêreld wat hulle op hul reis ontmoet het. Daar is werke van onder meer Argentinië, Mosambiek, Rusland en Thailand. En ook van Esmarié se pa, At Pretorius. >>

Ook hier kyk stapelvensters uit oor die tuin. Dit bring nie net natuurlike lig in nie, maar kan ook oopgeskuif word vir die seebries. Die opwas-kombuis is uit sig agter die rak en sluit 'n waskamer in.



Stoof van Eurogas; kaste deur Sleekline SA

Kabinet van Bonnievale Handelshuis


Esmarié wou nie hê die uitleg en vensters moes net moderne, reguit lyne wees nie en DJ het die ronde vensters voorgestel. Dit dui op 'n see-tema, sonder om te voorspelbaar te wees soos skulpe, skuie of prente van branders.



Die lang venster en trap is deel van 'n nuwe aanbouing om die oorspronklike huis en latere aanbouings naatloos te verbind.



Die bankie in die gang is een van Esmarié se gunsteling-meubelstukke en kom al meer as 25 jaar met haar saam. Bankie van Bonnievale Handelshuis



Die swembad is met leiklip omsom. Daar was jare gelede 'n ouerige oom op Hermanus wat rotspoel-tipe swembaddens gebou het en Esmarié sê dit voel bietjie soos 'n erfstuk uit die geskiedenis van die dorp.



Die huis se ligging naby die see is by die argitektuur ingeweeft, sonder om noodwendig 'n seetema te weerspieël. Hier sinspeel die ronde venstertjie en die houtskuifdeur op 'n luukse seiljag. Spieëls op die ingeboude kaste in die aantrekkamer reflekteer natuurlike lig in die vertrek.

Kaste deur Sleekline SA

Hoe meer siele ...

Die Jouberts is sosiale mense. Hulle kinders, Nina ('n tweedejaar-student aan die Universiteit Stellenbosch) en Niel ('n graad 11-leerder aan die Hoër Jongenskool Paarl), is gereeld by die huis – en die ontwerp en afwerkings pas die hele gesin perfek.

“Daar is min tye wat die huis nie wemel van tieners met branderplanke of grootmense met glase wyn by die swembad of braaiplek nie,” sê Esmarié. “Ons leef waarlik die gesegde uit: ‘Hoe meer siele, hoe meer vreugde!’” Sy voeg spottenderwys by: “Kuiers is oorerflik. My ouers was ook baie sosiale mense en ons sit bloot die tradisie voort ...”



Die badkamer is gestroop van enige fieterjasies of versierings. Die ronde dakvenster laat lig in en die diep bad is die beste plek om ná 'n lang dag te ontspan.

Handdoeke van African Jacquard; teëls en sanitêre ware van Italtile


Ma Minnie woon hoeka by hulle op die ruim erf, in die oorspronklike rondawel wat uit die sestigerjare dateer en waarin die Jouberts eers self 'n jaar lank tuisgegaan het om 'n gevoel te kry van hoe die lig en son in die erf val. Vir Minnie het hulle intussen 'n slaapkamer en badkamer by die rondawel aangebou en sy het haar eie inrit en voordeur; dus is sy heeltemal privaat.

Nuwe planne word steeds gemaak. Soos vir die hoofslaapkamer, wat Esmarié graag na die grondvloer wil skuif met 'n ateljee en groot aantrekkamer, “want trappe klim is nie vir oumense nie!”

En trek? Aikona, dit gaan nie sommer gebeur nie. 🏠

Ek hou van beplan en verander.
As jy'n *volgende keer* kom kuier, lyk dinge heel
waarskynlik baie anders. – Esmarié

Grondvloer



Eerste vloer



Die hoofslaapkamer is op
die boonste vloer en het
'n viniehoutvloer. Die
dekor is eenvoudig en
kalmerend met natuurlike
stowwe in verskillende
teksture vir 'n aardse gevoel.

Die skaapvelletjie was
'n geskenk van 'n vriendin.

Wit bedlinne van Linen
Drawer; bedkassie van
Weylandts; kunswerk bokant
bed deur Michele Rolstone

INGEVOERDE GROOT FORMATE

PORSELEINTEËLS VAN

R390m²

EINDELOSE
ARE




ROYAL WHITE
800x1600mm



CANOVA BEIGE
800x1600mm



DECKWOOD CARAMEL
600x900x20mm



2CM

TERRAZZO BIANCO
600x900x20mm



2CM

REGTE KWALITEIT. REGTE
STYL. REGTE BESPARINGS.
DIS DIE WARE WINSKOPIES.

PLAASLIKE
TEËLS VAN

R219m²

Beskikbaar in die winkel en aanlyn

AFFIRMATIONS ECLIPSE

Eenvoudige spieël 600x600mm

NOU R1 490elk **WAS R1 690**

BLACK ONIX ROBLE

Muurgemonteerde wasbakkeenhed
met wasbak 795x450mm

NOU R9 490elk **WAS R10 490**

LAUFEN FIORA Wit muurgemonteerde

wasbak met kraangat en oorloop 600x480mm

NOU R2 690elk **WAS R2 990**

UITGESOEKTE TIVOLI-KRANE **TOT 15% AF**

VAN R1 249elk

VICTORIA & ALBERT TERRASSA

Vrystaande bad sonder oorloop

NOU R24 590elk

WAS R27 490



LAUFEN



TIVOLI

AMARA CHROME



25
years
guarantee

victoria + albert®
volcanic limestone baths

WARE
WINSKOPIES
REGTE
WAARDE

WARE
WINSKOPIE **OP**
BYKOMSTIGHEDE

TOT 40% AF

MOSAÏEKE

DIE WEELDERIGE VOORKOMS
WAARVAN JY HOU, VIR MINDER.

DOMINUS
BATHROOM ACCESSORIES




Aston

Vlekvrye staal
en swart



GLOBAL  STONE



Ons vertoonlokal is 7 dae per week oop.

Pryse is geldig solank voorraad hou en kan verander. Pryse sluit BTW in.

www.italtile.co.za/realdealsale

ITALTILE

LIVE BEAUTIFULLY

Real deal UITVERKOPING NOU AAN

VULCANO PEARL
290x890mm

TIMELESS GRIS
290x890mm



HERITAGE TRIANGLE GRIS
400x1200mm

STERN RELIEF PERLA
400x1200mm

SPAANSE PORSELEINMUURTEËLS
teen pryse wat nooit weer herhaal sal word nie.

QUEENS LAND WHITE
290x890mm

VAN
R199 m²

Kyk deur hierdie pragtige produkte en soveel meer in **die winkel** of aanlyn. www.italtile.co.za/realdealsale



AURA RELIEF TAUPE
290x890mm

**MEER
REGTE
AANBIEDINGE**
*In die
winkel*

Eksklusief aan

ITALTILE

LIVE BEAUTIFULLY

DELICE RUBIK BLANCO
290x890mm

WIE WOON HIER? John en Cheryl Gaughran

WAAR Sheffield Beach, KZN

GROOTTE 330 m²

“Ons het die patrysvenster op die vooraansig as 'n seevaart-element ingesluit,” sê Cheryl.
“Ons seuns seil graag.”

Op die horison

Die asemrowende uitsig is die fokuspunt in hierdie Noordkus-huis, waar 'n neutrale palet tot die rustige, elegante atmosfeer bydra.

Deur Beatrice Moore-Nöthnagel
Foto's Greg Cox • Produksie Marian van Wyk

In die oopplan-leefvertrek is dit die eenvoud van die kombuis met sy skoon lyne, pragtige Amerikaanse eikehoutkaste en klassieke wit werkvlakke wat mense twee keer laat kyk. Natuurlike lig is volop danksy die smal glaspanele bo die groot vensters. "Die winterson kom deur al hierdie vensters tot in die sitkamer, wat lieflik is," sê Cheryl. "Ek hou daarvan dat die vensterbanke en werkvlakke gelyk is; dit voel asof die kombuis en tuin aaneenloop."





'n Sjarmante ingeboude bank wat oor die see uitkyk, het Cheryl Gaughran aan Griekeland herinner – en nadat sy en haar man, John, drie jaar lank na die perfekte huis gesoek het, het hulle geweet hulle is by die regte adres.

“Dit was altyd ons plan om na 'n strandhuis aan die Noordkus te trek sodra ons drie seuns uit die skool is in Hillcrest, waar ons 20 jaar lank gewoon het,” vertel Cheryl.

“Die soektog na die regte eiendom in die omgewing van Salt Rock en Sheffield Beach het lank geneem, maar dit was die moeite werd om te wag – ons is dol oor die strande en die rustigheid van die buurt.”

Die huis uit die jare sewentig, wat hulle in 2020 gekoop het, het drie slaapkamers en twee badkamers gehad, en die egpaar het uit die staanspoor geweet hulle het meer ruimte nodig. Dit was net nie ruim genoeg vir wanneer hulle (nou) volwasse kinders sou kom kuier nie, en boonop woon een van hulle seuns by hulle. Die Gaughrans wou ook 'n aparte kothuis vir Cheryl se ma hê.

“Ons het drie jaar hier gewoon voor ons die huis opgeknep het. Só kon ons sien wat in die warmer, humiede klimaat hier werk, en kon ons ons aanvanklike idees saam met die senior argitektoniese tegnoloog Lynne Bingham verfyn,” verduidelik Cheryl.

Die oorspronklike huis het 'n solder met dakkamervensers gehad en is omskep in 'n dubbelverdiepingwoning waar die vertrekke beter aaneenvloei, en die natuurlike lig instroom.

“Ons is gek na die groot oopplan-leefvertrek onder en onthaal graag familie en vriende in hierdie gesellige ruimte,” sê Cheryl. “Danksy die gastekombuis, en suite-slaapkamers en balkon op die boonste vlak het gaste nou hulle eie ruimte waar hulle die seeuitsig met 'n beker koffie of skemerkelkie kan geniet.” >>

'n Ronde tafel (*links en oorkant*) wat die egpaar meer as 20 jaar gelede tweedehands gekoop het, skep 'n knus kuierkol langs die sitkamer. “Ons wou 'n ontbythoekie hê, maar wou nie kroegstoele by die eiland hê nie.”



Opknapprojek deur Sycor Construction; eiland en spenskas (*sien oorkant*) deur Greenhaus; ingeboude kaste deur Clippa Systems; Eezi Quartz-werkvlakke van Allstone Solutions; Neolith-eilandwerkvlak van City Granite; handvatsels van Handles Inc.; hanglampe van LightStore; muurlampe van Lighting.co.za

“Ons het die suigwaaier onlangs geïnstalleer, hoewel ons dit reeds tydens die opknapprojek gekoop het,” vertel Cheryl. “Ons wou nie oorhaastig wees met die ontwerp nie. En toe tel ons verlede jaar 'n dwarsleër op die strand op, en dis nommerpas vir die ruimte bo die stoof (*onder*). Ons is so bly ons het gewag!”



Ontblote sederhoutdakbalke wat uit die oorspronklike vloer herwin is, bakken die oopplankombuis in die ruim leefvertrek af.



Die huis het nou 'n ononderbroke seeuitsig vanaf die nuwe boonste verdieping, wat volop oggendson kry.



Boontoe!

Eie aan die jare sewentig was die kombuis, sitkamer en eetkamer aparte vertrekke. Houtpanele was volop in die interieur; daar was ventilasiestene by die ingang en 'n ou stoep in die koloniale styl.

“Ons wou hierdie sewentigerstyl herinterpreteer as 'n strandhuis met 'n Mediterreense kinkel en subtiële elemente van die koloniale argitektuur,” sê Cheryl.

Op grondvlak is die huis nog die oorspronklike grootte. Binnemure is tussen die ou sitkamer, kombuis, eetkamer en derde slaapkamer uitgebreek om 'n ruim oopplanleefvertrek te skep. Die twee oorspronklike badkamers is nou 'n instapkas vir die hoofslaapkamer, 'n en suite-badkamer vir die tweede slaapkamer, en 'n gastetoilet.


“Die motorhuis en pakkamer is gestroop en in 'n splinternuwe motorhuis en kothuis vir my ma omskep,” vertel Cheryl. Op die boonste verdieping is daar nou twee en suite-badkamers, 'n kompakte kombuisie en 'n groot balkon wat in al die behoeftes van hulle gaste voorsien. >>

Danksy hoë plafonne op die grondvlak is die seebries al wat nodig is om die huis in die somer koel te hou.

Hoewel 'n kaggel nie noodsaaklik is aan die Noordkus nie, waardeur die Gaughrans dit as 'n fokuspunt tussen die twee vensters. "Ek is mal oor hoe dit die vertrek anker, karakter skep en die sitgedeelte afbaken," verduidelik Cheryl. "Ons het die twee Morris-stoele meer as 25 jaar gelede in Uitenhage tweedehands gekoop. Die koffietafel was oorspronklik 'n 'doekruilstasie' vir ons seuns; ons het die pote later korter gesaag om dit in 'n koffietafel te omskep."

Kaggelomranding van Vasco Stone;
kandelaar van Melonwoods





Grondverdieping

Boonste verdieping

KENMERKENDE LYNE

Buiten die omvattende strukturele veranderinge is al die deur- en vensterrame met aluminium vervang. Dié roesbestande materiaal was ook 'n oplossing vir die dak. "Aanvanklik wou ons die terracotta-teëls behou; die bouer en argitektoniese konsultant het ons egter aangeraai om dit met naatlose aluminiumdakplate te vervang, wat lekkasies sal voorkom," verduidelik Cheryl.

'n Kenmerkende argitektoniese eienskap van die gemoderniseerde gebou is die boë en boogvensters. "Ek is gek na hoe Mediterreense huise boë met reghoekige vensters en deure kombineer om karakter te skep, en dis presies wat ons hier wou regkry," sê Cheryl. >>



Die hoofbadkamer (*sien ook oorkant*) is 'n rustige en suite-ruimte waar geelkoper-elemente tot 'n luukse gevoel bydra.

Wasbakkas met 'n geborselde geelkoper-raamwerk van Douglas and Douglas; marmereblad van Afrigran; wasbakke van Simply Bathrooms; spieëls van Carly Thella Home & Décor; hanglampe van Lighting.co.za; handehanddoek van Mungo





'n Geweefde hanglamp, goingmat en houttafeltjie bring tekstuur en warmte na die neutrale hoofslaapkamer op grondvlak. Die gehekelde deken is 'n geskenk van meer as 35 jaar gelede.

Hanglamp van Woolworths; mat van Mr Price Home, tafeltjie van Second Chance in Umhlali



Die gastekamer op grondvlak is klassiek; 'n geweefde mandjie en hanglampe skep 'n Afrika-gevoel.

Mat van Cielo; hanglampe van Lighting.co.za; strooikussings van Mr Price Home; deken van Barrydale Hand Weavers



Cheryl bring graag tyd deur in die tuin, waar suurlemoenbome al langs die gruispaadjie na die voordeur 'n groen laning skep. 'n Heining van *Viburnum* en spekboom (*Portulacaria afra*) dra tot die Mediterreense gevoel by. Sterjasmyn (*Trachelospermum jasminoides*) versag die ingang na die kothuis regs.

Een van die twee slaapkamers op die boonste verdieping het 'n en suite in die Mediterreense styl waar 'n klompievloer ekstra tekstuur skep (oorkant, bo links en regs).

Die afwerking

Die Gaughrans het aanvanklik gelamineerde vloere oorweeg, maar gou van plan verander nadat hulle by die Oggie-toonkamer ingeloer het terwyl hulle eintlik gaan ligte koop het.

“Ons het gou ons harte op 'n eike-hardhoutvloer verloor, en die installasie van die ingeboude kaste in die slaapkamers uitgestel sodat ons hierdie houtvloere kon laat installeer,” vertel Cheryl. Die smal eikehoutplanke is gepas vir die era waarin die huis gebou is en komplementeer die Mediterreense styl.

Klompjestene is by die ingang en kothuis gebruik, in een van die boonste verdieping se en suite-badkamers en as bekleding in die kaggel en buitebraaiplek.

Vir die ontwerpdetail was dit vir Cheryl belangrik dat die seeuitsig die fokuspunt bly, en sy het die meubels en dekor so neutraal as moontlik gehou.

“Toe ek in 'n stadium tydens die opknapprojek deur al die keuses en besluite oorweldig was, het ons op die strand gaan stap,” onthou Cheryl. “Toe ons op die sand sit, het ek besef die palet moet die elemente en kleure om ons weerspieël, soos die seesand, diepbruin klippies en swart rotse, asook die taan, grys en afgewitte skakerings van die branders.”

Die meubels is 'n kombinasie van stukke wat oor 35 jaar bymekaargemaak is, tweedehandse kopieë asook nuwigheide. Dit komplementeer die hout-, klip-, rottang- en metaal-elemente. “Ek herinner myself konstant ‘minder is meer’ – die seeuitsig hoef nie met opgaargoed mee te ding nie.” 🏡



Wasbakkas deur
Greenhaus;
wasbak van
Simply Bathrooms;
handdoeke van
Barrydale Hand
Weavers



'n Gastekamer op die boonste vlak het 'n subtiële seetema.
Houtsardyne van Weylandts; strooikussings van Mr Price Home;
deken van Woolworths

Die stoepteëls is deur die terrazzo-teëls van die stoep by die Oyster Box Hotel in Umhlanga Rocks geïnspireer. 'n Versameling rottang-hanglampe baken die eetgedeelte in die ruim buitekuierkol af. Die lang tafel kom uit die Gaughrans se vorige huis.

VERSKAFFERS EN KONTAKTE

Afrigran afrigran.co.za Allstone Solutions allstonesolutions.co.za
Barrydale Hand Weavers barrydaleweavers.co.za Bijou SA bijousa.co.za
Carly Thella Home & Décor instagram.com/carlythella Cielo cielo.co.za
City Granite citygranite.co.za Clippa Systems clippasystems.co.za
Douglas and Douglas douglasanddouglas.co.za Greenhaus greenhaus.co.za
Handles Inc. handlesinc.co.za Lighting.co.za lighting.co.za LightStore lightstore.co.za
Lynne Bingham bingham.lynne@gmail.com Melonwoods melonwoods.co.za
Mr Price Home mrphome.com Mungo mungo.co.za Oggie oggie.co.za
Second Chance instagram.com/secondchanceumhlali
Simply Bathrooms simplybathrooms.co.za
Sycor Construction sycorconstruction.co.za
Vasco Stone vascostone.co.za
Versa-Tile versa-tile.co.za
Weylandts weylandts.co.za
Woolworths woolworths.co.za



Teëls van Versa-Tile;
swart café-stoele van
Bijou SA; bistro-stoele
van Cielo

In 'n klein paradys

Deur Haidee Muller-Isaacs

Foto's Karl Rogers • Produksie Marian van Wyk

WIE WOON HIER?

Antoinette Louw en
haar hondjie, Pippa


WAAR Raithby,
Stellenbosch

GROOTTE 210 m²

'n Aangename verrassing het op 'n natuurliefhebber-aktrise gewag toe sy in haar soeke na 'n nuwe tuiste gelei is na 'n landelike gemeenskap buite Stellenbosch.

Antoinette wou aanvanklik hier 'n wenteltrap hê, maar dit sou sukkel om groter meubelstukke op die boonste vloer te kry. Die smeulstofie is spesifiek gekies oor dit lyk soos 'n Aga-stofie, sê sy.

Eerste vloer



Grondvloer

Ek hou van *gordyne ekstra lank*
en van natuurlike materiale vol tekstuur.

– Antoinette

Die plakpapierontwerp is geïnspireer deur die Britse Arts and Crafts-kunstenaar William Morris se tekstiele en is vir Antoinette simbolies van waar sy haar tans in die lewe bevind. “Dit herinner my aan 'n feniks wat uit die as verrys,” verduidelik sy. Die gordyne is van grofgeweeftde linne.

Plakpapier van Groenjan; gordyne van Masquerade; fluweelbank en leunstoel van Cielo; houtsytafels van Handmade By Me; spieël van Mr Price Home; koperstaanlamp van Glo Lighting

Antoinette wou aanvanklik 'n oop kaggel hê, maar sy het die een in die sitgedeelte uiteindelik laat toebou.

Smeulstofie van Fire Frog; mat van Hertex Haus; houtkandelaar (Turk Chandelier) van UrbanLux; sybokhaardeken van Karoo Farm Box



Sy was ietwat uit die veld geslaan toe sy besef dié versteekte juweel met sy praguitsig op die Helderberg was nog heeltyd reg onder haar neus. Trouens, die aktrise Antoinette Louw het skaars van die dorpie Raithby langs die R44 tussen Somerset-Wes en Stellenbosch se bestaan geweet.

Nog minder sou sy kon raai dat sy eendag hier sou kom neskop. Maar met dié dat sy 'n natuurmens in murg en been is, het die eertydse sendelinggemeenskap met sy handjievol inwoners en ongerepte natuurskoon haar uit die staanspoor sommerso gulhartig nader gewink. Toe wéét Antoinette: Dis net hier waar sy hoort.


“Die plek herinner my aan die plaas. Ek het altyd daarvan gedroom om iewers in 'n woud te woon. Die Raithby-gemeenskap is klein en almal ken mekaar, dis waarvan ek hou. Alles het net so mooi bymekaargekom.” >>

Antoinette wou nog altyd 'n groot houtvoorkeur hê, soos van 'n plaashuis (onder regs). Sy is gaande oor die rou hout en ouwêreldse gevoel. Die plan is om die houtafdak bo-oor die ingang in 'n prieel te omskep wat met klimplante toegegroeï is. “Ek is mal oor bome en groenigheid en die kruipvy (*Ficus pumila*) is reeds geplant. Die stoepie se swart-en-wit teëls skakel in by die ouwêreldse gevoel. Dit bly klassiek.”

Eetkamertafel van Franse eikehout, metaalstoele (*sien links*) en spesiaal gemaakte deur, ook van Franse eikehout (*sien onder*), deur Odds & Ends

Antoinette het die kunstenaar Alma Thomas gevra om iets spesiaals te maak wat haar lewensreis simboliseer en die muurbehangsel is die eindresultaat.

Strooikussing van Mr Price Home





Die emaljeskinkbord met die blompatoen was 'n verjaardaggeskenk; die koperborde is 'n erfstuk. "My oumagrootjie-hulle het met die ossewa van Burgersdorp na Namibië getrek en daardie twee koperborde was op die einste ossewa."



Antoinette wou 'n plaaskombuis hê sonder fieterjasies. "As ek 'n misvloer kon kry, sou ek. Ek gee ook nie om as die sementvloere weldra krake ontwikkel nie, ek hou juis daarvan."

Kombuiskaste van Milestone Kitchens in die kleur Dulux Grey Forest; vloere deur Cemcrete; mat van Monn



Plakpapier deur Groenjan

Vroeë erfporsie

Nadat haar elf jaar lange verhouding 'n paar jaar gelede beëindig is, moes Antoinette nuwe blyplek soek. Huiskoop op haar akteursalaris was helaas buite haar bereik, toe kies sy koers terug na haar ouerhuis op Stellenbosch, waar sy twee jaar lank gewoon het.

En toe kom die verrassing: "Op 'n dag kondig my ouers aan hulle wil vir my my erfporsie gee terwyl hulle nog lewe; ek moet vir my 'n plekkie koop. Ons het rondgery en oral gesoek, maar alles was net te duur."

Maar toe, eendag, eindig hulle in Raithby. "Die erf wat ek uiteindelik gekoop het, is langs 'n dam in 'n klein woonkompleks met net sowat 45 huise."

In 2022 het die bouers weggespring en ná sowat 18 maande het Antoinette in haar splinternuwe nessie ingetrek, slaggereed om haar eie stempel daarop af te druk. Hoewel die buitekant van die huis aan bepaalde bouvereistes moes voldoen, het sy vrye teuels gehad om die binnekant van haar blyplek volgens haar eie smaak in te rig.

"Alles is geïnspireer deur die natuur, die bome en plante rondom my. En omdat 'n aardse gevoel vir my belangrik is, het ek dat die huis my lei. Ek probeer sover moontlik wegbly van plastiek of kunsmatige stowwe en my dekor bestaan hoofsaaklik uit hout en ander natuurlike elemente en teksture." >>

Regdeur die huis – ook in die gastebadkamer ([links](#)) – is skuifdeure van herwonne dennehout. "Dit lyk soos skuurdeure en skep ook daardie plaasgevoel," verduidelik Antoinette. Sy koop graag mandjies waar ook al sy kan en veral by straatverkopers wat dit self maak. Hier kom dit handig te pas vir handdoeke en potplante.

Houtskuifdeur deur Odds & Ends; wasbakkassie van Lighthouse; wasbak van Stonecast; kraan van geborselde koper van TIC Bathrooms; spieël van Mr Price Home

Antoinette koop graag Suid-Afrikaanse kunstenaars se werk. Klokgewys van links bo is kuns van Sarlee van den Berg, Peter van Straten, David Griessel, Chantel Carter, mede-aktrise Milan Murray, 'n afdruk van Charlotte Reihlen se alombekende *De breede en de smalle weg*, en nog werke van Milan Murray en Chantel Carter. "Milan is een van my beste vriendinne; die kunswerke was 'n geskenk vir my veertigste verjaardag. Peter van Straten is die akteur Louw Venter se swaer en die afdruk was 'n geskenk nadat ek en Louw saam aan die fliek *Die laaste tango* gewerk het."

VERFKLEUR

Dulux Black Swan

Die trommel wat as koffietafel ingespan word, kom van 'n vrou van Hermanus. Dit was glo die tas waarmee sy in 1965 universiteit toe is.

‘Nog lank nie klaar gegoogel’

Met die intrek het haar huisraad bestaan uit 'n bed en 'n bank, 'n broodrooster, 'n ketel, ses koppies en ses elk messe en vurke.

Stelselmatig en tydsaam het sy meubels begin aankoop. “Alles wat ek destyds gehad het, het ek verkoop; ek moes letterlik van voor af begin. Dit is vir my 'n heerlike avontuur om goed by tweedehandswinkels uit te snuffel en ek is nog lank nie klaar gegoogel nie. Ek hou van goed wat vir my mooi is en vreugde bring. Dit gaan vir my oor dinge wat esteties is. Ek's 'n sintuiglike mens.”

Hier in Raithby het als sowaar netjies vir dié geliefde aktrise in plek geval. Dis 'n nuwe begin, in 'n huis wat hare is – en onmiskenbaar haar stempel dra. 🏠

Die plakpapier in die hoofslaapkamer is geïnspireer deur Antoinette se groot liefde vir bome en die woud. Die ingeboude kas is gemaak deur die 88-jarige oom Jan Pienaar, 'n vriend van haar pa.

Plakpapier deur Groenjan; bed van Coricraft; beddegoed van Poetry; bedkassie van Lighthouse; mat van Whitehouse

VERSKAFFERS EN KONTAKTE

Cemcrete cemcrete.co.za **Cielo** cielo.co.za
Coricraft coricraft.co.za **Dulux** dulux.co.za
Fire Frog firefrog.co.za
Glo Lighting glolighting.co.za
Handmade By Me instagram.com/handmade_by_me_pongola **Groenjan** groenjan.co.za
Hertex Haus hertexhaus.co.za
Karoo Farm Box karoofarmbox.co.za
Lighthouse lighthouse.co.za
Masquerade masquerade.co.za
Milestone Kitchens milestonekitchens.co.za
Monn monn.co.za
Mr Price Home mrphome.com
Odds & Ends oddsandendsinterior.com
Poetry poetrystores.co.za
Stonecast stonecast.co.za
TIC Bathrooms ticbathrooms.co.za
Trendy Taps trendytaps.co.za
UrbanLux urbanlux.co.za
Whitehouse bedbathhome.co.za



Die stort in die en suite-hoofbadkamer het 'n klassieke vintage voorkoms en is met wit kitkat-teëls geteël.

Kraan en seepbakkie van geborselde koper van Trendy Taps

Die beeldjie op die kassie in haar badkamer kom uit haar ouerhuis en spog nou met 'n ereplek in haar badkamer.

Wasbakassie van Lighthouse; wasbak van Stonecast; kraan van geborselde koper van TIC Bathrooms



Haar studeerkamer is die plek waar sy inspirasie soek en net kan asemskip, sê Antoinette. "Ek is dol oor Malawi-stoele, hierdie een het ek langs die pad by 'n straatverkoper gekoop."

Kaste en rakke van herwonne dennehout deur Odds & Ends; mat van Monn

Die houtlessenaar en -stoel het Antoinette al vandat sy tien jaar oud is en dit trek oral saam. Nou het dit staanplek gekry tussen die twee enkelbeddens in die gastekamer. "Ek wou baie spesifieke oorspronklike ysterkatels hê, maar kon dit nêrens opspoor nie."

Beddens van Cielo; beddegoed van Mr Price Home



Diep in droomland

Gordyne met patrone, handgemaakte oorgooidekens, manjifieke plakpapier en treffende kopstukke is wat hierdie slaapkamers bo die res laat uitstaan!

1 KURKSAG
In hierdie slaapkamer sorg 'n vollengte kurkmuur vir warmte, tekstuur en 'n speelse, tasbare gevoel – en 'n eenvoudige oppervlak word omgetower tot 'n treffende ontwerpelement. As verdere bonus beteken die sagte oppervlak geen kopstuk is nodig nie. Kurkpanele soos dié bestaan gewoonlik uit groot teëls; probeer Amorim Cork of Get Cork vir soortgelyke opsies.

Saamgestel deur Beatrice Moore-Nöthnagel

Foto Warren Heath/Bureaux

2 REG SOOS 'N REIER

Toe sy 'n oorgroot reier kies vir die plakpapier in haar slaapkamer, het dit vir Lindie Senekal van die Paarl gevoel soos 'n dapper stap, maar elke keer as sy die ruimte binnegaan, word sy opnuut getref deur die skoonheid daarvan. Om die plakpapier ekstra oemf te gee is die onderste stuk van die muur kaal gelos met 'n dadoreling wat 'n "raam" vorm vir die plakpapier bo dit. Slim! >>

Blou oorgooideken van Wild Emporium; groen strooikussings van Kikka; meelsak vir bolsterkussing van Koöperasie Stories

Die plakpapier, wat Louisiana Heron genoem word en op 'n vintage skildery gegrond is, vorm deel van Cara Saven Wall Design se Vintage-versameling. Twee vintage kassies – een van oregonden en die ander van eikehout – is in dieselfde kleur geverf om 'n eenvormige voorkoms te verkry en word nou as bedkassies ingespan.



Foto Greg Cox • Produksie Marian van Wyk

Die onderste koffer het aan Lindie se oumagrootjie behoort – sy het dit gebruik toe sy van Engeland af Suid-Afrika toe gereis het. Die blou koffer was 'n geskenk van 'n vriendin wat geëmigreer het. Albei koffers dien as ekstra pakplek.

Daai plakpapier!

Met haar kennersoog het Lauren Hammond van Sloan Design hierdie vier slaapkamers in stylvolle ruimtes propvol karakter omskep.



Foto's Sarah de Pina

3

Palmparadys

Toe Lauren hierdie kamer vir 'n negejarige meisie ontwerp het, was die doel om 'n ruimte te skep wat vroulik en jeugdig voel, maar tog verfynd genoeg is om mettertyd te ontwikkel en verander. Pleks van 'n dominante pienk kleurskema word vuilpienk gebalanseer met 'n ligblou skakering wat in die palmboom-plakpapier te sien is. Dit sorg vir 'n voorkoms wat speels én verhewe voel.

Sunset Boulevard by Thibaut-plakpapier van St Leger & Viney; bed van Griffiths & Griffiths

4

SAAM-SAAM SO

Die kronkelontwerp van die swart-en-wit plakpapier agter 'n Egipties-geïnspireerde gestoffeerde kopstuk gee 'n dinamiese patroon-op-patroon-effek. "’n Gedempte palet hou die drama in toom, en dit lei tot ’n sterk interieur met verskeie lae wat tog ’n kalmerende gevoel het," sê Lauren.

Herriot Way by Anna French-plakpapier van St Leger & Viney; spesiaal gemaakte kopstuk deur Curtain Drops in Pierre Frey Hatchepsout van Mavromac and The Gatehouse; bedkassie van Studio19



5

Sag en vroulik

Die inspirasie vir hierdie slaapkamer was die natuur. Om aan te sluit by die huis se grasdak het Lauren plakpapier met 'n speelse organiese ontwerp gekies. Die spesiaal gemaakte kopstuk se golf-silhoeët versterk die sagte aanslag, terwyl die gestreepte materiaalstof sorg vir 'n subtiële kontras wat alles anker. "Vuilpienk en pistasiegroen skakerings werk lieflik saam. Die plakpapier het die kleurpalet vir die hele ruimte bepaal," sê Lauren.

Chinoiserie Chic by Rebel Walls-plakpapier van St Leger & Viney; kopstuk spesiaal gemaak deur Curtain Drops met gestreepte materiaal deur St Leger & Viney; bedlampie van The Little Haus



6

MOOI GROOT

"Die lekkerste deel daarvan om kamers vir jong meisies te ontwerp is om 'n vroulike ruimte te skep sonder om op die clichés van pienk en blomme staat te maak," sê Lauren. "Ek is ook gek daarna om die kamers as 'n geleentheid te gebruik om kreatief te raak met kopstukke." Hier laat eteriese plakpapier jou voel of jy in 'n woud slaap. Die sagte groen van die bome word herhaal in die kopstukmateriaal, terwyl die fluistering van pienk in die oorgroot omboersel die ontwerp beklemtoon. >>

Forest-plakpapier van Maison Walls; kopstuk gemaak deur Curtain Drops met materiaal van St Leger & Viney; bedlampie van Weylandts; oorgooideken van Frances v.H

Hou mooi kop!

**MET 'N GESTOFFEERDE KOPSTUK
SKEP JY 'N SAGTE FOKUSPUNT.**



Lyla-kopstuk in saliegroen
(koningingrootte) R3 299, Cielo



Aurora-kopstuk
met los oortreksel
(beskikbaar in
twee kleure)
vanaf R9 900,
Hertex Haus



Harlequin-kopstuk (beskikbaar in vier
kleure) vanaf R7 555, The Little Haus



Hennie-kopstuk met fluweelrand
(koningingrootte) R10 999, Poetry



Evelyn-bouclékopstuk
(koningingrootte) R3 200,
Mr Price Home

Altyd aan my sy

**KIES 'N MOOI BEDKASSIE WAT OOK SY
WERK BEHOORLIK SAL KAN DOEN.**

Cape Town-eikehoutlaaikas
(groot) R8 499, Incanda



Arlo-bedkassie met vertikale
latte R999,99, Mr Price Home



Swewende bedkassie
met laai (40-50 cm B)
R1 999-R2 299,
Ode Zen



Sprinkles-bedkassie
(beskikbaar in drie
kleure) R3 149,
Popstrukt

Mason-laaikassie (beskikbaar
in vier soorte hout en nege
kleure) vanaf R15 620,
Pedersen + Lennard >>

ITALTILE

LIVE BEAUTIFULLY

SONATA
VINIELVLOERBEDEKKINGS
182x1240x5mm

MODA-VINILE

ONHERHAALBARE PRYSE. ONOORTREFFLIKE WAARDE.
**HOUTVOORKOMS-VLOERBEDEKKINGS SOOS JY DIT NOG NOOIT
GESIEN HET NIE.**

Ons bied onoortrefflike aanbiedings op ons eksklusiewe, premium, ingevoerde Moda Vinile-vinielvloerbedekkingsreeks. Belê in tydlose styl en verbeter jou ruimte met onoortrefflike waarde. **Voorraad beperk. Moenie misloop nie.**

Bekom jou deel van eenmalige houtvoorkoms-vinielvloerbedekkings vandag. Koop in die winkel of aanlyn.



VOORDELE

Toepassing: Residensiële ontwikkelings, kantore, koffiewinkels, banke & ligte gasvryheid.



Glybe-
stand



Waterbestand



Hittebestand



Krap-
en slytasiebestand



Mors-
en vlekbestand



25 jaar residensiële
waarborg

KENMERKE

- 13 kleuropsies
- Verskeie groottes beskikbaar: 182x1240mm & 182x1240mm & Moda XXL: 228x1524mm
- SPC of steenplastiek-samestelling wat kalksteen en stabiliseerders kombineer om 'n uiters duursame kern te skep

Eksklusief by

ITALTILE

LIVE BEAUTIFULLY



Skandeer die QR-kode om meer uit te vind oor Italtile se eksklusiewe Moda Vinile-reeks
Ons vertoonlokaliteit is 7 dae per week oop.

AANLYN WINKEL 010 271 2272



italtile



italtilesa



italtilesa



italtile



Weskus-weelde

Die ontwerper Tiggs Crozet het die hoofslaapkamer van hierdie vakansiehuis in die Weskus versier sodat dit 'n ontspanne, gerieflike toevlugsoord is. Argitektonies is die huis die vergestaltung van die sjarme wat 'n klassieke kuswegbreekplek bied, met tekstuurryke saksmeermure, blinkgladde sementvloere en 'n rustieke grasdak. 'n Palet van kraakwit met subtile eendeier-skakerings op die vensterrame, hortjies en bedkassies verhef die ruimte moeiteloos, terwyl 'n enkele strooikussing met patrone sorg vir net die regte spatsel lewendige kleur.

“Ek het die huis se gestroopte Kaapse argitektuur gekomplementeer met 'n deurdagte gelaagde mengsel van meubels, kuns en bykomstighede,” verduidelik Tiggs.

WAT JY MOET WEET OOR DUVETS EN LAKENS

Kyk na die draadtelling! Dit verwys na die getal drade, horisontaal én vertikaal, in een vierkante duim materiaal. Vir die meeste mense is 'n telling van 200-400 net reg wat betref sagtheid, hoe dit asemhaal en duursaamheid, terwyl enigiets hoër effens dig kan voel en hitte vasvang, sê die kenners by Miss Lyn. Katoenperkaal is 'n gunsteling vanweë die kraakvars mat afwerking daarvan én dit word met elke was net sagter.

Die nuwe gunsteling: gewaste katoen Omdat dit so sag is en vergeleke met katoenperkaal 'n bekostigbare prys het, het gewaste katoen baie gewild geraak. Dit word gemaak van 100% katoen wat met water en ensieme behandel word en het 'n sagte “ingeleeftde” tekstuur. Buiten dat dit 'n sjarmante, rustieke voorkoms het, is dit ook liggewig, haal asem en verg min onderhoud – en jy hoef dit nie te stryk nie.

Bed van Houtlander;
bedkassie van Studio 19;
muurlamp van Hoi P'loy;
sybokhaarkomers van
Bofred; olieverfskildery
deur Frederike Stokhuyzen

Foto Karl Rogers/Vignette • Stilering Sherri Chippis

8

Kontemporêre lyne

Vensters wat strek van die vloer tot die dak – met pragtige berguitsigte – vorm die perfekte agtergrond vir 'n vrystaande lessenaar. Die tafel pas byna naatloos langs 'n smal ingeboude kas, wat help om die ruimte visueel skoon en sonder tierlantyntjies te hou. Swart rolblindings herhaal die kleur van die aluminiumvensterrame en bied snags privaatheid sonder om die estetika te versteur. Saam met die lessenaar sorg nog houtmeubels met vaartbelynde kontemporêre lyne vir warmte en balanseer die harder elemente soos die ontblote betonplafon en aluminiumvensterrame.

9

MOOI MET DIE HAND

Hierdie ruimte spog met 'n handgemaakte bedsprei as die fokuspunt. In ons toenemend digitale wêreld is ons voortdurend op soek na handgemaakte items waaraan jy kan vat, iets wat jou herinner aan die menslike bydrae – en in 'n slaapkamer bied 'n handgemaakte oorgooideken presies dit. Belê gerus in unieke stukke – dit bring veral vreugde as dit later 'n gesogte erfstuk word. >>

Bedsprei van Nosso; mat van Frances v.H; eikehoutbed en -bankie van Houtlander

10

DIE KOOI IS HOLLANDS!

Pleks van 'n gewone kopstuk, spog hierdie slaapkamer in 'n Klein-Karoo-plaashuis met 'n Kaaps-Hollands-geïnspireerde sementgewel.

Die egpaar Julian en Trevyn McGowan, medestigters van die ontwerpgalery Southern Guild, het met die ontwerp vorendag gekom en 'n plaaslike pleisteraar het dit lewe gegee.

Wil jy dit ook probeer? Met die hulp van 'n ervare pleisteraar of dekoratiewe sement-spesialis is dit 'n fokuspunt wat in enige huis haalbaar is. 'n Ligte raam wat die buitelyne vorm, word teen die muur vasgesit, waarna pleister aangewend word. Die kurwes en rande word met die hand gevorm en dan vir die finale voorkoms glad afgewerk.



Foto Louis Lemaire/fotolemaire.nl • Stiering Wilma Custers • Produksie Insidehomepage

Kry die voorkoms

O, SO DELIKAAT

Verkry kits-elegansie met geborduurde strooikussings.



Natuurlike geborduurde kussing (50 x 50 cm)
R499, Woolworths

Thread Office Nostalgia-blomkussing met borduurwerk (50 x 50 cm)
R899, Yuppiefchef

Kussing met groen blare (72 x 44 cm; 90 x 60 cm) R1 795-R2 550,
Evolution Product

Tou-kussing met olyfmotief (60 x 60 cm)
R899, Coricraft

Kussing met blom- en blaarmotiewe (35 x 60 cm)
R899, @home

11 ONTSPANNE ELEGANSIE

Ons is verlief op elke detail van hierdie gastekamer in die argitek Yvette van Zyl se huis op Mosselbaai. 'n Baksteen-vloer, betonplafon en saksmeermure is heeltemal tuis in dié strandhuis waar niemand gepla is met sanderige voete nie. 'n Patrysvenster is 'n speelse kopknik na die see.

Die houtbed is getooi in lae sagte oker en vuilpienk – 'n pienk skakering wat soortgelyk is aan die een op die deurraam wat na die en suite toe loop. Dit sorg vir 'n warm, verwelkomende kontras met die vertrek se harder oppervlakke. Die mosaïek in die badkamer is ook met sorg gekies en weerspieël die hemelruim en die see. Dit is 'n ruimte waarin ruwe teksture gebalanseer word deur sagte kleure. Lieflik! >>

Maja Maljević-komers van Something Good Studio; vintage bedlampie van Cape City Modern; plakate van The Fourth; mosaïekteëls in badkamer van Douglas Jones



Foto's Karl Rogers • Produkcie Marian van Wyk

Kantha-oorgooideken, strooikussings en gordynmateriaal van India Ink; gordyne gemaak deur Carol's Curtains; kopstuk en ottoman gemaak deur Bespoke Living; seegraskleur tapyt en bedkassie van Nook Interiors; muurgemonteerde bedlampie van The Lamp Workshop; kuns en glasware verkry deur Gordon Radowsky



12

Patroon op patroon

'n Spel met patrone het nog nooit so moeiteloos gelyk nie! Dis nie net meer die dapperes wat motiewe en tecture meng nie, maar enigemand wat 'n stelling wil maak. In slaapkamers steel gordyne met patrone die kalklig, maar die ware betowering vind plaas wanneer hulle 'n kontras vorm met die kopstuk eerder as om daarby te pas. Die geheim is weldeurdagte lae: verskillende motiewe en uiteenlopende materiale wat saamgebind word deur 'n gedeelde palet.

Nêrens is hierdie kunstige balans duideliker te sien as in Hillside House in Vishoek nie. Dis 'n erfenisjuweel wat uit 1919 dateer en herdink is met onberispelike styl danksy die kennershulp van India Ink, Nook Interiors, Carol's Curtains en Bespoke Living. Elke hoekie getuig van noukeurige vakmanskap, van die stoffering tot materiaalkeuses, en die uiteinde is 'n ruimte waar patrone, kleure en tecture lieflik saamgesels. Dis 'n huis wat tegelyk histories en kontemporêr is – 'n meesterklas in gesofistikeerde, speelse ontwerp. >>

KENNERSRAAD



Soek die regte kantha-deken

'n Lieflike handgemaakte kantha oor jou bed is 'n maklike manier om 'n groot impak te maak. Jane Middleton, eienaar van India Ink, deel haar topwenke: 'n Viering van vakmanskap

Kanthas word tradisioneel gemaak van lae vintage katoensari's wat met die hand aan mekaar vasgewerk word met rye lopende steke – en die resultaat is stukke wat liggies verweer en ryk aan geskiedenis is.

Ken die verskil Kantha verwys na die handgewerkte tekstiel. Wanneer dit gestop word, is dit 'n kwilt. 'n Oorgooideken is tradisioneel gewoonlik ligter en word ontwerp vir dekoratiewe drapeerwerk, byvoorbeeld oor 'n leunstoel, aan die voet van 'n bed of selfs as 'n tekstuurryke tafeldoek.

Ekstra borduurwerk verleen diepte Sommige kanthas word verder versier met wolsteke in Suzani-geïnspireerde patrone – iets wat tekstuur, diepte en kleur verleen terwyl die oorspronklike patroon en steke gekomplementeer word.

Kies sorgvuldig Omdat elke kantha met die hand gemaak word, is elkeen waarlik uniek. Wees op die uitkyk vir kleure en patrone wat sal werk in jou interieur en vreugde sal bring in jou ruimte.

Hanteer versigtig Was kanthas met die hand in koue water, en laat dit lugdroog word – sodoende laat jy die kantha se delikate steekwerk en natuurlike sagtheid langer hou. Omdat ons son taamlik fel is, is dit beter om dit in die skaduwee op te hang om droog te word.

KONTAK indiaink.co.za

Kantha-oorgooideken en strooikussings van India Ink; materiaal vir gordyne, blindings en chaise van Nook Interiors; gordyne gemaak deur Carol's Curtains; bedtafeltjie van Poetry of Living; antieke hanglig in komvenster van The Lamp Workshop; glasware verkry deur Gordon Radowsky



Ons hou van die kleur wat deurgetrek word van die mure na die kas - "kleurdeurdrenking" genoem.



Kry die voorkoms

MAAK JOU BED OP ...

'n Treffende bedsprei maak 'n sterk stylstelling.



Bella Vita-Basotho-oorgooideken (140 x 180 cm) R899, Aranda Textiles



Mosterdkleur oorgooideken met blommotief (158 x 125 cm) R1 995, Block & Chisel



Painted Glory-kantha (enkel en dubbel) vanaf R1 250, India Ink



The Double Cloth (beskikbaar in vyf groottes) vanaf R2 125, Mungo



Geruite oorgooideken met tassels (127 x 152 cm) R1 930, Bespoke Home



Kussingsloop
met aalwyn-
borduurwerk deur
The Keiskamma
Art Project

Foto's Greg Cox/Bureaux

Dink uit die boks

'n Boksvormige kopstuk bied nie net 'n aardse element nie; dis ook uitstalruimte vir kunswerke, keramiekstukke of vars blomme. En anders as rakke wat bo 'n bed geplaas word, is hierdie kopstukke volkome veilig – jy gaan nooit jou kop daarteen stamp nie! Plaaslike Suid-Afrikaanse dennehout het 'n gewilde keuse geword in binnehuisontwerp, veral vir slaapkamers, danksy die natuurlike skoonheid daarvan én die feit dat dit goed werk saam met byna enige styl of kleur.

Verskillende lae linne en dekens is noodsaaklik vir 'n gevoel van weelde. Moenie skaam wees om sagte linne met wol te meng nie, en moet ook nie huiwer om kleur by jou ruimte in te bring nie. Vandag is ons omtrent bederf as dit kom by keuses, met 'n groot verskeidenheid plaaslik gemaakte kuiltte, oorgooidekens en geborduurde stukke, plus lieflike ingevoerde linne uit Indië, Portugal en Frankryk.

Kry die voorkoms

KLEIN MOETHÊ-ITEMS

Aandag aan detail kan 'n groot verskil maak.



"Paddastool"-stoeltjie
(43 x 38 cm)
R1 299, Superbalist

Geborduurde lekkerruiksakkie R45,
Roomservice Homeware



Spieël met soliede
houtraam in
natuurlike kleur
R999,99, Jet Home



Glasvaas met
gebosselleerde
blaarpatroon (14 cm H)
R49,99, PEP Home



Inspiration-
tafellamp met
kegelvormige
glaslamps-
kerm
R1 610, K.Light

14

EKLEKTIESE SKOUSPEL

Die blomkunstenaars Chris Willemse en Dané Erwee van Okasie het 'n groen-en-beige gestreepte wolmat uit Marokko present gekry – en hulle was só gaande daaroor dat hulle besluit het om dit as muurkuns in te span in hulle vakansiehuis in St. James, Kaapstad. Die resultaat is 'n treffende dog lieflik gedempte fokuspunt.

Al die meubels in die eklektiese ruimte is tweedehands verkry en, waar nodig, nuwe lewe gegee; die bankie by die bed se voetenent is herstoffeer en die standaardbed het nuwe pote en pilare gekry. 'n Praktiese ingeboude bedtafeltjie werk goed, en 'n houtinsetsel is in die nis aangebring om die bruikbare ruimte te vergroot. >>

Ontblote populierbalke van die egpaar se Johannesburg-plaas buite Stellenbosch is as 'n dekoratiewe element geïnstalleer.



Ek is mal oor die feit dat die slaapkamer knus soos 'n kokon is. – Chris Willemse

Hanglig met vis gemaak deur Magpie Art Collective op Barrydale van afvalstukke wat Chris en Dané bymekaargemaak het

15

Hoera vir hout!

Donker hout en houtpaneel is besig om terug te keer en is in al hoe meer huise te sien wat in *Tuis* gewys word. In hierdie hoofslaapkamer sorg die panele vir 'n kalmerende gevoel, asof jy jou in 'n kokon bevind. Dit strek tot by die deur van die en suite-badkamer en die kopstuk met ingeboude pakplek vorm deel daarvan – die resultaat is 'n naatlose en weelderige voorkoms. Die houtdetail word herhaal in die raam van die boksvenster regs, terwyl geel fluweelgordyne vir 'n tikkie weelderigheid sorg.

Foto Greg Cox/Bureaux



Die ruimte word deur 'n houtvloer geanker, terwyl herfskleure – wat in die en suite-badkamer agter geëggo word – 'n knus atmosfeer skep. Spatsels swart en wit bring 'n kontemporêre element in.

Kunswerk bo bed deur Robyn Penn; badkamerteëls van Kalki Ceramics, kuipstoel van Mezzanine; oorgooideken van Weylandts




16

Foto Greg Cox/Bureaux

Neutrale oase

In Janine Vermeulen se huis is die hoofslaapkamer 'n verfynde uitdrukking van eenvoudige, elegante teksture. 'n Wolhaarmat anker die ruimte en sorg vir warmte en diepte, terwyl botaniese kunswerke wat Janine self gemaak het vir haar blomontwerpbesigheid, Foraged, 'n natuurlike, persoonlike element inbring. Die houtbed met sy fyn ingeboude bedkassies is spesiaal gemaak, en die vrystaande vintage kas gee karakter.

Mat van Weylandts; brons-muurlamp van Hoi P'loy



17

Foto Karl Rogers/Vignette

DONKER DRAMA

'n Diep, stemmingsryke swart skakering laat die hoofslaapkamer in hierdie moderne De Waterkant-huis in Kaapstad knus en intiem voel. Die ontwerper Jan Botha het 'n weldeurdragte balans geskep tussen kontemporêre ontwerp en die historiese karakter van die buurt. Spesiaal gemaakte meubels hou die interieur eenvoudig, terwyl terrazzo-styl vloerteëls en gordyne met patrone die gedempte palet mooi opkikker.

Gordynmateriaal is Mahogany uit die Kingdom-versameling wat intussen gestaak is – 'n samewerking tussen Envy & Co en Hertex

VERSKAFFERS EN KONTAKTE @home bash.com Amorim Cork amorimcork.co.za Aranda Textile Mills aranda.co.za Bespoke Home bespokehome.co.za Bespoke Living bespokeliving.co.za Block & Chisel blockandchisel.co.za Bofred bofred.co.za Cape City Modern capecitymodern.co.za Cara Saven Wall Design carasaven.com Carol's Curtains carolscurtains.co.za Cielo cielo.co.za Coricraft coricraft.co.za Curtain Drops curtailndrops.co.za Douglas Jones douglasjones.co.za Duram duram.co.za Envy & Co instagram.com/envy_and_co Evolution Product evolutionproduct.co.za Frances v.H francesvh.com Foraged foraged.co.za Get Cork getcork.co.za Gordon Radowsky instagram.com/gordonrad Griffiths & Griffiths griffithsandgriffiths.co.za Hertex hertex.co.za Hertex Haus hertexhaus.co.za Hoi P'loy hoiploy.com Houtlander houtlander.co.za Incanda incanda.co.za India Ink indiaink.co.za Jan Botha Design instagram.com/janbothadesign.co.za Kalki Ceramics instagram.com/kalkiceramics Kikka kikka-coffeeorlist.com Koöperasie Stories kooperasiestories.co.za Magpie Art Collective magpieartcollective.net Maison Walls maisonwalls.com Mavromac and The Gatehouse mavromacandthegatehouse.co.za Mezzanine mezzanineinteriors.co.za Miss Lyn misslyn.co.za Mr Price Home mrphome.com Mungo mungo.co.za Nook Interiors nookinteriors.co.za Nosso nosso.co.za Ode Zen odezen.com Okasie okasie.co.za Pedersen + Lennard pedersenlennard.co.za Poetry poetystores.co.za Poetry of Living poetystores.co.za Popstrukt popstrukt.com Sloane Design instagram.com/sloanedesign Something Good Studio somethinggoodstudio.com Southern Guild southernguild.com St Leger & Viney stleger.co.za Studio 19 studio19.co.za The Fourth thefourth.co.za The Keiskamma Art Project instagram.com/keiskammaartproject The Lamp Workshop thelampworkshop.co.za The Little Haus thelittlehaus.co.za Tiggs Crozet Interior Design tiggscrozet.com Weylandts weylandts.co.za Wild Emporium wildemporium.co.za Woolworths woolworths.co.za Yvette van Zyl instagram.com/_yvz/

tuis
home

Gelmar REGRUK MET FLAIR

SKRYF NOU IN!

Sit dit in jou pype om 'n plek mooi reg te ruk? Sal 'n kontantprys met die komplimente van Gelmar help om jou droomhuis 'n werklikheid te maak? Inskrywings vir ons *Regruk met flair*-kompetisie is nou oop.

'n Fantastiese R120 000 is op die spel in ons jaarlikse *Regruk met flair*-kompetisie, en jy kan 'n wenner wees! Gelmar is weer ons vennoot in vanjaar se kompetisie, en opknappers en restoreerders word genooi om met hulle handewerk te spog, ander lesers te inspireer en te mik na die topposisie in elk van ons drie kategorieë.

Gelmar is een van Suid-Afrika se voorste huisverbeterings-winkels met 'n omvattende reeks topgehalte produkte wat bewese funksionaliteit en ontwerp kombineer om praktiese opknop-oplossings te bied. Die beste van alles? Die afwerkings is indrukwekkend en die pryse bekostigbaar. Of jy nou

'n huiseienaar is wat 'n naweek-opknapprojek takel of 'n professionele kontrakteur wat omvattende restaurasiewerk beplan, kies Gelmar. Met meer as 90 jaar se ervaring plus 'n belofte van gehalte en 'n passie om klante te help met die verwesenliking van hulle huisverbeteringsdrome is Gelmar meer as net 'n winkel – dit is 'n vennoot in jou reis na 'n nuwe begin.

En met meer as 3 000 beskikbare produkte, is jou keuse wyd. Danksy 54 winkels reg oor Suid-Afrika (kry jou naaste een by gelmar.co.za/store) is hulp net om die draai. Jy kan ook aanlyn inkopies doen by gelmar.co.za.

Ruk dit reg, met flair ... en Gelmar.

SLUITINGSDATUM

17 Julie 2026

As jy enige vrae oor die kompetisie het, e-pos dit aan sune.esterhuizen@media24.com.

V'S & B'S GELD.

DAAR IS DRIE KATEGORIEË

Stuur jou foto's sodra jy besluit het watter een pas jou projek die beste!

1

O, SO MOOI!

Het jy tien duime en is vrekbang vir hamers en bore, maar jy het 'n lieflike opknapp bestuur en daarvoor betaal? Oorweeg dan hierdie opsie. Jy kom in aanmerking vir die prys, selfs al het 'n kontrakteur 100% van die fisiese werk gedoen.

2


BUITE DIE BOKS

Indien jy jouself beskou as iemand wat vernuwend kan dink, is hierdie kategorie vir jou. Dit kan enigiets van 'n blyplek op wiele tot 'n buitekombuis behels. En maak nie saak of jy self gebou of net die projek bestuur het nie, skryf hier in.

3

SELF GEDOEN

Hierdie kategorie is vir die kranige selfdoener wat 50% van die werk self kafgedraf het. As jy dus nie skrik vir mure uitkap en nuwe teëls lê nie, laat waai! Jy moet 'n koste-ontleding voorlê en wys wat jy met jou eie hande gedoen het.



Skandeer die QR-kode met die kamera-app op jou slimfoon vir 'n vinnige skakel om in te skryf.

SKRYF SÓ IN

- Skryf jou opknapprojek in by projects.24.com/fix-it-with-flair-2026-tuis-home/index.html.
- Inskrywings sluit om middernag op 17 Julie 2026 – geen laat inskrywings word aanvaar nie.
- Net aanlyn inskrywings word aanvaar. Inskrywings per faks, geregistreerde pos, e-pos of enige ander metode sal nie in aanmerking geneem word vir die kompetisie nie.
- Laai die “voor”- en “ná”-foto's van die projek wat jy inskryf. As jy nie jou inskrywing met een slag kan

- voltooi nie, kies die “save-” opsie aan die onderkant van die vorm. Tik jou e-posadres in om 'n skakel te ontvang waar jy jou inskrywing binne 30 dae kan voltooi.
- Foto's moet minstens 72 DPI wees en hoogstens 2 MB.
- In die selfdoenkategorie moet jy 'n begroting indien wat wys minstens 50% van die werk is deur jou gedoen.



DIE PRYSE

R120 000 kontant kan gewen word: Die wenner in elke kategorie ontvang **R30 000**; die naaswenner in elke kategorie ontvang **R10 000**.

Mooier

op elke manier

WIE WOON HIER? Hannes en Inance van der Merwe en hulle dogters, Marcelle (2) en Carmille (3 maande)

WAAR Kroonstad, Vrystaat

GROOTTE 210 m²; binnehof 100 m²

Met noukeurige beplanning en stylvolle ontwerpkeuses het 'n jong paartjie 'n eens verlate plaashuis omskep in 'n warm gesinshuis waar almal dadelik welkom voel.

Teks en stilering Mary Jane Harris

Foto's Christoph Hoffmann

tuis
home **gelmar**
REGRUK
MET FLAIR

WENNER: O, SO MOOI!

KOMBUIS

“Ek het die kombuis ontwerp rondom die twee gras-hanglampe wat ek by Miru Living op Parys raakgeloop het,” sê Inance. “Aanvanklik wou ek donker werkblaaie hê, maar die lae dak het my laat besluit ’n ligter materiaal sal beter werk.

“Ongelukkig was dit te duur om Franse eikehout vir die hele kombuis te gebruik, daarom het ons dit beperk tot een ry kaste met ’n ronde rand en die koffiestasie.” Die res van die kaste is van melamien. “Ek hou van die kontras tussen tradisionele en moderne style, soos die ronde hoeke van die Franse eikehout en die skerp watervalrand van die eiland wat tot op die vloer loop.”

Kaste van Franse eikehout deur Tafel Furniture; melamienkaste deur Montana Interiors; Eezi Quartz Magnolia-werkblaaie op die kaste en Calacatta Fine-watervalwerkblad op die werkeiland van Stone Dynamics; dubbelvoudeure deur JD Alu Touch; gepoleerde betonvloer deur Future Floors



Verhewe beddings, afgerond met olyfbome in potte, skep 'n stylvolle ingang na die plaashuis toe.

“A s ek die styl van die huis moet beskryf, sal ek dit modern Mediterreens noem,” sê die binneontwerper Inance van der Merwe. Inance, wat meganiese ingenieurswese gestudeer het, het haar meestersgraad in Italië voltooi waar die argitektuur en ontwerp – veral in die stad Lucca – ’n groot invloed op haar smaak en styl gehad het.

Wanneer ’n mens die egpaar se huis nader, roep die verweerde mure van die onlangs opgeknapte plaashuis, die pergola en wingerde, die olyfbome in terracottapotte en die sagte saliegroen van die buitendeure ’n prentjie van die Italiaanse platteland op.

Maar dit was nie altyd so nie. Nadat Inance en Hannes getroud is, het hulle ingetrek in ’n piepklein kothuis op die plaas Mizpah, wat deel vorm van ’n familietrust. Hannes beoefen gemengde boerdery en verbou gewasse soos sonneblomme, mielies, sojabone en pekanneut, maar hy hou ook beeste aan.

“Die kothuis het uit net drie vertrekke bestaan. Ons het twee vertrekke oopgebreek om ’n groter leefarea te skep en ’n klein kombuisie ingebou. Maar toe ons ons eerste dogter verwag, het ons besef ons het meer ruimte nodig,” sê Inance.

Net ’n hanetree van die kothuis af het ’n verlate plaashuis gestaan. Vandat hulle ingetrek het, het Inance en Hannes gedroom oor hoe hulle dié ou gebou uit die jare sestig weer nuwe lewe kon gee. “Ontwerp was nog altyd deel van wie ek is,” sê Inance. “Ek het grootgeword in ’n gesin wat skoonheid waardeer en wat daaraan glo om die lewe op elke manier mooi te maak.”

Met dié liefde vir ontwerp het sy aan ’n badkamerkompetisie deelgeneem waarin sy as naaswenner aangewys is. “Met haar prys kon ons ons droombadkamer by die opknapprojek insluit én ’n tweede badkamer en gastetoilet inrig,” vertel Hannes. >>

BINNEHOF

“Ek verwys graag na die binnehof tussen die hoofhuis en die oorspronklike kothuis (*links*), wat nou my ateljeeruimte en ’n Airbnb-huurplek is, as die kweekhuis, of dan oranjerie,” sê Inance. Dit was oorspronklik blootgestel aan die elemente, maar toe ontdek Hannes ’n deel van ’n ou skuur wat in die veld lê en verroes en besluit dit kan aangepas word om die ruimte toe te maak en die huis met die kothuis te verbind. “Só is ’n leefruimte geskep wat teen die elemente beskerm is en wat ons gesin gereeld gebruik.”

LEEFVERTREK

Die egpaar was gaande oor die oorspronklike houtplafon en klipmuur, en was vasbeslote om dit te behou. In die somer kan die voudeure oopgemaak word om dié gedeelte met die tuin te verbind, en in die winter, wanneer die houtstoof brand, word dit 'n warm, knus ruimte. “Ons het reeds van die meubels gehad, maar gelukkig ’n kleiner Chesterfield-bank op Facebook Marketplace raakgeloop om genoeg sitplek te skep,” sê Inance.



Gestreepte kussings van Hertex Haus

Die kunswerk teen die muur tussen die leefarea en kombuis is ’n stuk bedrukte linnemateriaal. Inance het die klein riempiestoel by haar ouma geërf. “Dit het vroeër aan my ma behoort toe sy klein was; nou is dit Marcelle s’n,” sê sy.



Laaikas van Cielo; strooikussings op verste punt van die bank van Mr Price Home

EETKAMER

Die eetgedeelte het beslis ’n Italiaanse gevoel danksy die gepleisterde nis agter die tafel. “Die lang tafel het aan Hannes se grootouers behoort en was perfek vir hierdie ruimte,” sê Inance.

Stoele van Mr Price Home



Nooi die lig binne

“Gelukkig het die huis verskeie goeie ontwerpelemente gehad,” sê Inance. “Die opvallende houtplafon en pragtige klipkaggelmuur wou ons tot elke prys behou.”

Hoewel hulle by die oorspronklike voetspoor van die huis gehou en sommige van die oorspronklike mure behou het, het die egpaar die vloerplan verander om by hulle meer moderne leefstyl te pas. “Ons het net die manier verander waarop die vertrekke gebruik word,” vertel Inance.

“Ek het gedetailleerde 3D- en virtuele werklikheidsmodelle geskep om al die verskillende moontlikhede te verken, die vloei te verfyn en meer lig in te bring.” Inance het sedertdien binneontwerp gestudeer en besit nou haar eie onderneming, LinaLucca Studio.

“Omdat die huis ’n lae plafon het, was een van ons grootste uitdagings om meer natuurlike lig in te bring. Een van ons grootste beleggings was die aluminium-voudeure en groot vensters wat dit moontlik gemaak het,” verduidelik sy. “Hannes spot as die deure in die kombuis en sitkamer oop is, kan hy met sy bakkie somer regdeur die huis ry.”


Die kombuis was vir haar een van die belangrikste ruimtes. “Ek wou die son deur die venster sien opkom en ook die kinders dophou terwyl hulle speel.” Hulle het dit reggekry met groot glas-voudeure wat oopmaak in die ruimte tussen die kothuis en huis. Aan die noordekant is vensters geïnstalleer wat heeltemal oopmaak en uitkyk oor die tuin en landerye.



'n Groot witsinkhout (*Celtis africana*) sorg dat die voorkant van die huis in skaduwee gehul is. Die buitekant is afgewerk met 'n eenvoudige sementafwerking wat mettertyd natuurlik sal verouder.

STUDEERKAMER

'n Gedeelte wat vroeër 'n kroeg was, is na die tuin uitgebou en omskep in 'n studeerarea. Die dak is verleng met deursigtige polikarbonaatplate om natuurlike lig in te laat, terwyl 'n breë sweefblad dien as werkoppervlak. Die stoele kom van Inance se ouers.



Italiaanse invloed

"Baie van die ouer geboue in Italië word met kalk afgewit en het terrazzovloere en boë – dis 'n land wat skoonheid vind in imperfeksie. Dit het 'n groot invloed gehad op die keuses wat ons gemaak het," sê Inance. Om die rustieke afgewitte voorkoms te verkry het hulle die mure en sommige van die plafonne met RhinoLite afgewerk. Al die ou matte is verwyder en vervang met gepoleerde beton wat die gespikkelde voorkoms van terrazzo het.

Die loodgieterswerk en elektrisiteit is oorgedoen. "Ons moes innoverend dink oor die beligting. Daar was baie min ruimte vir bedrading tussen die houtplafonne en die dak; ons het in baie van die kamers spoorbeligting met sigbare drade gebruik sodat ons nie deur die plafonne hoef te boor nie," verduidelik Inance.

Die egpaar het die meeste aspekte van die opknapprojek self bestuur. "Ons het spesialiste gebruik vir die dele waar ons vaardighede beperk was. Ons sou nie die projek kon doen sonder ons regterhand, Albert, nie – hy is 'n baie bekwame bouer, teëllêr en skrynwerker. Clifford het weer elke heining geplant en gesnoei en elke detail in ons tuin versorg."

Die projek het ses maande geduur, en hulle kon uiteindelik twee weke voor Marcelle se geboorte intrek. Die ou kothuis is omskep in 'n oornagplek wat hulle deur Airbnb verhuur asook 'n ateljee vir Inance se reeks linneklere, LinaLucca. >>



Kroegstoele
van Cielo


Tafel van
Die Dot Shop
in Parys

V&A met Inance en Hannes

Wat was die duurste verrassing? Die Franse eikehoutkaste! Ons het ook besluit om meer laaie as kaste te laat installeer omdat dit prakties is en makliker om netjies te hou – goeie laaigeleiers het ook tot die koste bygedra. Die kombinasie van eikehout- en melamienkaste het ons egter gehelp om die begroting te laat klop terwyl ons steeds die voorkoms kon kry wat ons wou hê.

Wat was julle grootste besparing? Die DADOquartz- en Bagnodesign-produkte wat ingesluit was by die prys wat Inance gewen het. Ook om die mure met RhinoLite af te werk. Die grond hier in ons wêreld absorbeer baie water, wat dikwels tot krake lei. Met 'n RhinoLite-afwerking kan krake maklik herstel word sonder om 'n hele muur oor te verf, en elke bietjie herstelwerk dra by tot die karakter van die huis.

Sou julle volgende keer enigiets anders doen? Ons wou eers skuifdeure vir die kombuis hê, maar het toe voudeure gekies om koste te bespaar. Terugskouend dink ons skuifdeure sou beter gewerk het, al was dit duurder. Ons sou ook die betonvloer tot in die binnehof laat loop het.



Inance en Hannes ontspan in die binnehof saam met Carmille en Marcelle (bo). Inance het die lampskerms van gras oor die jare versamel, lank voordat sy 'n plek gehad het om dit op te hang. Die klimop (*Hedera helix*) het vroeër die opening na die binnehof bedek. "Dit het 'n seisoen geneem om dit in die teenoorgestelde rigting op te lei sodat die buitekant van die kombuis versag kan word," sê Inance. "Dit kan nogal warm word hier, daarom het ons fyn missproeiers om die rand geïnstalleer om die ruimte af te koel. Ons wil later die openinge met glaspaneel vul om dit meer soos 'n glashuis te maak." Die interessante baksteenwerk in die binnehof (links) verleen 'n speelse gevoel aan die neutrale kleurpalet.

SÓ HET HULLE GEMAAK...



Hierdie vooraansig van die oorspronklike huis (links op foto) wys die klein vensters wat na die tuin front. Hoewel die struktuur afgeslote gevoel het, wou hulle die lieflike groot bome tot hulle reg laat kom.



Dié struktuur met sy piepklein vensters was oorspronklik die leefvertrek. Hulle het dit in hulle slaapkamer met 'n en suite-badkamer omskep en groot openinge bygevoeg om die tuin te raam.



Toe die mure in die huidige leefvertrek afgebreek is, het die witstinkhout 'n belangrike fokuspunt geword. Hier bou Hannes die raamwerk vir die boogvenster in die en suite-badkamer.



Om die boogvenster vir die en suite te skep is 'n latei geïnstalleer en 'n houtvorm aangebring om die kurwe te bou. Die sagte lyn van die boog het die gevoel van die ruimte heeltemal verander.



Die mure van die oorspronklike kombuis, spens, gang en klein badkamer is gesloop om 'n ruim kombuis te skep met groot vensters wat lig laat instroom en die binnekant met die tuin verbind.



Dié deurgang was vroeër die ingang na 'n slaapkamer. Die opening is toegemaak en die deur na die gang verskuif. Die boog is egter behou as 'n kopknik na die oorspronklike huis en die storie daarvan.



KENNERSRAAD

'n Praktiese keuse vir vloere

“Gepoleerde betonvloere lyk nie net goed nie, maar is ook besonder duursaam,” sê Ryno Pienaar, direkteur van Future Floors. “Omdat dié vloere 'n kontemporêre voorkoms het, maklik is om te onderhou en nie stof en allergene vergaar nie, het dit baie gewild geword in residensiële én kommersiële geboue.”

Wat is gepoleerde betonvloere? Eers word die betonoppervlak met industriële diamantgereedskap geslyp. Die diepte van die slypwerk bepaal hoeveel van die aggreëaat (klipsplinters) blootgestel word wat kleiner of groter “spikkels” skep. Daarna word chemiese verharders aangebring wat die beton verhard en die slytasieweerstand verbeter. Die vloer word verskeie keer gepoleer om die verlangde glans – van satyn tot hoëglans – te verkry voor dit verseël word om dit te beskerm.

Is dit in verskillende kleure te kry? Ja, kleurpigmente kan by die betonmengsel gevoeg word en kleurversterkers, beits of kleurstowwe kan tydens die poleerproses op die oppervlak aangebring word. Die tipe sement, die aggreëaat, diepte van die slypproses en verhardingstoestande het alles 'n invloed op die uiteindelijke voorkoms. Onthou, beton is 'n natuurlike materiaal en daarom kan subtiele variasies in kleur en tekstuur voorkom.

Watter tipe ondervloer word vereis? 'n Stewige betonblad is noodsaaklik. Die vloer moet behoorlik versterk word en nie oormatig beweeg nie. Die oppervlak moet plat en glad wees

aangesien die finale gepoleerde vloer die toestand van die onderliggende beton sal weerspieël.

In watter stadium van die bouproses moet dié vloere geïnstalleer word? Alle groot strukturele en hoë-impakwerk moet voltooi wees om skade aan die vloer te voorkom. Vroeë beplanning is noodsaaklik om te verseker dat die betonblad gegiet en met die poleerwerk in gedagte afgewerk word.

Hoe lank neem dit voor jy hierop kan loop? Beton vereis 'n verhardingstyd van ongeveer 28 dae voor die poleerproses kan begin. Sodra die vloer gepoleer en geseël is, kan dit byna onmiddellik ligte voetverkeer hanteer. Normale gebruik is in orde sodra die seëllaag verhard het – gewoonlik binne 'n paar dae.

Watter onderhoud is nodig? Een van die grootste voordele van dié vloere is dat dit min onderhoud verg en vir dekades goed lyk. Al wat nodig is, is om dit gereeld te vee en met 'n klam mop met 'n pH-neutrale skoonmaakmiddel af te vee – geen waks, seëlmiddels of harde chemikalieë is nodig nie.

KONTAK futurefloorssa.co.za >>

Ek hou van 'n ontspanne, tydlose styl met *natuurlike* *teksture* en eenvoudige lyne – ruimtes wat jou innooi en aanmoedig om langer te bly. – Inance

Oorspronklike plan



Nuwe plan



EN SUITE-BADKAMER

Hierdie vertrek, wat byna identies is aan die badkamerontwerp wat Inance vir die DADOquartz/ Bagnodesign Dream Bathroom-kompetisie ingeskryf het, is ook haar gunstelingruimte in die huis.

Terrazzo-visgraatteëls van Union Tiles; tekstuurteëls agter die wastafel van Lifestyle Ceramics; Victoriaanse bad en spieëls van DADOquartz; ingeboude kaste deur Montana Interiors; wastafelkas deur Tafel Furniture; krane van AliExpress

HOOFSLAAPKAMER

Die egpaar het hoë, smal vensters in die een muur laat bou toe hulle opmerk hoe mooi die sonsondergang sigbaar is nadat die bouers die oorspronklike klein vensters verwyder het. "Omdat die muur wes front, sou een groot venster te veel warm sonlig ingebring het," verduidelik Inance. Die bed is spesiaal gemaak van dieselfde Franse eikehout as die kombuiskaste en is met bêrelaie toegerus.





OPKNAP

"Ons het aanvanklik besluit om die houtplafon in die slaapkamer te behou, maar het besef dit skep nie die rustige atmosfeer wat ons wou hê nie. Daarom het ons dit met RhinoLite afgewerk om by die mure te pas, maar die hoofbalke in die oorspronklike hout behou," verduidelik Inance.



Bed spesiaal gemaak deur Tafel Furniture

'n Groot boogvenster in die en suite-badkamer kyk uit oor 'n formele tuin. Bostonklomp (*Parthenocissus tricuspidata*) sal die muur met verloop van tyd versag. "Dit lyk pragtig in die herfs wanneer die blare rooi verkleur," sê Inance.



Stortkoppe en krane van AliExpress

VERSKAFFERS EN KONTAKTE AliExpress [aliexpress.com](https://www.aliexpress.com) Cielo [cielo.co.za](https://www.cielo.co.za) DADOquartz [dadoquartzbathware.com](https://www.dadoquartzbathware.com) Die Dot Shop 076 581 8170 Eezi Quartz [eeziquartz.co.za](https://www.eeziquartz.co.za) Future Floors [futurefloors.co.za](https://www.futurefloors.co.za) Hertex Haus [hertexhaus.co.za](https://www.hertexhaus.co.za) JD Alu Touch [jdalutouch.com](https://www.jdalutouch.com) Lifestyle Ceramics [lifestyleceramics.co.za](https://www.lifestyleceramics.co.za) LinaLucca Studio [linaluccastudio.co.za](https://www.linaluccastudio.co.za) Miru Living [miruliving.co.za](https://www.miruliving.co.za) Montana Interiors [montana.co.za](https://www.montana.co.za) Mr Price Home [mrphome.com](https://www.mrphome.com) Stone Dynamics [stonedynamics.co.za](https://www.stonedynamics.co.za) Tafel Furniture 062 690 2277 Union Tiles [uniontiles.co.za](https://www.uniontiles.co.za)



Vra die kenners

Saamgestel deur Beatrice Moore-Nöthnagel

Reg vir pienk in al sy speelse skakerings, of op soek na keramiekware wat aan die see herinner? *Vra net – ons kry die antwoorde.*

Stilis se wenke



Tooi jou huis só in pienk

Pienk in die interieur is terug, in van sagte blos skakerings tot helder magentas. Hier is ons kreatiewe redakteur, Marian van Wyk, se gids om dié kleur met flair en selfvertroue te gebruik:

1 Nie net vir slaapkamers nie! Die huidige pienk gier gaan juis daarvoor dat jy uit jou gemaksone kom. Doreen de Waal het behoorlik laat waai en haar gastebadkamer tot op dadorelinghoogte in 'n vuurwarm magenta geverf, en die res van die muur in 'n speelse borrelgompienk (*links*). Jy kan magenta as 'n vrolike verwelkoming in 'n ingangsportaal ook gebruik, of stofpienk saam met elegante metaalkleure in die kombuis, terwyl 'n pienk fokusmuur in 'n studeerkamer jou kreatiwiteit kan prikkel.

Druk jou unieke stempel af! Niemand sal stry dat pienk dinamies is nie, maar jou huis moet darem jou persoonlikheid weerspieël. Wanneer jy elemente soos kuns, erstukke en versamelgoed laag op laag gebruik, hou jy jou dekor interessant en skep jy 'n knus, outentieke ruimte wat 'n goed deurdagte gevoel het.

2 Oopplan? Geen probleem maar ... As jy 'n pienk kombuis of portaal vir jou oopplanleefruimte begeer, moet jy daardie ruimtes as 'n integrale deel van die algehele palet beskou. Die regte skakering van pienk is belangrik vir harmonie tussen die baldadige nuwe vertrek en die ruimte as geheel. Gaan staan teen die verste muur en besin oor al die dekor in die leefvertrek met jou toekomstige pienk kombuis of portaal op die agtergrond. Nina Steyn se pienk kombuis (*regs*) is 'n goeie voorbeeld van 'n ruimte wat nie om aandag skree nie, danksy neutrale leer- en houtmeubels en 'n klassieke parketvloer.



Foto Francois Oberholster • Produksie Marian van Wyk

3 Komplementêre kleure Pienk lyk veral treffend saam met die regte pasmaats. Sagte pienke geniet die geselskap van terracotta, speserykleure en veral sjokoladebruin. Vir iets dramaties wat terselfdertyd gesofistikeerd en speels is, kombineer helder pienke met koel smaraggroen, soos op Stefan Blom en Albie du Toit se stoep (**links**).

Strepe is vuurwarm nuus en nog 'n manier om 'n spatsel pienk in te bring. Vir iets lafs, of 'n prettige retro-styl, kombineer pienk, oranje en rooi. As jy liefies matigheid voor oë wil hou, sal net pienk-en-wit strepe ook die ding doen.



Foto Karl Rogers • Produksie Marian van Wyk



Foto Henrique Wilding • Produksie Marian van Wyk

4 Kies jou skakering Besin oor die atmosfeer wat jy wil skep asook die natuurlike lig. Sagte pienke floreer in volop natuurlike lig, terwyl helder pienk in knus ruimtes met sagte beligting werk. Stof- en salmpienke is nostalgies en nommerpas saam met vintage dekor, soos in Chloe Buckland se binnehof (**bo**). Warm pienke en magentas is dapper, prettig en onapologeties modern, soos in Doreen se gastebadkamer (**oorkant**).

'n Spatsel of deurdrenk? As jy nie gereed is om 'n hele vertrek in pienk te deurdrenk nie (waar die mure, meubels en ander elemente alles dieselfde skakering is), kan 'n spatsel die ruimte ophelder sonder om die sintuie te oorweldig. Dis presies wat Stefan en Albie op hulle stoep gedoen het deur 'n inham warm pienk te verf (**bo links**).

Of bring bloot 'n gestoffeerde stoel met 'n treffende profiel, 'n mat, lamp of dramatiese kunswerk in pienk in. >>

Ontmoet die ontwerper O, so elegant!

Lucie de Moyencourt, die kreatiewe brein agter Shellegance, is bekend vir haar unieke, handgemaakte keramiekskulpe wat ook gereeld op die mure van huise in Tuis te sien is.

“Ek het Shellegance geskep om skulpe na interieurs te bring sonder dat dit kitsch is,” vertel Lucie. “Die naam is deur ’n gespot geïnspireer, maar dis ’n heel akkurate beskrywing van wat ek vir my ateljee in gedagte gehad het.”

Shellegance is in 2018 gebore nadat Lucie op aanbeveling van haar kunstenaarsvriend Michael Chandler ’n pottebakkerklas by die keramiekkunstenaar Wendy Coleman bygewoon het. “Ek het die eerste dekoratiewe borde vir my eie binnehof gemaak. My inspirasie was Matisse se Cut-Out-werke asook ’n leeftyd van skulpe bewonder en optel langs die see,” vertel Lucie.

Vandag pronk Shellegance-skulpe wêreldwyd in menige invloedryke ontwerper en smaakmaker se huis. “Elke keramiekskulpe is uniek; nes skulpe in die see is daar nie twee wat identies is nie! Ons vier variasie, uniekheid en vryheid in ons skeppings.”

V&A MET LUCIE

1 Hoekom is skulpmotiewe en -ontwerpe so gewild?

Skulpe is van nature pragtig! Dit is die natuur se skatte (saam met kristalle). Die gebruik van skulpe as dekoratiewe motiewe is ’n antieke praktyk eerder as ’n trend – en ek word persoonlik deur die wonders van die oseaan geïnspireer.

2 Met watter kleure werk jy die graagste?

Ek is lief vir ’n eenvoudige kobaltblou en kobaltoksied. Dis die tradisionele Chinese of Delft-blou pigment en internasionaal ’n gunsteling. Kobaltoksied is ’n meer intense weergawe wat neig na donkerblou (“navy”), en dis die twee pigmente wat in die meeste van my keramiekwerk voorkom.

3 Wat het jou vadoeke en skryfbehoeftes geïnspireer?

My skulpe is permanent uitverkoop, wat beteken my aanlyn winkel is dikwels leeg – buiten die vyf dae per jaar wanneer ek nuwe voorraad het. Ek het daarom ekstra produkte soos skryfbehoeftes, geskenkpapier en lint bekendgestel, asook kunsafdrukke, vase in samewerking met Anthony Shapiro en nou ook tafeldoeke, vadoeke, servette en handehanddoeke. Ek pak graag iets nuuts aan en ek is gek na mooi linne, wat mens nie maklik in Suid-Afrika kry nie. Gelukkig is African Jacquard my weefvennoot! Ek hoop om my dekorisie selfs verder uit te brei.

4 Watter produk is jou persoonlike gunsteling?

Die vadoek genaamd Cape Town Shell Beach Jacquard is op die oomblik my gunsteling. Dit het ’n motief van ’n mistieke strand waarop Shellegance-skatte lê met Tafelberg op die agtergrond. Dit is ’n wonderlike aandenking.

5 Watter trends kan ons in 2026 verwag?

Ek het nie die vaagste benul nie. Vir my is Shellegance nie ’n trend nie. Ek hoop my skeppings sal nog onder etlike generasies wat kom byval vind. Dis ikonies en tydloos.

KONTAK luciedemoyencourt.com



Foto's Senga van Wyk

Vinnige vrae



V: Wat is die verfkleur op die onderste laaikaste in die kombuis op bl. 88 van die November 2025-uitgawe? – Ursula de Stadler

A: Hierdie kaste is nie geverf nie; die laaie se voorkante is van Melawood in die blou skakering Caraz van PG Bison (pgbison.co.za).



V: Het julle 'n produkkode vir die CTM-teëls op bl. 37 van die November 2025-uitgawe? – Lynette Esterhuizen

A: Die huiseienaar het ongelukkig geen inligting nie en die reeks is gestaak. Vir 'n verskeidenheid patroonteëls in swart en wit, kyk by Italtile (italtile.co.za), Stiles (stiles.co.za) of Union Tiles (uniontiles.co.za).



V: Watter soort plastiekplate is op die afdak gebruik op bl. 25 van die Februarie 2026-uitgawe? – Liezel Stoltz

A: Die struktuur is in werklikheid 'n priël sonder plastiekplate. Dit is ontwerp sodat 'n wingerd daarvoor kan groei vir natuurlike koelte in die somer. Probeer Builders (builders.co.za) vir deurskynende dakplate van verskillende handelsmerke.



V: Wat is die verfkleur aan die buitekant van die Jeromes se strandhuis op Plettenbergbaai op bl. 62 van die Desember 2025 | Januarie 2026-uitgawe? – Chera-Lee van Dyk

A: Die huis is in 'n standaard-wit geverf. Probeer ArmaGuard, Armatex, OneForPlaster of WallTech van Duram (duram.co.za); al vier reekse is in wit te kry. Medal Paints (medalpaints.co.za) het ook buiterekse soos Cover All, Panache Tuff Tex en Roof Acrylic. 🏠



Diere- maniere

Saamgestel deur
Beatrice Moore-Nöthnagel



*Hart
van goud*

Die mooiste pêrel

Tiffany krui uit haar dop. – Kirsty Haddon, Gordonsbaai



Mooi gekamoefleer

"Sjijjt... hulle sal my nooit hier kry nie!"
– Jeanne van Aswegen, Bloemfontein

'n Goue oomblik

Sammy is mal daarvoor om in die son te baai.
– Roselie Bester, Benoni




Ek's pootuit, man!

Simba het nou regtig genoeg gehad van die strykwerk.
– Alma Swart, Paarl

Almal saam ...

Ifa, Anglo, Nunus en Tony voel lus vir bad.
– Henk Schuurman, Pretoria





Hang aan 'n tak

Tiger is 'n bielle en hy's in beheer!
– Chris en Elize Kavanagh, Vereeniging

WEN! Elkeen van die eienaars wie se troeteldiere op dié bladsye verskyn, wen 'n geskenkbewys van R500 van Petshop Science (petshopscience.co.za). Kry al jou troeteldierprodukte onder een dak by Petshop Science waar kundige assistente jou help om die regte keuses te maak.

'n Gerieflike plek om in te slaap is net so belangrik vir jou troeteldiere as vir jou. Dit help hulle 'n dieper nagrus kry wat hulle immuunstelsel en algemene gesondheid ondersteun. En met die winter wat sy tande begin wys, word dit des te meer noodsaaklik om seker te maak jou diere het 'n warm inkuurplekkie.

Dog's Life se Couch Napper XL (R999,99) met sy geometriese patroon is 'n gerieflike uitspanplek vir honde en spog met breë sykante en 'n dik, weelderige kussing – alles gemaak van stowwe wat asemhaal. Die grys Petshop Cube Bed (R549,99) met sy veelsydige ontwerp en sagte, ondersteunende kussing is weer 'n snoesige wegkruipplek vir katte. Met 'n hoë rand en luukse foppels-dons vorm die grys Cuddler Bed (vanaf R399,99) van Dog's Life 'n snoesige plek waar jou beste vriend kan opkruel, en die verwyderbare oortreksel maak skoonmaak maklik. Vind hierdie en vele meer by jou naaste Petshop Science-winkel of by [Sixty60](http://Sixty60.co.za).

Stuur jou foto's (minstens 2 MB elk) na troeteldiere@tuis.co.za en sluit jou kontakbesonderhede in – jy kan ook 'n wenner wees! Kompetisiereëls op bl. 128.



V&A

Hoe gemaak met allergieë?

Nicola Wilson van Johannesburg skryf

Kan troeteldierkos help met 'n alewige gejeuk?



Dr. Guy Fyvie, senior bestuurder: veeartsenykundige sake by Hill's Pet Nutrition, antwoord Ja, die regte kos help om jeukerigheid te verlig wat verband hou met allergieë – wat veroorsaak kan

word deur kos, vlooië en omgewingsfaktore soos stuifmeel of stof. Trouens, allergieë by troeteldiere is veel meer algemeen as wat mense dink.

Vir honde Dit is moeilik om te onderskei tussen kos- en omgewingsallergieë omdat allergiese honde soms deur albei geraak word. Die eerste stap behoort te wees 'n dieet wat sy immuunstelsel en velgesondheid op 'n holistiese manier ondersteun. Hill's Prescription Diet Derm Complete is ontwerp om presies dit te doen.

Buiten dat allergene vermy moet word, kan voeding wat die vel se beskermingslaag versterk die wêreld se verskil maak. 'n Dieet wat ryk is aan omega-3- en omega-6-vetsure, vitamien E en C en antioksidante help om 'n gesonde vel te ondersteun en verminder ook inflammasie. Vir honde wat met kos- of omgewingsallergieë gediagnoseer is, kan Hill's Prescription Diet Derm Complete, Prescription Diet z/d of Science Plan Sensitive Stomach & Skin 'n belangrike deel van 'n bestuursplan vorm wat irritasie verlig en velgesondheid van binne af aanhelp.

Vir katte Katte is geneig om in stilligheid te ly. Pleks van krap, poets hulle vir 'n vale, veral rondom die maag, bene of stert – wat lei tot kaal kolle of geïrriteerde vel. Sommige kry rowe of oorprobleme wat telkens terugkeer, terwyl ander sukkel met braking of 'n sagte stoelgang het.

As jy haarverlies of rooi kolle opmerk, is dit raadsaam om die kat veearts toe te vat sodat hy ondersoek kan word. 'n Gehidroliseerde dieet of een met beperkte bestanddele, soos Hill's Prescription Diet z/d, sal dalk aanbeveel word om die tekens van erge kosreaksies te beperk en 'n gesonde velbeskermingslaag te bevorder.

Vir omgewingsfaktore is Hill's Science Plan Sensitive Stomach & Skin geformuleer met proteïene van hoë gehalte, prebiotiese vesel en noodsaaklike voedingstowwe, en dit sal velgesondheid en spysvertering ondersteun.

Al kan allergieë nie altyd genees word nie, kan dit wel bestuur word. Dieet, gereelde veearts-besoeke, vlooiëbeheer en medisinale sjampoe kan alles help om die simptome te beheer. 🏠

KONTAK hillspet.co.za



Tuin- dagboek

Saamgestel deur Gillian Eva
Foto's verskaf

'n Herfs-skouspel

Wanneer 'n mens aan herfs dink, sien jy dadelik voor jou geestes oog die manjifieke skakerings van bome wat verander van groen na geel, oranje, pers en rooi. Tog is daar soveel meer aan hierdie lieflike seisoen – soos dié 10 skoonhede wat sal sorg vir kleur in jou blom- en randbeddings.

1 Kosmos (*Cosmos bipinnatus*) Hierdie pragtige jaarplante dans in die wind en is te kry met pienk, wit en selfs dieprooi blomme. Hulle groei maklik van saad wat in die lente gesaai is en sal oorleef in arm grond. As hulle eers gevestig is, het hulle min water nodig en geen voeding nie.



2

2 Echinacea 'n Hele reeks lieflike hibriede is beskikbaar in 'n verskeidenheid van kleure, en die blomme op sterk stele is soos 'n magneet vir voëls en insekte. Plant hulle in volson. Los die saadkoppe sodat die voëls en insekte dit in die winter kan geniet.

3 Wildedagga (*Leonotis leonurus*) Die helderoranje of fluweelagtige roomkleurige blomme van hierdie lang, dromerige herfsblomme vorm pragtige klosse op hoë stele. Dit is 'n inheemse struik en verkies grond wat goed dreineer en hope sonskyn. Beskerm die jong plante teen ryp.

4 Kapokboom (*Ceiba speciosa*) Hierdie boom dra volop perspienk blomme wat talle bestuiwers lok. In die herfs val die blare af, wat die blomme dan selfs prominenter maak. Dit is 'n laeonderhoud-boom wat geen ekstra sorg nodig het nie – slegs water en sonlig om gevestig te raak.

5 Camellia sasanqua Dié struik het blinkgroen blare en dra in die herfs en winter welriekende blomme. Hulle hou van ligte skaduwee en suur grond en is taamlik droogtebestand, maar gee hulle genoeg water tot die plant gevestig is. Snoei dit liggies om die vorm te behou en gee dit in die lente suur kunsmis.

5



3



4



6

Seeroogblommetjies (*Hypoestes aristata*) Hierdie kompakte inheemse struik dra van Maart tot Augustus massas pers blomme. Hulle aard goed in halfskaduwee en die blomme sal bestuiwers na jou tuin lok. Plant hulle in ryk grond wat goed dreineer en sorg dat hulle in die somer genoeg water kry. Snoei die plant ná die blomtyd terug.



7

7 Meisie-oë (*Coreopsis grandiflora*) Met hulle tweekleurige blomme sorg dié taai, droogtebestande plante vir 'n vrolike skouspel in sonnige randbeddings. Hulle verkies om effens afgeskeep te word eerder as te veel aandag. Plant dit in volson en snoei die plante terug in die herfs wanneer die blomtyd verby is.



8

8 Kombersblom (*Gaillardia x grandiflora*) Dié meerjarige plante sorg vir blywende kleur in warm skakerings van oranje, rooi en geel. Hulle is maklike groeiers en het nie veel aandag nodig behalwe om dooie blomknoppe uit te breek nie. Plant dit in volson en verdeel die plant om hulle te vermeerder.

9 Sonneblomme (*Helianthus annuus*) Hierdie lang, statige jaarplante is maklik om te kweek en het minstens 6-8 uur sonlig per dag nodig. Kweek dit in die lente van saad sodat jy die blommeprag in die somer en herfs kan geniet. Plant dit agter in blombeddings of teen 'n muur, in grond wat met kompos verryk is en goed dreineer. Lei hulle behoorlik nat in warm, droë tye.

10 Salie (*Salvia*-spp.) Daar is meer as 900 saliespesies met talle perfekte tuinspesies om kleur aan jou herfsrandbeddings te verleen. Dié geharde eenjarige en meerjarige plante is almal droogtebestand en het net ligte voeding nodig.

9

10



Bedek plante wat gevoelig is vir ryp met rypdoek of goiing.

DOENLYS VIR MEI

- Dié tyd van die jaar is 'n goeie tyd om die raamwerk van jou tuin te verander en plante in te sit wat vir vele seisoene sal hou. Dit sluit in bome, struik en meerjariges.

- Dit kan baie bevredigend wees om regdeur die herfs tot in die winter binnenshuis tuin te maak – daar is verskeie potplante wat blom en jou huis sal opkikker. Alpe- en usambaraviooltjies, begonias, orgideë, *Kalanchoe* en anthuriums gee almal lieflike kleur om jou gemoed in die kouer weer op te kikker.

- Moenie herfsblare wat afval, verlore laat gaan nie. Hark dit bymekaar op grasperke en paadjies en voeg dit by die komposhoop. Los die blare wat in beddings beland net daar – dit vorm 'n fantastiese deklaag wat die grond warm hou en die wortels beskerm.

- Een taak wat regdeur die jaar verrig moet word, is om die grond te voed. 'n Gesonde grondbloom vorm die hoeksteen van enige suksesvolle tuin.

- In kouer weer is daar minder peste en plae. Tog kan sommige peste soos plantluise, witvlieg en ruspes in die winter hul eiers in plantafval lê; vra die kenners by jou plaaslike tuinsentrum vir geskikte produkte om hierdie plae te beheer.

- In kouer streke moet jy plante wat gevoelig is vir ryp met rypdoek of goiing beskerm. Skuif potte met delikate plante na 'n kweekhuis of binnenshuis. Wat ook help teen die koue is as jy potte saamgroepeer of dit met borrelplastiek bedek.

- Jy kan minder water gee, maar moenie dat plante te veel uitdroog nie. >>



Kopie verskaf deur Life is a Garden; besoek lifeisagarden.co.za vir meer, of volg hulle op [facebook.com/lifeisagardensa](https://www.facebook.com/lifeisagardensa) en [instagram.com/lifeisagardensa](https://www.instagram.com/lifeisagardensa)



Ertjies



Witwortels



KWEEK JOU EIE!

'n Kostuin in plantbakke

As die sonlig effens min raak in jou wintertuin, oorweeg gerus om kompakte groentesoorte in houters te plant wat jy kan skuif na dele van jou tuin wat die meeste winterson kry. Boonop kan jy potte plaas waar hulle beskut is teen koue winde en ryp. Hangmandjies lyk dalk na 'n onkonvensionele opsie, maar hulle is ideaal vir 'n sonnige, beskutte stoep en is binne bereik as jy moet oes of die plante versorg.

Onthou, al groei wintergroente stadiger, het hulle steeds die regte hoeveelheid water nodig. Die grond moenie uitdroog nie, maar die groente moet terselfdertyd nie té veel water kry wat lei tot koue, deurdrenkte grond nie. Gee vir blaargroente een keer per maand 'n stikstofryke kunsmis óf as tonikum 'n voedingstof met 'n seewierbasis.

PROBEER DIÉ WINTERWENNERS

- **'Tom Thumb'-ertjies** is die beste ertjievareteit vir houters. Dit word hoofsaaklik gekweek om uit te dop, maar ook die peule is soet, sag en heerlik as jy dit jonk oes. Dié vareteit kan ook in klein ruimtes in die tuin ingedruk word en hulle is boonop meer rypbestand as die meeste ander ertjievareteite.
- **'Red Sails'-blaarslaai** is 'n losblaarvareteit met rooi krulblare wat sal floreer in 'n sonnige kol. Beskerm hulle met rypdoek teen ryp en intense koue. Ontkiem saadjies in saadbakkies en plant hulle uit wanneer die saailinge groot genoeg is om te hanteer. 'Red Sails'-blaarslaai is 'n goeie

dekoratiewe pasmaat vir winterjaarplante soos gesiggies, viooltjies, petunias en *Calendula*.

- **'Matchless'-Brusselse spruite** is 'n geharde plant wat stele produseer waarop kompakte spruite met 'n grysgroen kleur gepak staan. Ryp verbeter die smaak.
- **Wortelgroente** soos wortels, witwortels en rape kan in plantbokse gekweek word, maar maak seker die grond is sanderig. Dié groente kan ongehinderd groei en in die grond bly tot benodig. Ronde mini-wortels soos 'Parisian' of 'Little Finger' is perfek vir potte. Maak seker die potgrond dreineer goed. Geen voeding is nodig nie.



'Red Sails'-blaarslaai



Brusselse spruite

TAKE IN DIE KOSTUIN

- Berei beddings voor vir wintersaailinge.
- Gee minstens een keer per week water, afhangend van die temperatuur, reënval en sonskyn.
- Erd die grond op teen die stamme van die koolfamilie om hulle te ondersteun.
- Verskuif wurmplase na 'n beskutte, warm plek.

SAAI DIÉ GROENTE NOU

Somerreënvalegebiede Blaarslaai, boerbone, ertjies (gebiede met minder ryp), raapkool (kohlraabi), radyse, wortels. **Winterreënstreke** Blaarbeet, blaarslaai, boerbone, ertjies, preie, radyse, rape, seldery, spinasie, uie. **Subtropiese streke** Blaarbeet, beet, boontjies (rank- en stoelboontjies), eiervrug, ertjies, komkommer, kool, pampoen (en ander skorsiesoorte), radyse, rape, spanspek, spinasie, tamaties, wortels.

Gaan na kirchhoffs.co.za vir meer inligting of koop aanlyn saad by gropak.co.za.



Spathiphyllum
'Sensation'

MOOI BINNE

Sensasioneel!

Seilbootjies (*Spathiphyllum* 'Sensation') het treffende blare met diep riblyne en kan so groot word soos 'n geraamteplant. Die plante groei tot 'n hoogte van twee meter en sal 'n groot ruimte mooi opkikker, veral wanneer hulle vol in die blom is. Seilbootjies verbeter glo die luggehalte en verwyder gifstowwe uit die lug, wat hulle des te meer begeerlik maak vir die huis. Die plante hou van helder, indirekte lig en klam grond. Hulle is vergewensgesind en herstel vinnig as hulle verlep het en lekker baie water kry. Dien in die lente en somer een of twee keer per maand 'n vloeibare kunsmis toe om welige nuwe blaargroei te bewerkstellig.

KONTAK lvplant.co.za



Petchoa BeautiCal
'Rose Star'

NUUT IN KWEKERYE

So baldadig!

Petchoa BeautiCal 'Rose Star' is 'n kruising tussen 'n *Petunia* en 'n *Calibrachoa*, en spog met groot tweekleurige blomme wat soos petunias lyk, maar met die helder kleure van calibrachoa's. Hierdie sterk hibried kan ryp hanteer en herstel vinnig van nat weer. Die kompakte plante vorm 'n netjiese bos, wat hulle ideaal maak vir tuinbeddings, planthouers en hangmandjies. Hulle vaar die beste in volson of halfskaduwee en verkies suur grond. Dien maandeliks kunsmis toe óf gee dit 'n langwerkende kunsmis wanneer jy dit plant. >>

KONTAK ballstraathof.co.za



GEEN TUIN NIE? GEEN PROBLEEM NIE.

01. Gryp 'n krat. 'n Pot. Wat ook al.
02. Maak vol goeie grond.
03. Saai RAW-saad (nie twyfel nie).
04. Gee water. Ontspan. Kyk hoe goed groei.



[/RawLivingSA](https://www.instagram.com/rawlivingSA)

[rawlivingSA](https://www.facebook.com/rawlivingSA)

rawliving.co.za



VRA VIR LUDWIG

Heerlik geurig

Mary-Anne Moore van Durban-Noord skryf Ek is gaande oor rose en my gesin wil vir my een gee vir Moedersdag. Daar is soveel om van te kies, maar kan

jy dalk 'n paar met sagte pienk blomme aanbeveel wat sal werk in 'n pot en lieflike outydse blomme en 'n sterk geur gee?

Ludwig Taschner antwoord Die ideale rose vir potte is die bosagtige floribunda- of Fairytale-rose wat van Oktober tot Junie onophoudelik blom en behoorlik oor die pot se rande tuimel. Plant dit in 'n pot met 'n deursnee van minstens 30-40 cm en wat diep genoeg is om die wortels te huisves. Gebruik 'n potgrondmengsel spesiaal vir rose (beskikbaar by enige van ons winkels). Geurige rose wat ek kan aanbeveel, is 'Riana Joubert' (sagte perspienk), 'Adele Searll' (appelkoos-pienk) en 'Sylvie-Joy' (amber-appelkoos met 'n pienk skynsel). Al drie is bestand teen swartvleksiëkte, maar net soos enige roos in 'n pot moet hulle in die somer daaglik water kry en een keer per maand 'n rooskunsmsis soos Ludwig's Vigorosa.

KONTAK ludwigroses.co.za



'Sylvie-Joy'



'Adele Searll'



'Riana Joubert'



VRA VIR JJ

Te min spoorelemente

Grant Mitchell van Port Elizabeth skryf Die blare van my naaldeik is nie so groen as wat hulle moet wees nie. Wat veroorsaak dit en wat kan ek doen om my boom

weer blakend gesond te kry?

JJ van Rensburg antwoord Jou naaldeikboom toon definitiewe tekens van 'n tekort aan spoorelemente, spesifiek yster en magnesium. Dié tekort word chlorose (of bleeksiekte) genoem. Sonder daardie spoorelemente kan die plant ook nie stikstof absorbeer nie. Jy kan dit regstel deur elke ses maande vir die wortels ysterchelaat of 'n spoorelement-oplossing te gee. Onthou om dit in die boom se druplyn te laat wegsink deur water toe te dien – die meeste wortels wat kunsmis absorbeer, is hier geleë.

KONTAK gardensbyj.com



Luister na JJ se podsendingreeks, *Tuis Tuine met JJ*, by network24.com! Kry dit onder "Kyk + Luister" – klik op "Klankgolwe"

STIHL**100
YEARS**

DIE STIHL AS-REEKS: EEN BATTERY, EINDELOSE MOONTLIKHEDE!

Die STIHL AS-reeks is 'n volledige hand-batterygereedskapstelsel wat die heel beste in gerief, aanpasbaarheid en prestasie bied. Vergeet van die besommernis van veelvoudige batterye en laaiers; ons AS-gereedskapsreeks deel 'n gemeenskaplike battery wat naatlose krag en draagbaarheid bied in 'n volledige pakket vir elke taak rondom die huis en in die tuin.



HSA 26
BATTERYSTRIUKKNIPPER

Die ergonomiese geoptimaliseerde beheerhandvat en dubbellemstelsel maak maklike, veilige en gemaklike instandhouding van klein heinings, housterige plante en grasperkranke moontlik.



GTA 26
BATTERYTUINSNOEIER

Die minikettingosaag wat deur kettingomruiling sonder gereedskap en 'n ergonomiese glyvrye handvat gekenmerk word, is 'n veilige en maklik-om-te-gebruik oplossing wat ligte werk maak van tuinsnoei sowel as selfdoen-houtprojekte.



ASA 20
BATTERYTUINSNOEIER

Die lemopening met twee wydtes, progressiewe snoeistelsel en geïntegreerde aanboordgereedskap maak die moeiteloze en presiesesnoei van bome, heinings, struik, plante en rankers, en gemaklike snoei van takke van tot 23 mm in deursnee moontlik.



BGA 30
BATTERYBLASER

Met sy ligte en kompakte ontwerp en verstelbare blaaskrag kan jy tussen sy lang blaserbuis en kort mondstuk oorskakel om doeltreffend afval op patio's, tuinmeubels, in motorhuise, en op inrypaie en balkonne op te ruim.



RCA 20
BATTERYDRUKWASSER

Dis lig en uiters draagbaar, en met die 4-in-1-spuitstuk kan patio's, tuinmeubels, vensters, motorfiets, motors en meer moeiteloos en doeltreffend skoongemaak word sonder kragtoevoer of waterkoppings.



HSA 30
BATTERYHEININGKNIPPER

Die ligte, ergonomiese ontwerp, verharde lemme en tweehandbeheer vir maklike en veilige werking maak die knip van heinings kinderspeletjies met sterk en stil snyprestasie.



facebook.com/stihlsa



www.stihl.co.za



instagram.com/stihlsa

STIHL VIR DIE LEWE.
DUITSE INGENIEURSWESE SEDERT 1926.

WINKELS TOE

Phalaenopsis-
orgidee in klein pot
vanaf R249,99,
Woolworths



*Moedersdag
is op 10 Mei!*



Buigbare groen padda-plantstut
R39,99 vir 2, PEP Home



Aluminium-en-
akriel-muurlig
met geboë arm
R930, K.Light

Tuinkopies

Saamgestel deur
Beatrice Moore-Nöthnagel



Tecla-dagbed met kussing
R13 990, Patio Warehouse



Arc & Hue
Shoji- herlaaibare
LUD-lamp R1 199,
Yuppiechef



Houtplantboks
(32 cm D)
R999,99,
Mr Price Home



Rio-polipropileenmat
(180 x 270 cm)
R1 550, India Ink


NUUT OP DIE MARK!

Medal All-In-One Quick Drying Wood Varnish (vanaf R879 vir 5 liter), 'n innoverende vernis met 'n alkiedbasis, is binne net een uur droog genoeg om aan te raak, en binne vier uur gereed vir nog 'n laag. Dit is beskikbaar in ses kleure en is 'n onderlaag en beskermende bolaag in een wat kwaste in die hout toesmeer en klein openinge in die afwerking seël.



VERSKAFFERS India Ink indiaink.co.za K.Light klight.co.za Medal Paints medalpaints.co.za
Mr Price Home mrphome.com Patio Warehouse patiowarehouse.co.za PEP Home pepstores.com
Woolworths woolworths.co.za Yuppiechef yuppiechef.com

Beswaarskrif		Rookafsetel		Deftige dans		Fabel		Akteur se uitrusting		Plat haai		Ook bekend as vinkelblom (6-2-3-3)	
Gegis						Oproerige kUSDorp							
Speelding				Glips		Pol gras						Ongeërg	
Bepaalde lidwoord													
			Rooi groente					Nobelium (simbool)					
			Bees										
Dik word					Bekoorlik	In 'n smootjie			Lykbus		Niespoeier		
Kooi		Femel				Is verplig		Los oorjasse					
								Beskuldig					
			Laat uitloop			Ludolph se getal						Seemag	Materiaal-draadjie
Bestaan	Damp						Ongeldig verklaar						
	Huweliksmaats						Wees						
					Die ... (ek)	Modieus		... en dat				Saterdag (afk.)	
						Hard hui		Radium (simbool)					
Deel van 'n (ou) werksaansoek											Ondervind		Landdros se werkplek
							Flakke				Afleweraar		
							Dankie				Sowel		
Opiumblom		Ou Spaanse munt						Skurk					Talle
								Magneetpunt					
					Halfdosyn	Nie voor nie		Nie die kol tref nie				Dooie liggaam	... wille van
						Parmantig							
							Bismut (simbool)		Geraamte				
					Beslis (5,2,5)	Die Ons Vader opse			... facto	Oomblik			



WEN! Een van vier Tafelberg-boeke ter waarde van R320 elk kan joune wees.

As grootoog seun in die ou Oos-Transvaal het Louis Jansen van Vuuren nooit kon dink dat hy eendag die Franse kunswerke in 'n ensiklopedie in sy pa se studeerkamer met sy eie oë sou sien nie, wat nog te sê 'n château op die Franse platteland besit. Louis se liefde vir alles wat Frans is, is so aansteeklik dat 'n rits ander Suid-Afrikaners die laaste paar jaar ook blyplekke in die Boussac-omgewing gekoop het. In *Biltong en Dior* deel hy kostelike vertellings oor hoe inkomers in 'n vreemde land met 'n haas onleerbare taal en eiesoortige gewoontes moet oorleef. Tog leer die Franse ook iets oor Suid-Afrikaners se onblusbare ondernemingsgees en gasvryheid. Uiteindelik gee hierdie Afrikaanse Fransman se lewe in die vreemde hom ook 'n nuwe waardering vir dit wat hom uniek en trots Suid-Afrikaans maak.

Die eerste vier lesers wie se korrekte blokraai ons trek, wen 'n eksemplaar ter waarde van R320.

Stuur die voltooide blokraai en jou kontakbesonderhede voor 28 Mei 2026 na **Tuis-blokraai #191**, Posbus 1802, Kaapstad 8000, of skandeer jou ingevulde vorm en e-pos dit na kompetisie@tuis.co.za. Sien ons kompetisiereëls op bl. 128.

Naam Adres
 Poskode Sel Tel. (w) E-pos

WIE WOON HIER? Vanessa en André Brink, hulle dogter Emma (23), seun Murray (20) en honde, Bentley en Charlie
WAAR Parktown-Noord, Johannesburg
GROOTTE VAN TUIN 1 600 m²
OUDERDOM VAN HUIDIGE TUIN 24 jaar
GRONDTIPE Sanderig met klei, en nou verryk met kompos

Sprokie vir 'n stadskind

Deur immergroen struik en blomplante vir elke seisoen te kies het Vanessa Brink 'n tuin tot stand gebring wat heeljaar mooi lyk.

Deur Mary Jane Harris • Foto's Christoph Hoffmann

“**I**n ons tuin is daar altyd iets wat jy kan geniet,” sê Vanessa. “In die winter vorm die magnolia pragtige blomme vir ons dogter, Emma, se verjaardag. In die lente skiet papawers en vingerhoedjies vanself op. En in die somer sorg die rose, agapante en prag-van-Indië vir ’n skouspel soos min.”

Hoewel die klassieke lyne en gevestigde beddings die indruk wek dat die tuin nog altyd so gelyk het, is dit in der waarheid die resultaat van haar visie en baie harde werk. “Ek is heeltyd besig om met nuwe plante te eksperimenteer. Ek skuif potte rond, en verdeel en verskuif plante wanneer hulle dit nodig het,” sê Vanessa, wat ’n binnehuisonwerp-onderneming het wat onder meer tuinbokse en funksionele objekte d’art van hout maak.

“Ons wou graag ’n huis in hierdie buurt koop, en al was die eiendom erg verwaarloos, het die huis in die middel gestaan met ’n gelyk grasperk voor dit. Agter was ’n skuinste af tot by die bome op die grens van die erf,” onthou sy.

Die Brinks het eers gefokus op die voortuin: ’n Prioriteit was om die enorme swembad te verwyder wat ’n derde van die plek opgeneem het. “Ons het dit opgevul en vervang met ’n veel kleiner reghoekige swembad,” verduidelik Vanessa.

“Die tuin was oorgroei met reusagtige wilderabarber (*Acanthus mollis*), geraamteplante (*Monstera deliciosa*) en stekelrige jukka. Van struktuur en vorm was daar weinig sprake.

“Ons het besluit om alles uit te spit en het net twee bome gelos: ’n magnolia (*Magnolia x soulangeana*) en ’n prag-van-Indië (*Lagerstroemia speciosa*). Sedertdien het ons inheemse kasuurbome (*Pittosporum viridiflorum*), Australiese jamboes (*Syzygium paniculatum*), populiere (*Populus*) en silwerberke (*Betula pendula*) geplant om meer koelte te maak vir skaduliewende plante en privaatheid van die bure.” >>

Die groot leefgedeelte het dubbeldeure wat oopmaak op hierdie uitsig op die agtertuin. Deur ’n keermuur te bou kon die Brinks daarin slaag om wat eens ’n skuinste was, in twee gelyk dele te verander. Die boonste vlak het gras en sluit blombeddings in (nie sigbaar nie), terwyl die onderste deel wat met gruis bedek is, spesiaal vir vrugte en groente bedoel is.

Vanessa het hout-obeliske van haar onderneming in die beddings geplant waarteen die tamaties, boontjies en pronkertjies kan rank. “Vir die mooi het ek terracottapotjies bo-op gesit – dit is sommer ook sitplek vir voëls.”

Die gruisclip op die grond is prakties omdat hierdie die laagste vlak van die erf is en dit help met dreinerings. “Ons vul die gruisclip elke paar jaar aan om te sorg dat dit altyd mooi lyk,” sê Vanessa.

Oosterse papawers (*Papaver orientale*) saai hulle self die hele tuin vol. “Oorspronklik het ek saadjies by Babylonstoren en by ’n vriend in die KwaZulu-Natalse Middelland gekry. In Oktober is die tuin besaai met massas van dié lieflike blomme,” sê Vanessa.

Die volgende fase

Agt jaar gelede stel Vanessa haar fokus in op die agtertuin. “Dit was bloot ’n skuinste met ’n paar blomme en groente en hier en daar ’n paar trappies,” onthou sy. “Ek het geweet ek wil dit in twee vlakke verdeel.” Jacqui Clucas van Bumble Bee Landscaping & Design het ’n plan geteken met ’n keermuur wat twee terrasse skep. Grond van die onderste deel is gebruik om die boonste vlak te vorm.

“Toe die muur eers gebou is, het die hele agtertuin groter gelyk,” sê Vanessa. Die boonste vlak het gras gekry en sy en haar tuinier, Clayton Khumalo, het bakstene gebruik om beddings te maak vir rose, krismisrose (*Hydrangea macrophylla*), stokrose (*Alcea rosea*), suurlemoenbome en ’n blomkersie (*Prunus ‘Shirofugen’*) in die middel. “Daar’s ’n skaduryke deel waar die gras in die winter nie groei nie, en daarom het ons polei (*Mentha pulegium*) daar geplant. Die vars mentgeur wanneer jy die gras sny, is verruklik,” sê Vanessa.

Die onderste deel is met gruisclip bedek, wat ’n basis vorm vir drie verhewe houtgroentebeddings wat Vanessa en Clayton self gebou het. “Ons het ’n ongelooflike voëllewe hier, en daarom plant ek dubbel soveel groente – ek weet ons moet dit deel!” lag Vanessa.

Sy wissel die groente af met blomme soos vingerhoedjies (*Digitalis purpurea*) en pronkertjies (*Lathyrus odoratus*) plus geurige kruie soos sitroenverbena, tiemie, basilie, vinkel, roosmaryn en pynappelsalie. “Die kruie dien as ’n natuurlike pesbeheer,” voeg sy by. Sy het ook vier suurlemoenbome geplant en al langs die muur agter appelbome volgens die espalier-metode opgelei. Die keermuur word verbloem met ’n heining van oranjejasmyn (*Murraya paniculata*).

“Al het die voor- en agtertuin verskillende style, het ek hulle gebind met die gebruik van heinings, vormsnoeibolle, gietyster-meubels en soortgelyke blomkleure,” verduidelik sy.



Vanessa plant ook jaarplante soos vingerhoedjies in die groentebeddings – om hoogte te skep en dit interessant te laat lyk. “Hulle saai dikwels hulleself en skiet dan in die lente op. ’n Goeie wenk wat ek oor verheve houtbeddings gekry het, is om nie die hele bedding met grond en kompos te vul nie – dis baie duur. Vul dit eers op met karton en dooie takke en gooi dan die grond bo-op,” sê sy.

Hou dinge gesond

Een van die redes waarom die tuin so goed verouder het, is omdat die Brinks belê het in goeie grond en kompos – en hulle het die beddings diep omgespit voordat enigiets geplant is. “Elke September voeg ons kraalmis by wat die nodige voeding verskaf,” sê Vanessa. Hulle is ook bevoorreg om ’n fontein te hê en pomp die water vir die tuin in tenks. “Dis nie drinkbaar nie, maar dit maak ’n groot verskil aan die tuin, veral nou dat ons ’n besproeiingstelsel het.”

Vanessa gebruik geen plaagdoders nie omdat sy verkies om plante te kweek wat bye lok. “Dit sluit in outydse skurfkruid en tuinheliotroop wat ’n soet blomgeur het met ’n sweempie amandel daarby.”

Omdat die huis groot deure en vensters het wat gewoonlik oop staan, voel dit vir haar of sy in die tuin woon, mymer sy. Om hierdie verbintenis te versterk het sy baie van haar gunstelingkleure – ligpers, pienk en groen skakerings – binne én buite gebruik. “Ek het ook die deure in dieselfde sagte groen geverf as die buitemeubels – ’n kleur wat geïnspireer is deur Claude Monet se huis in Giverny.” >>

LOK DIE BYE

Bye help om plante te bestuif – ’n noodsaaklike taak in die tuin. Hier is Vanessa se gunstelingplante om juis dit te verrig:

- Afrika-bloubasilie (*Ocimum kilimandscharicum* x *basilicum* ‘Dark Opal’)
- *Angelonia* AngelFlare ‘Cranberry’
- Bitterbos (*Scabiosa columbaria*)* en ‘Pink Mist’-koringblomme (*Scabiosa*)
- Gewone agapante (*Agapanthus praecox*)*
- Komkommerkruid (*Borago officinalis*)
- Laventelvariëteite (*Lavandula*)
- Rosmaryn (*Rosmarinus officinalis*)
- *Salvia* ‘Mystic Spires’
- Skoenlapperbos (*Buddleja davidii*)
- Tuinheliotroop (*Heliotropium arborescens*)

* Inheems



Oral in die tuin
is verweerde
voëlhuisies wat
vir 'n sjarmante
atmosfeer sorg.



Vingerhoedjie



Vanessa het
hierdie insekhotel
self gemaak – dis
geïnspireer deur
een wat sy by
Babylonstoen
gesien het.

“My ma het vir my die bistro-tafeltjie gegee
wat ek in 'n sagte saliegroen geverf het
sodat dit by die stoele pas,” sê Vanessa.



'Roberto Capucci'



Papawer (*Papaver somniferum*)



Nadat sy verskillende posisies vir haar
clematis probeer het, het Vanessa
vasgestel hulle floreer op hierdie
beskutte sonnige kol langs die huis.



Clematis patens 'Ville de Lyon'



'Garden Queen'



Toe die Brinks drie jaar gelede 'n ateljee bo-op hulle motorhuis bou, het Vanessa hierdie 'Killie Campbell'-bougainvillea geplant. "Die plant is in 'n beskutte sonnige hoekie en het behoorlik laat waai. Dit versag die strak wit muur mooi," sê Vanessa.



Stokroos

'n Passie vir plante

"Noudat die tuin meer gevestig is, kan ek my liefde vir sekere plante verken," sê Vanessa. "Ek het baie tyd bestee aan my rose. My gunsteling is 'Roberto Capucci', 'Abraham Darby', 'Garden Queen', en meer onlangs 'Tuis' en 'Manuela Crabbia' wat manjifieke blomme dra. Ek het hulle in beddings én potte geplant."

'n Besoek aan die skilder Claude Monet se tuin in Giverny, Frankryk, het by haar 'n liefde vir clematis gekweek. "Ek kan hulle net nie weerstaan nie. Ek het hulle in die tuin en in potte geplant, en dit het my omtrent drie jaar geneem voor ek dié delikate plante suksesvol kon kweek. Vandag het ek 'n hele versameling, in 'n verskeidenheid van kleure, waaronder 'Piilu', 'Josephine', 'Ville de Lyon' en 'Etoile Violette'. Hulle is honger plante wat baie water nodig het, maar hulle haat dit ook om té veel water te kry."

Die spitse van die sonliwende stokrose het 'n fokuspunt geword. "Ek is gaande oor dié outydse plante en word die afgelope drie jaar bederf met besonder hoë plante. Ek oes elke jaar die saad en saai dit dan weer vir die volgende seisoen." >>



DIE 'TUIS'-ROOS

Die 'Tuis'-roos – ja, dis genoem na jou gunstelingtydskrif! – is deur die rooskweker Ludwig Taschner ontwikkel. Hulle groei netjies en regop tot meer as twee meter en produseer langsteelblomme in oranje- en rooibasis. Dit is siektebestand en 'n uitstekende snyblom. Die 'Tuis'-roos werk goed as 'n aksentplant op die agtergrond of as 'n skerm teen mure, en maak ook 'n unieke stelling in 'n groep van drie of vyf.

Vanessa Brink



Romantiek én struktuur

Vanessa was nog altyd mal oor tuinmaak. “My ma het my so geïnspireer. Ek het grootgeword in huise met lieflike tuine en het presies geweet wat ek hier wil hê: ’n plaasstyl met struktuur.”

Vir die aanvanklike aanplantings het sy professionele hulp ingeroep en struik soos rose, kamelia (*Camellia japonica*), krismisrose en asaleas ingebring om die tuin se raamwerk te vorm waarteen meerjarige en eenjarige plante soos baardiris (*Iris germanica*), kantelbergklokkies (*Campanula medium*) en pronkridderspore (*Delphinium x elatum*) vir seisoenale kleur sorg.

“Die meeste van die plante verg min onderhoud, en baie van die oorspronklike struik is vandag nog daar,” sê Vanessa.

“Ek hou van ’n formele raamwerk met minder formele aanplantings, en daarom het ons rondom die beddings lae heinings aangeplant, hoewel ek minder streng geword het daaroor. Toe ’n deel van die heining onlangs doodgaan, het ek dit vervang, maar ’n paar eenjariges tussenin geplant om dit te versag.”

Gelukkig was die verhewe bedding teen die grensmuur reeds daar. “Ek dink dit sorg vir diepte en versag die muur. Die struik en meerjariges in dié deel van die tuin is deesdae gevestig, en buiten ’n bietjie snoeiwerk sorg hulle omtrent heeltemal vir hulself,” sê sy.

“Ek hou ook daarvan om sade te versamel, dit te saai en te kyk wat opkom. Ek het sukses behaal met pronkertjies, stokrose en roket (*Eruca sativa*).”

Nadat hulle die massiewe swembad met ’n veel kleiner reghoekige een vervang het, lyk die voortuin heelwat groter. Die verhewe bedding teen die grensmuur was daar toe hulle ingetrek het; noudat daar plante in is, sorg dit vir interessante lae. Struktuur word verskaf deur die talle vormsnoeistruik en lae heinings rondom die beddings.

A photograph of a well-maintained garden. In the foreground, a swimming pool with a stone border is visible on the left. To the right of the pool, two small bronze rabbit figurines sit on the grass. A large, ornate stone urn containing a yellow-flowered bush stands next to them. The background is filled with dense greenery, including tall trees and manicured hedges. A small birdhouse is visible on a post in the middle ground.

Die kasuurbome wat die Brinks 24 jaar gelede geplant het, het lieflik gegroei en gooi nou welkome skaduwee oor die boonste vlak van die tuin. Hier is 'n bankie wat sitplek bied sodat hulle die uitsig kan bewonder. Vir afwisseling en as fokuspunte is daar plante soos gewone buksbome (*Buxus sempervirens*), southbos (*Rhagodia hastata*) en Australiese jamboes wat in vorms gesnoei is – van hulle is in potte geplaas. “Omdat hulle immer-groen is, anker dit die tuin en sorg heeljaar vir struktuur. Ek hou daarvan om hulle te kontrasteer met speelse plante soos salies (*Salvia*-spp.) en engelvlerkies (*Oenothera lindheimeri*), sowel as rankplante soos vioolkruid (*Erigeron karvinskianus*),” verduidelik Vanessa. >>


Dit is so *vreedsaam* hier. Al is ons naby die hoofinkopiesentrums, hoor jy hier net die klank van *die voëls*. – Vanessa




'Heatherby'-roos



Weerskante van die trappe wat na die sitbankie op die boonste vlak loop, is beddings vol pienk salie met ligpers koringblomme (*Scabiosa africana*) bo.



Wildewortel (*Daucus carota* 'Dara') het ongewone pienkbruin kantagtige blomme (*regs*). "Dié plante saai hulle self so verwoed dat dit byna soos 'n onkruid is," sê Vanessa. 🏡



Die Grootste Verskeidenheid Patiomeubels en Bykomstighede in Afrika

LUUKSE BUITE-LEEFSTYL

Besoek een van ons skouspelagtige winkels vir al jou patio-behoefte — oop 7 dae per week, met landwyse aflewering tot by jou deur.

Verken ons
Palermo-reeks

Patio
WAREHOUSE
www.patiowarehouse.co.za



 WHATSAPP ONS

Pretoria - 012 749 3120 | Centurion - 012 657 9400 | Randburg - 011 801 0820 | Kaapstad - 021 526 7240
Somerset-Wes - 021 840 4160 | Umhlanga - 031 566 8550 | George - 044 010 0102

'n Tuin wat altyd blom


Helena de Kock se George-tuin praat in elke
seisoen van die jaar kleurvolle stories – en geur
boonop die lug en voed die siel.

Deur Marliza van den Berg • Foto's Riaan Lourens


WIE WOON HIER? Neil en Helena de Kock
WAAR Fancourt-gholflandgoed, George
GROOTTE VAN TUIN 400 m²
OUDERDOM VAN HUIDIGE TUIN 5 jaar
GRONDTIPE Sand- en leemgrond



Die netjies gesnoeide heinings van *Duranta erecta* 'Sheena's Gold' loop soos 'n goue draad deur die tuin en word in die agtertuin herhaal. Die sirkelvormige heining is soutbos (*Rhagodia hastata*).



Die 'Blossom Magic'-rose wat in blomtyd oor die voorste tuinmuur tuimel, is die voorspel tot die lushof wat agter die muur wag.



Hierdie bedding met sy rand van *Echeveria* en *Duranta* is gevul met irisse, verskillende *Petunia*-hibriede wat in groeiperings volgens kleur geplant is en magrietjies (*Argyranthemum frutescens*-hibriede).

'n Bedding sagpienk rose voor 'n wit tuinmuur en helderpienk 'Blossom Magic'-rose wat sierlik oor 'n boog bo-oor 'n houthek rank, is die eerste tekens van 'n tuin op die Fancourt-gholflandgoed buite George waarin jy jouself kan verloor.

Van die magnoliabome wat by die ingang tussen die rondgesnoeide soutbosse groei, verby 'n spuitfontein wat saggies oor 'n kleurvolle mosaïekmuur stroom, kronkel die tuinpaadjie deur 'n lushof wat om elke hoek besoekers verras met kleur en verskeidenheid. Hier floreer verskeie roosbome en eenjariges, baardirisse (*Iris germanica*), inkalelies, boslelies en krismisrose.

Dwarsdeur die jaar blom die tuin op die maat van die jaargetye; die geur van katjepiering, Chinese jasmyn (*Jasminum polyanthum*) en magnolia vertel die storie van die seisoen.

Die tuin is 'n getuigskrif van die kranige tuinier, Helena de Kock, se liefde vir blomme. Dit spruit uit haar grootwordjare op 'n plaas tussen Kroonstad en Edenville in die Vrystaat. Haar ma, Judith Cronjé, het 'n plaastuin vol loof gehad en 'n bloemiste-winkel op Allanridge naby Welkom bedryf.

Helena onthou hoe sy as vyfjarige elke Dinsdag saam met haar ma stasie toe gery het om vars blomme vir die week te gaan haal. "Elke soort is uitgepak en versorg. Party se stingels is gekap en ander is in kook- of yswater geplaas."

Benewens die plaastuin het ma Judith ook by hulle dorps huis op Kroonstad 'n blomtuin geskep. "Dis waar my liefde vir tuinmaak vandaan kom. Deesdae, as ons by die huis kom ná ons weg was, stap ek eers deur die hele tuin voor ek by die huis ingaan. Ek's op my gelukkigste as ek kaalvoet deur my tuin kan stap." >>

GUNSTELINGE

Buiten rose wat sag oopvou en lekker ruik, is Helena versot op petunias. "In ons heel eerste tuin op Barkly-Wes het ek die mooiste beddings gehad. Dit gee kleur en lewe aan 'n tuin."


Irise is nog 'n gunstelingblom. "Op die eerste plaas waar Neil geboer het, het ek verskillende soorte geplant. Dit lewer 'n mooi vertoning laatlede en is ideaal om groot kolle kleur in die tuin te verskaf. Ná blomtyd is die plant se blare steeds mooi." Ander gunsteling is krismisrose en inkalelies.



Miniatuur-
'Crystal Fairy'-roos



Petunia




Inkalelie

ALLES-IN-EEN SNELDROGENDE HOUTVERNIS

SNELDROGEND

TWEEDE LAAG BINNE 4 UUR

Werk kan vinnig voltooi word sonder om kwaliteit te belemmer.



DUBBEL-TEGNOLOGIE

VERNIS EN HOUTVERSEËLAAR IN EEN PRODUK

Verseël en beskerm in een stap.



BO-LAAG
HOUTKNOOPSEËLAAR
SKUURSEËLAAR
HOUT PRESERVEERDER

BINNE

BUTE

ALLES-IN-EEN BESKERMING

WATER-, VLEK-, SKUUR- EN
UV-BESTAND




VEELDOELIG

HOUTDEKKE, VLOERE, MEUBELS




MEDAL
THE GOOD PAINT

MEDALPAINTS.CO.ZA



'Jaypark'-baardiris

Die sirkelvormige heinings om die roosbeddings is van soutbos en daar is ook een van mirt (*Myrtus communis*). Albei is gehard en perfek vir 'n heining. Die sirkels sluit mooi aan by die heinings en vorm 'n eenheid wat deur die hele tuin loop.



Halwe wynvate vol loof en eenjarige staan oral om die huis. In dié pot blom pers petunias saam met bontblaarklimop.



'n Tweede begin

Die De Kocks het lank in Kimberley gebly, waar Helena 'n gastehuis bedryf het. In 2016 het hulle die huis op die Fancourt-gholflandgoed buite George gekoop en hulle op die Tuinroete gevestig.

Helena het twee keer tuin gemaak. Net nadat hulle ingetrek het, is die bestaande tuin skoongemaak en bome is in die voortuin geplant om koelte te skep. Nege luiperdbome is voor die huis aangeplant, drie koorsbome in die noordoostelike hoek en 'n paar magnolias, 'n treurwilg en rondeblaarbloekom op ander plekke in die tuin.


Die treurwilg het te groot geword en is verwyder. Die rondeblaarbloekom is na die gholfbaan se kant van die tuin geskuif – waar dit nou baie doeltreffend gholfballe afkeer.

In 2019 is groot veranderinge aan die huis aangebring en ná die bouery moes Helena heeltemal van voor af tuinmaak. Heinings is aangeplant en tuinpaadjies gelê. 'n Besoek aan die tuine van The Newt in Somerset, Engeland, het Helena ook geïnspireer om sirkelvormige heinings om die roosbeddings te plant.


Sy wou groepeerings van kleur skep met soutbos en mirt rondom 'n verskeidenheid van haar gunsteling- pienk, rooi en 'Roberto Capucci'-rose. "Dis rose wat groot en sag oopvou en vir jou sê ek is hier. Rose is my gunstelingblom. Ek hou van hulle brose eerlikheid. Hulle wys as hulle ongelukkig is en bederf jou met 'n blommeprag wanneer hulle gesond en tevrede is."

Om hoogte regdeur die tuin te skep is hoogstamboompies van *Duranta erecta* 'Sheena's Gold' en verskillende roosboomspecies saam met magnolias, asaleas, laventel en kamelias geplant. >>

By die ingang ([links](#)) op pad na die voordeur stap jy verby die waterfokuspunt met sy kleurrike mosaïekmuur, die handewerk van Petricia Pieterse van Sedgfield. Engelse klimop (*Hedera helix*) rank teen die wit muur en omraam die mosaïekkunstwerk.



Agapanthus praecox 'Mini White'



'n Japanse esdoring
(*Acer palmatum*)
verras met 'n spatsel
donkerrooi kleur in die
hoek van die tuin.



Boerejasmyn
(*Philadelphus coronarius*)



Die wit baardiris is een van Helena se
gunsteling. "Dit vestig vinnig en blom
lank." Sy koop haar irisse by Mooiplaas
in Centurion wat hierin spesialiseer.



Vingerhoedjie



Coleus (*Coleus scutellarioides*)



Petunias en magrietjies



'Artista Panarosa'-roos



Salie (*Salvia farinacea*)



Aanvanklik het twee groot boomaalwyne (*Aloidendron barberae*) weerskante van die tuinhokkie gestaan. Tydens 'n storm is dit so beskadig dat Helena dit met die staalsirkel vervang het waaroor die helderpienk 'Blossom Magic'-rose rank.



'Deloitte & Touche'-roos

Heeljaar se bederf

Helena glo 'n mens moet betrokke wees by jou tuin. "Só sien jy wat jou plante nodig het en watter voeding wanneer gegee moet word. Dis waar die sukses lê van 'n versorgde tuin wat jou heeljaar bederf. Gesonde plante lyk en vertoon goed."

Plante wat sukkel haal sy uit en versorg hulle op die beskutte sistoop van die huis. Sy noem dit haar planthospitaal en afgesien van siek plante, word jong saailinge en steggies ook hier versorg. Bolle van plante wat klaar geblom het, soos amarillis (*Hippeastrum*), word uitgehaal en hier gehou om later terug te plant, gereed vir blomtyd.

Helena hou veral daarvan om die bedding by die voordeur aan te pas by die seisoen. "Die bedding se grootte maak gereelde afwisseling moontlik sonder dat mens die tuin se struktuur verander. Dit kry ook genoeg son en koelte sodat 'n wye verskeidenheid plante hier kan aard."

In die somer blom krismisrose en pronkriderspore in die bedding by die voordeur. Op ander tye gee boslelies en inkalelies kleur. Saailinge soos Yslandse papawers, viooltjies, feetjieprimulas, vlytige liesbet en vingerhoedjies word, afhangend van die seisoen, saam met bolplante soos iris en kammetjies (*Freesia*-hibriede) gegroep vir spatsels kleur.

Langs en agter die huis is appelkooskleurige 'Deloitte & Touche'-rose op verskeie vlakke geplant, wat in blomtyd vir 'n kleurvertoning in die res van die tuin sorg. In die kombuistuin is roosmaryn- en laventelheininge rondom geboude sementbokse vol kruieplante geplant. Helena pluk graag bosse vars kruie wat sy mildelik gebruik terwyl sy haar passie vir kosmaak in haar kombuis uitleef.

Haar tuin is waarlik 'n lushof waarin 'n mens vir ure kan droom en dwaal. Die tuinpaadjies kronkel langs die heininge en beddings en oral is daar iets anders wat jou oog tref, die lug geur en jou siel voed.

Die klipwerk aan die sy- en agtergrens van die tuin is 'n oorblyfsel van die oorspronklike tuinuitleg en 'n gunsteling-paadjie waarlangs Benji die Bengaalse kat die tuin verken. 'n Massa 'Deloitte & Touche'-rose asook hoogstamrose vir hoogte is hier geplant wat in blomtyd vir 'n kleurvertoning sorg. Helena snoei eiehandig die meer as 100 roosbome in haar tuin.



PLANTLYS

BOME

- Koorsboom
(*Vachellia xanthophloea*)
- Luiperdboom
(*Libidibia ferrea*)
- *Magnolia grandiflora*
'Little Gem'
- Rondeblaarbloekom
(*Eucalyptus cinerea*)
- Treurwilg (*Salix babylonica*)

STRUIKE

- Asalea
(*Rhododendron*)
- Kamelia
(*Camellia japonica*)
- Katjeepering
(*Gardenia thunbergia*)
- Krismisroos
(*Hydrangea macrophylla*)

MEERJARIGES
EN EENJARIGES

- Boslelie (*Clivia miniata*)
- Feetjieprimula
(*Primula malacoides*)
- Inkalelie (*Alstroemeria aurea*)
- Laventel (*Lavandula x intermedia* 'Margaret Roberts')
- Pronkridderspoor
(*Delphinium x elatum*)
- Roosmaryn
(*Rosmarinus officinalis* 'Tuscan Blue')
- Vingerhoedjie
(*Digitalis purpurea*)
- Viooltjie (*Viola cornuta*)
- Vlytige liesbet
(*Impatiens walleriana*)
- Yslandse papawers
(*Papaver nudicaule*)

Ek hou van rose se geur
en hulle broosheid. – Helena

Liesl van Zyl van Little Earthquakes Landscaping op George het gehelp om die sirkels vir die roosbome aan die sykant van die huis te skep. In die een bedding is 'n mengsel van Helena se gunsteling- pienk rose geplant: 'Garden Queen', 'Garden Princess' en 'Perfume Passion'. In die bedding met rooi rose is 'Papa Meilland', 'Alec's Red' en 'Avon' geplant. Helena maak graag roomys van die 'Papa Meilland'-roosblare.

HELENA SE WENKE

- **Ken jou tuin.** Grondgehalte, water en die oriëntasie van die tuin is belangrik. "Jy moet weet waar die son in die winter skyn, hoe lank dit op 'n plek skyn en waar skadukolle is." Helena skryf alles in haar tuinboek neer. Hier plak sy etikette en skryf name van wat wanneer geplant is asook die voeding wat toegedien is. "Die plante ken jy later soos jou eie kinders. As jy betrokke genoeg is, 'lees' jy elke plant se toestand. Dis waar die sukses van 'n permanent goedversorgde tuin lê."
- **Plant saailinge** in groot plastiekpotte en versorg dit totdat dit in volle blom is; plant dit dan waar kleur kort of iets uitgehaal word. Helena plant dwarsdeur die jaar saailinge wat sy by die Norgarivier-kwekery op die dorp koop.

- **Gereelde voeding** waarborg plante wat floreer en jou dubbel en dwars beloon. "Ek voed my tuin twee keer per jaar met 2:3:5-kunsmis en voor die lente- en herfsmaande dien ek stikstof toe wat met KAN aangevul word."
- Volg 'n **weeklikse** en **maandelikse** program vir jou tuin. "Ek knip byvoorbeeld ou blomme en dooie blare weekliks uit en heg rankplante se groei. Heinings word maandeliks gesnoei."
- **Moenie blindelings koop** wat vir jou mooi is nie. Maak seker dit sal in jou tuin en omgewing aard.
- Plant 'n **massa** van dieselfde blomme op een plek. 'n Massavertoning van byvoorbeeld wit 'Iceberg'-rose maak 'n baie groter impak as enkele rose van verskillende kleure. 🏡

VERSKAFFERS EN KONTAK

Little Earthquakes Landscaping 083 235 0066 Mooiplaas-kwekery (vir iris en dagtelies) mooiplaasnursery.co.za Norgarivier-kwekery norga.co.za



Tra-la-la LASAGNE!

Lasagne is immer gewild in al sy gedaantes: Berei die ragù stadig of kies kortpad en maak sop, óf vul die lae met botterskorsie en braai dit in saliebotter vir 'n 'broodjie'. Die wit hoender-en-sampioenweergawe in 'n luukse kaassous gaan beslis ook harte steel!

Deur Johané Neilson • Foto's ER Lombard

Lekkerbek-lasagne

Regte lasagne is nie iets wat jy vinnig berei nie, maar o wee, dis hemels as dit klaar is. Maak die vleissous vooruit om die taak makliker te maak.

Genoeg vir 12 porsies • Voorbereiding: 30 minute • Gaarmaaktyd: 1 uur 15 minute (mits die ragù klaar is) • Oondtemperatuur: 180 °C

- sowat 18 droë lasagnepastavelle
- 1,2 liter ragù (resep op bl. 122) of bolognese-vleissous (resep op bl. 123)
- 300 g mozzarellakaas, gerasper
- 80 ml fyngerasperde parmesaankaas om voor te sit

WITSOUS

- 80 ml botter
- 125 ml koekmeel
- 1,2 liter warm melk
- 1 lourierblaar, vars of gedroog
- 3 ml varsgerasperde neutmuskat

1 Maak die witsous Verhit die botter in 'n kastrol tot gesmelt en skuimerig en klits die melk met 'n draadklitser by om 'n gladde pasta te vorm – dit word 'n roux genoem. Braai die roux vir 'n paar minute tot ligbruin van kleur, dit verbeter die geur in die sous. Haal die pot van die hitte af en voeg die melk in 'n dun straaltjie by terwyl jy klits tot glad. Geur met die lourierblaar, neutmuskat, sout en peper en hou aan met klits oor matige hitte totdat die sous begin verdik en kookpunt bereik. Dit is belangrik dat die sous vir 'n paar minute kook en nie meer na melk smaak wanneer jy proe nie.

2 Stel die lasagne saam Versprei 'n dun lagie witsous onder in 'n oondbak en pak 'n laag lasagnevelle bo-op (ons bak was 37 x 23 cm groot en ons het ses velle per laag gebruik; maak seker die velle oorvleuel net effens). Volg nou met 'n laag ragù of bolognese, weer 'n lagie witsous, pasta, ensovoorts, tot die bak vol is. Ons het twee lae vleis en witsous tussen drie lae pasta gebruik. Eindig met nog 'n laag witsous en strooi die mozzarella eweredig oor.

3 Voorverhit die oond. (As die tyd dit toelaat, is dit goed om die lasagne vir so 15 minute te laat staan voor dit oond toe gaan; dit voel vir my dit laat die pasta sagter bak.) Bedek die bak met foelie – maak seker dit raak nie aan jou lieflike kaaslaag nie! – en bak vir 40 minute. Verwyder die foelie en bak vir 15 minute of tot die kaas oraloor goudbruin is en borrels vorm. Laat die lasagne vir nog 15 minute staan voor jy dit sny (dit help vir mooier porsies) en voorsit. Sit voor met parmesaankaas en 'n vars slaai. >>



Lasagne-sop

Tuis se redakteur, Wicus, het dié idee van lasagne as 'n sop raakgelees en ná 'n groot debat moes ons dit natuurlik toets ... Die uitspraak – 'n wenner! Die sop is baie ligter as 'n gebakte lasagne, maar steeds meesterlike trooskos propvol geur ten spyte van 'n redelik vinnige bereidingstyd.

Genoeg vir 4 ruim porsies • Voorbereiding: 45 minute van begin tot einde • Gaarmaaktyd: 40 minute

- 2 uie, grofgekap
- 2 selderystingels, grofgekap
- 2 wortels, geskil en grofgekap
- 2 knoffeltoontjies, geskil
- 30 ml elk botter en olyfolie
- 500 g vinkelgekeurde varkworsies, vleis uit vel gedruk
- 'n knippie gemengde gedroogde kruiet
- 'n knippie rissievlokkies
- 1 blik (400 g) gekapte tamaties
- 1 blik (400 g) tamatiepuree
- 1 liter hoenderaftreksel
- 'n hand vol fyngekapte spinasie, are verwyder
- 8 droë lasagnepastavelle, in stukke gebreek (of koop dik linte soos tagliatelle)
- 200 ml room (opsioneel)
- 125 ml gerasperde mozzarellakaas
- 60 ml fyngerasperde pamesaankaas om voor te sit

1 Sit die ui, seldery, wortel en knoffel in 'n voedselverwerker en pols tot fyngekap.

Jy wil nie 'n gladde smeer maak nie, dit moet steeds stukkies groente wees.

2 Smelt die botter en olyfolie in 'n groot dikboomkastrol saam en braai die worsvleis tot goudbruin en geurig. Breek deurgaans met 'n spaan in kleiner stukkies op. Skuif die vleis na die kant van die pot, roer die groentemengsel by en hou aan braai tot die groente 'n mooi diep kleur het. Meng alles saam en geur met die kruiet en rissievlokkies.

3 Roer die tamatie, tamatiepuree en aftreksel by en prut vir 20 minute saam. (Ek voeg 'n teelepel ligbruinsuiker by om die suur te temper, maar dit is opsioneel).

4 Roer die spinasie en pasta by en kook tot die pasta al dente is, sowat 8 minute. Vul die sop aan met 'n ekstra koppie warm aftreksel as

die pasta te veel vloeistof na jou sin geabsorbeer het!

5 Roer die room (indien gebruik) en mozzarella by en verhit tot deurwarm, maar moenie die sop weer laat kook nie. Sit stomend warm voor met die pamesaan en lekker baie vars gemaalde swartpeper. 'n Opsionele ekstra is 'n strooisel gekapte vars basilie of 'n skeppie pesto.

Wenk Kyk vir vinkelgekeurde varkworsies by Woolies of vra jou slagter. Ons s'n kom van die Klein Joostenberg-slaghuis. Jy kan ook gewone varkworsies of -maalvleis gebruik en net 5 ml geroosterde vinkelsaadjies saam met die groente braai. >>







1 Maak
die sam
minute

114 tuis Mei 2026

- 'n groot klont botter
 - 15 ml olyfolie
 - 500 g knopiesampioene, gesny
 - 3 knoffelhuisies, fyngekap
 - 'n knippie rissievlokkies of 'n strooisel rooipeper (opsioneel)
 - 30 ml fyngekapte pietersielie
 - 1 gaar braaihoender, ontbeen en vleis gevlok (sowat 3 koppies vol)
 - sowat 12 droë lasagnepastavelle
 - 250 ml gerasperde mozzarellakaas
 - 80 ml fyngerasperde parmesaankaas
 - 60 ml pankobroodkrummels
- KAASSOUS**
- 80 ml botter
 - 125 ml koekmeel
 - 500 ml hoenderaftreksel
 - 750 ml warm melk
 - 1 lourierblaar
 - 'n ruim knypie neutmuskaat
 - 250 ml gerasperde cheddarkaas

2 Maak die kaassous Verhit die botter in 'n kastrol tot gesmelt en skuimerig en klits die meel met 'n draadklitser by om 'n roux (gladde pasta) te vorm. Braai die roux vir 'n paar minute tot ligbruin van kleur. Haal die pot van die hitte af en voeg die affreksel en melk in 'n dun straaltjie by terwyl jy dit klits tot glad. Geur met die lourierblaar, neutmuskaat, sout en peper en hou aan klop totdat die sous begin verdik en kookpunt bereik. Dit is belangrik dat die sous vir 'n paar minute kook en nie meer na meel smaak wanneer jy proe nie. Roer die kaas by, verwyder van die hitte en roer tot glad. Skep 300 ml sous uit en behou vir bo-op die lasagne.

3 Stel die lasagne saam Voorverhit die oond. Versprei 'n dun laagie kaassous onder in 'n oondbak en pak 'n laag lasagnevelle bo-op (ons bak was 28 x 21 cm groot en ons het drie velle pasta per laag gebruik; maak seker die velle oorvleuel net effens). Volg nou met 'n derde van die hoender-en-sampioen-vulsel en 'n derde van die kaassous. Herhaal nog twee keer om drie lae vulsel te maak en eindig met 'n laag lasagnevelle en die behoue kaassous.

by, verwyder van
3 Stel die la
 'n laag
 ma
 v

114 tuis Mei 2026





Groen lasagne met artisjok en ricotta

Ek rooster die eivrug- en murgpampoentjieskyfies in sarsies in die lugbraaier en geur dit dan met olyfolie, sout en peper. Jy kan dit ook in 'n enkellaag in die oond rooster terwyl jy die kaassous berei.

Genoeg vir 6-8 • Voorbereiding: 30 minute • Gaarmaaktyd: 1 uur • Oondtemperatuur: 200 °C

- 350 g ricottakaas
- 250 ml fyngekapte gaar spinasie
- 125 ml basiliepesto, tuisgemaak of klaargekoop
- 2 eivrugte, in skyfies gesny en gerooster
- 4 groot murgpampoentjies, in repe gesny en gerooster
- 1 blik (390 g) artisjokharte, gedreineer
- gerasperde skil van 1 suurlemoen
- 8 droë lasagnepastavelle

- 250 ml gerasperde mozzarellakaas of 12 bocconcini-balletjies

KAASSOUS

- 80 ml botter
- 80 ml koekmeel
- 750 ml warm melk
- 'n ruim knypie elk neutmuskaat en witpeper
- 1 lourierblaar
- 125 ml gerasperde pamesaankaas

1 Maak die kaassous Verhit die botter in 'n kastrol tot gesmelt en skuimerig en klits die meel met 'n draadklitser by om 'n roux te vorm. Braai die roux vir 'n paar minute tot ligbruin van kleur. Haal die pot van die hitte af en voeg die melk in 'n dun straaltjie by terwyl jy klits tot glad. Geur met die lourierblaar, neutmuskaat, witpeper en 'n bietjie sout en hou aan klop oor matige hitte totdat die sous begin verdik en kookpunt bereik. Dit is belangrik dat die sous vir 'n paar minute kook en nie meer na meel smaak wanneer jy proe nie. Verwyder van die hitte, roer die pamesaan by, skep 250 ml sous uit en behou vir bo-op die lasagne.

2 Maak die vulsel Meng die ricotta, spinasie en pesto saam. Onthou om te proe of daar sout kort en verdeel in drie. Meng die eivrug- en murgpampoentjieskyfies saam en geur met sout en varsgemaalde swartpeper. Sny die artisjokke in dun skyfies en geur met die suurlemoenskil.

3 Stel die lasagne saam Voorverhit die oond. Skep 'n bietjie kaassous onder in 'n vierkantige oondbak en pak die eerste twee lasagnevelle bo-op (ons het vir die foto die vulsel verdeel tussen twee individuele bakkies so groot soos 'n vel lasagne elk). Volg nou met die eerste hoeveelheid ricottavulsel, 'n lagie eivrug- en murgpampoentjieskyfies en dan 'n lagie artisjokke. Skep weer 'n lagie witsous en herhaal nog twee keer om drie lae vulsel te maak. Eindig met die laaste twee pastavelle bo-op en die behoue kaassous.

4 Strooi 'n lagie gerasperde mozzarella of geskeurde bocconcini bo-oor, bedek met foelie en bak vir 35 minute. Verwyder die foelie en bak nog 10 minute of tot die kaas borrel en die pasta sag is. Laat die lasagne vir 15 minute staan voor jy dit sny.

Wenk Vars ricotta se tekstuur, afhangend van die handelsmerk wat jy koop, is gewoonlik krummelrig; as jy van 'n gladder tekstuur in jou lasagne hou, pols eenvoudig die ricotta saam met 30 ml room in jou voedselverwerker glad voor jy dit met die spinasie en pesto meng. Dit sal die tekstuur in die lasagne "sagter" maak. >>





Maklike plaatlasagne

Plaatlasagne is die perfekte aandete-oplossing vir daardie klaarbereide bakkie bolognese wat te min is vir 'n volwaardige lasagne. Met brosgebakke pastapunte, goudbruin kaas, die vleissous wat borrel en vars pesto – mamma mia, wat wil jy meer hê! Pas gerus die hoeveelhede aan, dit is die metode wat tel. Dankie vir die inspirasie, Sonja Wong van @saltnpapperhere.

Genoeg vir 6 • Voorbereiding: 20 minute • Gaarmaaktyd: 30 minute (mits die ragù of bolognese klaar is) • Oondtemperatuur: 200 °C

- 500 ml klaarbereide ragù (*resep op bl. 122*) of bolognese (*resep op bl. 123*)
- 6 droë lasagnepastavelle, elk in 3 stukke gebreek
- 350 ml gerasperde kaas (ons het wit cheddar gebruik)
- 270 g vars mozzarellakaas (ons het bocconcini gebruik)
- 80 ml basiliepesto, tuisgemaak of klaargekoop (sien die vinnige resep hier onder)
- 'n strooisel varsgerasperde parmesaankaas

- 1 Voorverhit die oond. Verhit die vleissous. Kook die pasta in soutwater vir 5 minute (3 minute minder as wat benodig word vir al dente). Skep die pasta met 'n gaatjieslepel uit die kookwater direk in die vleissous en meng. Geur met sout en varsgemaalde swartpeper soos nodig.
- 2 Verwyder van die hitte en meng die gerasperde kaas ook by die pasta. Keer uit en versprei in 'n laag op 'n bakplaat wat met bakpapier uitgevoer is.
- 3 Skeur die vars mozzarella in kleiner stukkie en rangskik bo-op. Stip oraloor met skeppies pesto en strooi laaste die parmesaan oor. Bak vir 15-20 minute (my oond is vinnig, oordeel of dit langer nodig het of gebruik jou roosterelement versigtig) of tot die kaas goudbruin is en borrel. Sit voor met ekstra pesto.

PESTO

My vinnige basiliepesto: Pluk 1 koppie **vars basilie** en ½ koppie **gemengde sagte kruie** soos pietersielie, kruisement en vinkel in die kruietuin. Plaas in jou versapper en voeg sowat 5 ml **kappertjiesaad**, 'n **ansjovis** of twee, sowat 60 ml sout **grondboontjies** (of jou gunsteling-geroosterde neute) en omtrent 60 ml **fyn parmesaan** by. Drup sowat 60 ml **olyfolie** by net om die lemme aan die gang te kry en verwerk tot 'n gladde mengsel. Die stywe pesto kan jy nou verdun soos nodig met 'n klein bietjie warm water of natuurlik nog olyfolie na smaak. Onthou 'n knippie sout en peper. Jy kan ook knoffel byvoeg vir 'n skerper smaak. >>



Botterskorsie-lasagnebroodjie gebraai in saliebotter

Die beste is as die lasagne die dag vooraf berei word en koud gesny word. 'n Vinnige braai in saliebotter is die laaste hoera voor jy dit met smaak en 'n strooisel geroosterde dennepitte opdien!

Genoeg vir 8 as voorgereg • Voorbereiding: 45 minute, plus verkoeltyd
Gaarmaaktyd: 1 uur 15 minute • Oondtemperatuur: 180 °C

- 600 g botterskorsie, in 1 cm-blokkies gesny
 - 1 sakkie (70 g) tamatiepasta
 - 30 ml olyfolie
 - 3 ml rissievlokkies
 - 7 droë lasagnepastavelle
 - 30 ml gekaramelliseerde uiemarmelade (ons het Checkers se Forage and Feast Caramelised Onion Cheese Topper gebruik)
 - 12 skyfies (250 g) mozzarellakaas (die dingesnyde soort vir burgers)
- KAASSOUS**
- 80 ml botter
 - 80 ml koekmeel
 - 650 ml warm melk
 - 1 gedroogde lourierblaar, gekrummel
 - gerasperde neutmuskaat
 - 80 ml parmesaankaas
- AFRONDING**
- 125 ml botter
 - 30 ml olyfolie
 - 12 salieblare
 - 80 ml geroosterde dennepitte
 - varsgerasperde parmesaankaas

1 Meng die botterskorsie, tamatiepasta en olyfolie saam. Geur ruim met sout, varsghemaalde swartpeper en die rissievlokkies en rooster vir 20 minute by 200 °C in die lugbraaier. Roer halfpad deur die gaarmaaktyd. As jy nie 'n lugbraaier het nie, gebruik die oond of kook die botterskorsie tot gaar en sag.

2 Maak die kaassous Verhit die botter in 'n kastrol tot gesmelt en skuimerig en klits die meel met 'n draadklitser by om 'n roux te vorm. Braai die roux vir 'n paar minute tot ligbruin van kleur. Haal die pot van die hitte af en voeg die melk in 'n dun straaltjie by terwyl jy klits tot glad. Geur met die lourierblaar, neutmuskaat, sout en peper en hou aan klits oor matige hitte totdat die sous begin verdik en kookpunt bereik. Dit is belangrik dat die sous vir 'n paar minute kook en nie meer na meel smaak wanneer jy proe nie. Verwyder van die hitte, roer die parmesaan by en hou gereed.

3 Stel die lasagne saam Voorverhit die oond. Pak ses van die sewe lasagnevelle uit op jou werkoppervlak en smeer elk met 'n bietjie uiemarmelade. Rangskik twee skywe mozzarella bo-op die marmelade op elke vel. Strooi 'n lagie botterskorsieblokkies oor elk.

4 Voer 'n broodpannetjie waarin die lasagnevelle mooi pas uit met bakpapier, laat genoeg oorhang vir oorvou later. Skep 'n lepel vol kaassous onder in en sit versigtig die eerste opgedolliede lasagnevel met bolaag daarin. Skep 'n lagie kaassous bo-op, smeer glad en sit nog 'n lasagnevel met bolaag bo-op. Herhaal tot die broodpan vol is. Eindig met die laaste lasagnevel en 'n lagie kaassous.

5 Vou versigtig die bakpapier wat oorhang oor die lasagne se bokant, bedek met folie en bak vir 1 uur of tot gaar. Laat die lasagne staan tot heeltemal koud. Sit 'n gewig bo-op en sit oornag in die yskas.

6 Keer die koue lasagne met behulp van die bakpapier uit op 'n kapplank en sny in agt skywe.

7 Rond af Verhit 'n ruim klont botter en die helfte van die olyfolie in 'n pan en braai vier skywe lasagne daarin tot goudbruin en bros. Draai die skywe versigtig om en braai ook die ander kant. Skep uit en herhaal met die res van die skywe lasagne. Smelt die orige botter in die pan en braai die salieblare tot bros. Garneer die gebraaide lasagneskywe met die skuimende saliebotter, 'n strooisel dennepitte en gerasperde parmesaan.



Kyk die video by
network24.com/tuis.

Wenke

- Indien jou lasagnevelle nie presies in die broodpannetjie pas nie, kan jy die velle in kookwater dompel, vir 'n minuut kook, die gekookte pasta in yswater verfris, droogdruk en dan gebruik. Die sagter velle sal meer vergewensgesind wees vir die pakkery of kan kleiner gesny word om presies in jou pannetjie te pas.
- As jy die voorgereg vir meer as agt berei en die panbraaiery neem te lank, span jou oond in. Pak die gesnyde porsies lasagne uit op 'n bakplaat, stip met botter en verbruin onder die roosterelement. Garneer soos beskryf. >>



My ragù

Hoe jy die vleislaag van jou lasagne verkies, is baie persoonlik; elke kok wat ek ken, het sy eie kinkel (spekvet, Italiaanse worsies of selfs chorizo, vinkelsaadjes, sterany's, songedroogde tamaties – die lys is lank). Hierdie resep is my gunsteling. Die gaarmaaktyd is lank, maar die resep verdubbel maklik en vries uitstekend. As die verruklike vleissous eers gaar is, kan jy pastalinte daarin baai en binne 20 minute kos op die tafel hê of, natuurlik, 'n lasagne duisend maak!

**Genoeg vir 3 keer se lasagne maak • Voorbereiding: 30 minute
Gaarmaaktyd: 3 uur en 20 minute**

- 30 ml elk botter en olyfolie
- 200 g strepiespek, gekap
- 2 groot uie, fyngekap
- 2 vet wortels, fyngekap
- 2 selderystingels, fyngekap
- 1 sakkie (70 g) tamatiepasta
 - 5 knoffeltoontjies, gekap
 - 2 lourierblare
- 'n takkie pietersielie en 3 takkies tiemie, blaartjies gekap
- 1 kg beesmaalvleis
- 500 g varkmaalvleis
- 'n goeie skeut gerasperde neutmuskaat
- 250 ml volroommelk
- 250 ml droë wit- of ligte rooiwyn
- 2 blikke (400 g elk) geblikte heel pruimtamaties
- 1 blik (400 g) tamatiepuree

1 Smelt die botter en olyfolie in 'n groot dikboomkastrol saam en braai die spek bros. Skep die stukkie uit (hou vir later) en voeg die ui, wortel en seldery by die geurige vet in die pan. Braai dit rustig oor matige hitte tot sag en glansend. Sodra dit lyk of dit begin verbruin, roer die tamatiepasta, knoffel, lourierblare en kruie by en braai nog 5 minute saam tot geurig.

2 Roer die twee soorte maalvleis by en braai tot die vleis nie meer pienk is nie. Dit hoef nie vreeslik te verbruin nie, die stap is eintlik meer om die vleis met 'n spaan in korrels op te breek. Geur nou mildelik met sout en neutmuskaat, maar hou die peper liefies vir later.

3 Roer die melk by en laat prut saam tot die vloeistof met die helfte ingedamp het. Roer dan die wyn by en prut weer vir 'n paar minute saam.

4 Roer die geblikte tamaties en tamatiepuree by. Knip die heel tamaties met 'n kombuisskêr in effens kleiner stukke en roer deur.

5 Bring die sous tot kookpunt, draai dan die hitte laag genoeg dat die sous net-net borrel en laat prut rustig vir minstens 3 uur met die deksel halfpad op die pot sodat die sous kan indamp maar nie heeltemal oop staan nie. Roer elke nou en dan.

6 Geur die sous goed met varsge maalde swartpeper en sout indien nog nodig is. Roer die behoue brose spekstukkie terug in die sous en gebruik dadelik, of laat heeltemal afkoel en vries in porsies.



Laaglose lasagne (sonder witsous)

Wanneer jy nie 'n klaarbereide drie-uur-ragù in die yskas het nie en lasagne van begin tot einde wil maak op 'n weeksaand, is hierdie vinnige bolognese-sous die antwoord!

Genoeg vir 6 • Voorbereiding: 1 uur • Gaarmaaktyd: 1 uur • Oondtemperatuur: 200 °C

- 30 ml elk botter en olyfolie
- 200 g strepiespek, gekap
- 1 ui, gekap
- 2 wortels, geskil en gerasper
- 2 selderystingels, gekap
- 500 g beesmaalvleis
- 'n knippie elk komyn, paprika en rissievlokkies
- 240 g songedroogde tamaties in oliemarinade
- 1 blik (400 g) gekapte tamaties
- 5 ml suiker
- 250 ml suurroom (of mediumvet-roomkaas)
- 350 ml gerasperde mozzarellakaas
- 80 ml gerasperde parmesaankaas, plus ekstra vir opdiening
- 12 droë lasagnepastavelle
- 'n hand vol basilieblare, gesnipper

1 Smelt die botter en olyfolie saam in 'n wye oondvaste pan waarin jy sommer die gereg gaan bedien en braai die spek tot bros. Roer die ui, wortel en seldery by en braai saam tot die groente glansend en sag is. Stoot die roerbraai na die kant van die pan en voeg die maalvleis by in 'n blok in die oop deel van die pan. Braai die vleis vir 'n paar minute sonder om daaraan te karring, tot die onderkant mooi bruin is (soos 'n reuse-frikkadel). Draai 'n stuk om en braai die ander kant ook bruin. Breek nou met 'n spaan in korrels op en meng deur die groente en spek. Geur met die speserye en sout en varsgemaalde swartpeper.

2 Snipper die songedroogde tamaties met 'n skerp kombuis-skêr en voeg saam met 'n ruim skeut van die heerlike marinade uit die pakkie by die maalvleis (behou die res van die marinade vir 'n slaaisous). Roerbraai die maalvleis en tamatie vir 'n paar minute saam tot geurig. Voeg volgende die gekapte tamaties by, maak die blik halfvol water, spoel en gooi saam met die suiker in die pan. Prut vir 30 minute.


3 Meng die suurroom met die twee kase en hou eenkant.

4 Kook die pastavelle wanneer die bolognese so 10 minute gaarmaaktyd oor het in soutwater vir 6 minute (2 minute voor al dente). Hou dop sodat die velle nie aan mekaar vassit nie. Skep versigtig direk in koue water uit om die kookproses te stop. Dreineer die pasta en smeer liggies met 'n bietjie olie om te keer dat die velle aan mekaar vassit. Sny die velle diagonaal in die helfte. Ek geur dit nou met sout.

5 Haal die bolognese van die hitte af, roer die basilie by en drapeer die pastadriehoëke mooi in die bolognese sodat dit oraloor met sous bedek is, maar hoog in die bak sit en hier en daar uitloer.

6 Voorverhit die oond se roosterelement. Skep lepels vol van die suurroommengsel oor die pasta en rooster dan onder die element tot die kaaslaag borrel en al die pastapunte wát uitloer, mooi bruin gebak is. Sit voor met ekstra parmesaan en varsgemaalde swartpeper. 🍴





Kos
is op die tafel!

Lugbraaier-hoender-en-pampoenslaai

Onder R135 • Genoeg vir 4 • Voorbereiding: 30 minute
Gaarmaaktyd: 25 minute

- 650 g pampoen, in klein blokkies gesny
- 60 ml olyfolie
- 10 ml garam masala
- 1 blik (400 g) kekerertjies, gedreineer
- 400 g mini-hoenderfilette
- 'n knypie rissievlokkies
- 1 kop bros slaai-blare soos cos of crunchita, in blare gebreek
- 200 g groen olywe gestop met rooi soetrissie ("pimento"), gehalveer
- 200 g kersietamaties, gehalveer
- 125 ml amandelsplinters, gerooster
- 150 g fetakaas, in blokkies gesny
- vinaigrette vir voorsit

1 Meng die pampoenblokkies met 30 ml olyfolie en geur met die garam masala en sout en varsgemaalde swartpeper. Sit op 'n velletjie bakpapier in die mandjie van jou lugbraaier en rooster vir 15 minute by 200 °C. Roer deur en rooster vir nog 10 minute of tot gaar en geurig. (As jy jou oond gebruik, onthou om dit vooraf te verhit en verleng die roostertye met 'n paar minute.) Meng die gaar pampoenblokkies dadelik met die kekerertjies en hou eenkant.

2 Meng die hoender met die oorblywende 30 ml olyfolie en geur ruim met sout, peper en die rissievlokkies. Panbraai tot goudbruin en gaar. Vlok die hoender grofweg in kleiner happies.

3 Meng die blaarslaai, olywe en tamaties en skep op 'n mooi opdienbord. Rangskik die warm hoender en pampoenmengsel bo-op en strooi die geroosterde neute en feta oor. Sit voor met jou gunsteling-tuisgemaakte of klaarbereide vinaigrette as jy 'n sousie verlang.



Soetsuur varktjops met boontjieslaai

Onder R220 • Genoeg vir 4 • Voorbereiding: 25 minute
Gaarmaaktyd: 20 minute

- 4 varklende- of -ribtjops sonder vel
- 30 ml olyfolie
- 5 ml mielieblom
- 125 ml water
- 60 ml ligbruinsuiker
- 15 ml botter
- 30 ml sojasous
- 15 ml appelsyn
- 3 ml elk mosterdpoëier en paprika
- SLAAI**
- 1 blik (400 g) gemengde bone, gedreineer
- 200 g groenbone, in 3 cm-stukke gesny en gaargekook
- ½ rooiui, dun gesny
- 'n hand vol pietersielie, fyngekap
- 5 ml elk heuning en dijonmosterd
- 30 ml rooiwynasyn
- 60 ml olyfolie

1 Vryf die varktjops met die olyfolie in en geur met sout en lekker baie varsgemaalde swartpeper. Braai die tjops vetkant eerste (hou dit regop met 'n braaitang) totdat die vet mooi kleur het; herhaal aan die beenkant. Braai die tjops dan vir 3 minute aan 'n kant tot oraloor mooi goudbruin. Skep uit en laat rus.

2 Klits die mielieblom en water saam. Gooi die suiker, botter, sojasous, asyn, mosterdpoëier en paprika in die pan en roer tot al die suiker gesmelt het. Roer die mielieblommengsel by en laat prut tot die sous glad en effens verdik is. Skep die tjops terug in die pan en prut omdraai-omdraai vir 5-10 minute of tot die vleis deurgaar is. Laat die dikte van jou tjops die gaarmaaktyd bepaal.

3 Meng al die slaaibestanddele saam, geur met sout en peper en sit voor met die tjops.



Blomkoolsop met saliebruinbotter

Onder R70 • Maak 1,3 liter • Voorbereiding: 40 minute
Gaarmaaktyd: 35 minute

- 1 middelslag-kop blomkool, in blommetjies gebreek en stingel apart fyngekap
- 30 ml olyfolie
- 2 groot preie, wit gedeeltes fyngekap
- 2 knoffeltoontjies, fyngekap
- 2 groot aartappels, geskil en in blokkies gesny
- 'n ruim knypie vars neutmuskaat
- 1 liter hoenderaftreksel
- 45 ml botter
- 12 salieblare
- vars brood om voor te sit

1 Braai die blomkoolblommetjies in die olyfolie tot geurig. Skep die blomkool uit en hou die olie in die pan. **Wenk** Jy kan ook die blomkoolblomme in die lugbraaier rooster en solank met die res van die sop begin.

2 Braai volgende die blomkoolstingelstukkies vir 'n paar minute in die olie in die pan tot dit sag begin raak en kleur kry. Roer die prei en knoffel by en braai vir nog 'n paar minute saam. Roer die aartappel by, geur met die neutmuskaat en voeg die aftreksel by. Bring tot kookpunt, draai dan die hitte af tot laag en laat prut met die deksel op vir 25 minute. Roer $\frac{3}{4}$ van die gebraaide blomkoolblomme terug in die sop en prut nog 5 minute. Maak die sop fyn met 'n staafmenger en geur na smaak met sout en vars gemaalde swartpeper.

3 Smelt die botter in 'n pannetjie en braai die res van die blomkoolblomme en die salieblare daarin tot die salieblare bros en die botter bruin is. Sprinkel die blomkoolblomme en saliebotter oor die sop en sit voor met vars brood.



Kaasroulade met spinasie

Onder R160 • Genoeg vir 4 ruim porsies met slaai
Voorbereiding: 35 minute • Gaarmaaktyd: 25 minute
Oondtemperatuur: 180 °C

- 100 ml botter
- 125 ml koekmeel
- 500 ml warm melk
- 5 ml dijonmosterd
- 150 g beleë cheddarkaas, gerasper
- 5 ml gekapte pietersielie
- 6 ekstragroot eiers, geskei
- 200 g sampioene, gekap
- 30 ml botter
- 30 ml olyfolie
- 125 ml geblansjeerde spinasie, gekap
- 3 sprietuie, gekap
- 30 ml sagte kruie (soos basilie, vinkel en kruisement), gekap
- gerasperde skil van 1 suurlemoen
- 125 ml ricottakaas, gekrummel

1 Voer 'n bakplaat uit met bakpapier en spuit met kleefwerende kossproei. Smelt die botter in 'n kastrol en klits die meel by tot goed gemeng. Klits die melk by en roer oor matige hitte totdat die sous verdik. Geur met die mosterd, sout en vars gemaalde swartpeper en laat effens afkoel. Voorverhit intussen die oond.

2 Roer die kaas, kruie en eiergele by die sous. Klits die eierwitte tot styf en vou dit met 'n metaallepel by die eiergeelmengsel in. Skep die beslag op die voorbereide bakplaat, maak gelyk en bak vir 25 minute of tot ligbruin en gaar. Laat dit effens afkoel.


3 Terwyl die rouladebasis bak, braai die sampioene in die botter en olyfolie tot goudbruin en gaar. Roer die spinasie, sprietuie en kruie by en geur met sout en peper. Meng saam met die suurlemoenskil by die ricottakaas.

4 Versprei die vulsel op die rouladebasis en rol met die bakpapier op, amper soos 'n rolkoek. Sit voor in dik skywe. 🏠



Kos & drank

Deur Johané Neilson • Foto's Verskaf



Wagyu yaki-dango (vleiskluitjies), voorgesit met knoffelpuree, tamatiekonfyt, mosterd-sojasous en brandrissieolie (onder).

Le Creuset Signature-spatellepel van silikoon in die kleur Riviera R349, lecreuset.co.za



Vier ons eie erfenis met 'n Oosterse kinkel by East City Grill in Harringtonstraat 84, Kaapstad. Dit is beslis g'n gewone steakhouse nie! Die wagyu, wat plaaslik verkry word, sal vleiseters behoorlik laat kwyl (moenie die boerewors en Tartaarse steak misloop nie). En nagereg? Hoe klink Westerse gunsteling soos panna cotta en kaaskoek gegeur met Oosterse miso, yuzu en matcha ... Besoek eastcitygrill.co.za.



SUURDEEG-sukses!

Die Milling & Bread Baking Experience by die La Motte-bakkerij draai alles om suurdeeg. Dié prettige en leersame praktiese werksessie, aangebied deur die hoofbakker, Ricardo Slawers, begin by die maal van die graan en die maak van 'n suurdeegplantjie tot die vorm en bak van jou eie brood. Die kersie op die koek is 'n ontspanne middagete en 'n geskenksak met 'n varsgebakte brood, 'n bottel La Motte-wyn en 'n eksemplaar van Markus Färbinger se boek *The Cultured Loaf*. Gaan na la-motte.com en bespreek nou vir 21 en 23 Mei (R1 200 per persoon; slegs 6 per groep).

MAAK 'N OKKASIE DAARVAN

Die vlagskipwyn Tokara Director's Reserve Red 2021 (R550, tokara.com) is 'n weelderige, volronde Bordeaux-styl versnit wat die perfekte pasmaat is vir rooivleis en goeie geselskap. Verwag geure van donker kersies, swartbessies en pruimskil.



Cath Kidston-Paashaas-skinkbeker (1 liter) R699, yuppiechef.com



Lekker én (ge)maklik


Nuy-wynkelder se Blanc de Nuy (R130, nuywinery.co.za) word verkoop in 'n gerieflike 3-liter-sak-in-'n-boks met hulle kenmerkende suikerbekkiemotief. Dit smaak vorentoe met geroosterde hoender en seekos – of vat dit in die koelsak saam na jou volgende piekniek.





'n Heilsame keuse

The Almond Girl is 'n trots plaaslike handelsmerk wat klein hoeveelhede enkeloorsprong-amandels kweek op 'n derdegelag-familieplaas buite Montagu in die Klein-Karoo. Elke neut word met sorg hanteer, wat varsheid, geur asook naspeurbaarheid verseker. Die amandels werk goed in 'n peuselmengsel vir staptogte, in die kosblik, of as 'n heilsame geskenk. Besoek thealmondgirl.co.za.



LAAT MEXIKAANS DANS

Brei jou repertoire uit met die opwindende resepte in Thomasina Miers se blinknuwe kookboek, *Mexican Table* (R675, Jonathan Ball). Sy bring sonskyn na jou bord met 'n keuse van 12 stapelkosbestanddele uit die hart van Mexiko. Lekker!



SPESERYE WAT TROOS

Mira, Sandton se nuwe eetbestemming, vermeng ouwêreldse vakmanskap met kontemporêre sofistikasie en multisensoriese ontwerp. Onder leiding van die hoofsjef, William Lekoloane, draai die kulinêre identiteit om die speserygeure van die Mosambiekse kus en vertroostende Portugese erfeniskos. Probeer die feta-en-origanum-ge vulde calamari in 'n romerige tamatiesous of die klassieke Portugese steak met 'n chorizosous en gebraaide eier – en geniet 'n drankie in die atmosfeerryke skemerkelkkroeg. Mira is geleë in die Sandton Sun & Towers op die hoek van Alicelaan en 5de Straat en verwelkom gaste vir middag- en aandete. Besoek mirasandton.co.za.



Nuwe Pukka Pure Spicy Choc Chai (400 g; R158, pukkapure.co.za) is 'n kits-donkersjokoladedrankie met verkwikkende chai-speserye. Dis suiwer troos in 'n beker!



Kaas is baas!

Fairview White Rock is tradisioneel bekend as 'n nageregstyl kaas, maar trek 'n nuwe baadjie aan met 'n reeks soutige geure (probeer gerus die Red Onion of die Garlic & Rosemary!) in 'n rolvorm wat maklik gesny kan word. Besoek fairview.co.za.




Mama-beker R89,95,
woolworths.co.za



Carmiën Cranberry Hibiscus Cold Brew-rooibos-ystee (R45 vir 20 teesakkies, carmienteas.co.za) is spesiaal ontwikkel om in koue water te trek. Dié koudbroumetode lewer 'n verfrissende soetsuur ystee propvol blom- en bessiegeure. Geen suiker word bygevoeg nie – slegs natuurlike steviablare – wat dit 'n gesonder keuse maak vir die gesin. Gooi eenvoudig een of twee teesakkies in jou waterbottel en geniet dit langs die pad.

Eet in styl met pragtige Marble Ceramic-breekware uit Mr Price Home se premiumreeks. Pryse begin by R59,99 vir die beker en kleinbordjie; koop dit in die winkel, aanlyn by mrphome.com of op die Mr Price-app.



Om op hierdie blad te adverteer, gesels met

Evonne Mehl

078 402 1784
evonne.mehl@media24.com

TEKEN IN & SPAAR 40%

R576 VIR 8 UITGAWES*

GEDRUKTE WEERGAWE

NUWE INTEKENARE SMS "TUIS" NA 32361
HERNUWINGS SKAKEL 087 353 1300
E-POS intekenare@media24.com
OF WHATSAPP 087 353 1287

DIGITAAL

Zinio.com of Magzter.com
of Network24.com



* Intekeninge is onderhewig aan prysverhogings en jou betaalopdrag word dienoreenkomstig aangepas. Aangesien maandelikse intekeninge outomaties hernu word, moet jy ons laat weet indien jy jou intekening wil kanselleer. Dié aanbod geld tot 9 April 2026. B's en V's geld. Die gedrukte aanbod is vir intekenare in SA; vir internasionale intekentariere, skakel +27 21 065 0000. Vir nuwe intekeninge, SMS jou besonderhede aan ons sodat ons met jou in verbinding kan tree. Elke SMS kos R1,50; gratis minute tel nie.

KOMPETISIEREËLS 1 Enigiemand in Suid-Afrika mag deelneem, buiten werknemers van Media24, die kompetisieborde, hul filiale, advertensie- en promosieagentskappe en hul gesinslede. 2 Pryse word toegeken aan die eerste korrekte inskrywings wat getrek word en wenners sal telefonies of per e-pos in kennis gestel word. 3 SMS-kompetisieweners word lukraak uit al die SMS-inskrywings gekies. 4 Die organiseerders se besluit is finaal en geen korrespondensie sal daaroor gevoer word nie. 5 Pryse kan nie verander, oorgedra, uitgestel of vir kontant geruil word nie. 6 Die onus rus op kliënte om die pryse te verskaf. Tuis kan nie verantwoordelik gehou word vir probleme met of vertraging in die lewering van die pryse nie. 7 Pryse moet binne 6 maande ná kennisgewing opgeëis word; uitstel kan siegs verleen word indien die borge skriftelik daartoe instem. 8 Geen KI-gegenereerde beelde kom in aanmerking vir kompetisies in Tuis waar inskrywings geskied deur die instuur van 'n foto nie. **Let wel** Vanweë variasies in die drukproses is verkleure in die tydskrif nie noodwendig 'n ware weergawe van die betrokke produk nie.

Koopgids

Sorg vir die hele gesin deur jou mandjie met hierdie kopies te vul!

LUUKSE LIPPE

Revlon Super Lustrous Ultra™ Lipstick gly syglad oor jou lippe en bied helder kleur met 'n romerige maar ligte tekstuur. Dit smeer nie af nie en is gemaak met optiese diffusiepoeier wat 'n sagte fokus skep. Die orgidee-ekstrak maak dit gemakliker en gee 'n luukse, kussingagtige gevoel. Beskikbaar in 10 helder kleure – gee jou lippe die sorg van lipsalf met kleur wat die koppe laat draai.




'N NUWE VLAK VAN LIGTHEID

Bio-Oil Body Lotion het 'n nuwe vlak van ligte lyfroom met effektiewe bevochtiging geskep. Dis dunner as ander lyfroom, maar het 'n hoë olievlak van 42%. Die unieke kombinasie word moontlik gemaak deur Bio-Oil se spesiale 'skud voor gebruik'-formule. Kry dit by Clicks, Dis-Chem en onafhanklike apteke landswyd.



SPA-GEHALTE VIR JOU BADKAMER

Dis altyd die moeite werd om die beste te kry vir dinge wat jy elke dag gebruik – soos jou badkamer. Jeeves se verhitte handdoekrelings was eens 'n luukseheid, maar deesdae is dit deel van badkamerhigiëne. Dit verseker jy het altyd 'n droë, warm en higiëniese handdoek. Boonop spaar dit water en elektrisiteit omdat jy nie so gereeld handdoeke hoef te was nie. Lees meer by www.jeeves.co.za.




SKEP ATMOSFEER

K. Light se nuwe LED Cape Grape Glass-versameling is 'n elegante reeks ontwerp om jou te verstom. Dit kombineer verfynde vorm met 'n pragtige, atmosferiese glans. Elke rokerige glaslamps-kerm het 'n 2.5W LED-lig wat sigbaar is van alle hoeke, wat beteken lig versprei verder en skep 'n sagter, wyer skynsel. Kies uit 'n verskeidenheid ontwerpe, soos dié op die foto wat tien hangligte op 'n ovaalplaat vertoon. www.klight.co.za.



LUUKSHEID WAT 'N VERSKIL MAAK

Die Best Stays koffietafelboeke is 'n versameling van ons kontinent se mooiste en mees volhoubare wegbreekplekke. Die drie boeke sluit in: *South Africa's Best Stays*, *Africa's Best Stays* en *Indian Ocean Islands' Best Stays*. Dis ontwerp vir die wat glo luukseheid moet 'n verskil maak, en elke plek is gekies vir skoonheid, toewyding tot bewaring, kulturele outentiekheid en onvergeetlike gaste-ervarings. Bestel by tanith@groundcontrol.world of info@tripstoearth.com.



PIMPER-LEKKERTE

Romerige melksjokolade uit die Alpe, nou met geroosterde en lig-gesoute pistasieneut-stukkies in daardie kenmerkende blokkies wat die Ritter Sport-aanhangers al goed ken en geniet. Dis 'n gebalanseerde kombinasie van soetheid met 'n neuterige krakerigheid, gemaak van gehalte-bestanddele en kakao wat volhoubaar verskaf is. Ritter Sport is 'n lekker geskenk of 'n luukse bederf vir jouself – dis 'n internasionaal vertroude sjokolade, beskikbaar by Checkers, Spar, Pick n Pay, Wellness Warehouse, Dis-Chem en Clicks.





Los'it liggies, *my bra!*



Vergeet maar van wêreldvrede, skryf Karin Brynard, dalk moet ons liever probeer om meer te lag. Die lewe is absurd genoeg.

Verstik ek amper in my oggendkoffie toe iemand anderdag 'n heel grafiese stukkie pornografie op die buurt se WhatsApp-groep plaas.

Ek sit my bril op, want ek kan my twee ôghe nie glo nie. Dis 'n bitter beskaafde buurt hierdie. Mos. Mens verwag nie sulke eksplisiete demonstrasies van die "oerdaad" hiér nie.

Ek vee die koffie van my ken af en kyk weer. Wie't die stuitige knipsel geplaas?

'n Man, sien ek. 'Tuurlik.

Ene Dawie.

Vir lank roer g'n niemand 'n spriet nie. Ek self sit daar, handjies omhoog soos 'n bidsprinkaan. Nié dat ek ooit deelneem nie, maar ek hou tog ogie vir die nuttigheid daarvan. En soms verbaas ek my vir die mini-oorloë wat daar ontbrand, oor simpel goed soos hondebollie of asblikkrappers. Daar's altyd 'n diep verontwaardigde.

Nou sit wag ek vir laasgenoemde.

Eers is daar 'n versigtige kêrel wat reageer: "Dawie?!?"

Maar Dawie is *gone*. Hy's ôf sêlf verstar ôf hy's "baie biesag" elders, soos ons hier in die Kaap sê.

Dan kom daar 'n huiwerige kommentaartjie: "Dawie is dalk *gehack*, mense." Ja, raait, dink ek.

Iemand sit 'n lag-emoji op.

En dan trek dit los. Die onthutsing.

Ek maak my rekenaar toe, nie krag vir al die blou verontwaardiging nie, en roep die hond vir 'n stappie langs die rivier. Terwyl sy sorgeloos snuffel, loop ek en mymer oor KI en wat dit alles op die mensdom losgelaat het. Veral vir die voortdurende woede op die internet, die sogenaamde *outrage*-kultuur waarin ons leef slaan my dronk.

Slim soos die tegnologie is, ontbloom dit darem nou die lelikste van menswees. Al die toorn, die kleinsieligheid, die spetterende woede – of dit nou oor Trump is, of ras of geslag – daar's nie genoeg woorde in die woordeboek om die omvang te beskryf nie. Epidermiese proporsies, soos my ma sou gesê het.

Een van die redes, lees ek iewers, is dat emosioneel gelaaide inhoud (*rage-bait*, of woede-aas) nou geldwaarde het. As jy vir langer as vyf sekondes by 'n onthutsende video huiwer, merk die algoritme dit as "belangstelling". So beland jy in die kielsog van alle opruiende plasinge oor daardie onderwerp. Tôt jy behoorlik opgeklits is.

En klits ons nie maklik nie! Woede is een van ons oerinstinkte, so vinnig soos slang-pik. Hy sit in die amigdala, die tweede oudste deel van die brein en die liggaam se alarmstelsel, sy veg-of-vlugrefleks.

En die algoritme het nêr een jop: Kaap die amigdala.

Ek gaan sit op 'n lekker groot klip langs die rivier en kyk vir die hond wat baldadig die water inhol. En skielik oorval die lag my. Vir die arme Dawie. Sy vrou gaan hom braai. En dan gaan sy hom met 'n plank vermorsel.

Tot sy hond gaan hom uitlag!

Ek kyk vir my eie hond wat kaperjolle maak in die water, na drywende herfsblare hap. En besef ineens ek voel sommer ligter. Spelende honde en lag – die beste verweer teen die narigheid. Of, soos Mark Twain gesê het, "voor die aanslag van humor bly niks staande nie". Ongelukkig is humor gesetel in die jongste deel van die brein, daar tussen die moeilike, meer komplekse goed soos logika en taal en abstrakte denke.

Êk sou hom liever by die amigdala wou hê, as 'n blitsige soort lag-en-aanbeweeg-refleks.

Intussen moet ons maar loop soek na 'n "bedaar tog"-emoji wat ons kan help kalmte. Op die klimroete van berg Kilimanjaro is die slagkreet mos "pole pole", onthou ek uit die tyd toe ek dit geklim het. Dit beteken "stadig-stadig", sodat jy nie hoogtesiekte ontwikkel in die dun lug daarbo nie. Baie handig vir ouens wat so gou op hul "hoë perdjies" spring.

Ek soek ook 'n emoji wat ons sal aanpor om te lag. Want, jiss, ons het lag nodig soos brood – om ons "kiewe te *relax*", soos die Kapenaars sê.

Viktor Frankl, die bekende sielkundige en Holocaust-oorlewende, het vas geglo in die reddende krag van humor te midde van swaarkry. Dis die siel se enigste wapen, het hy gesê, die een plek waar hoop skuil. En ek stem. Dit geld veral die vermoë om vir jouself te kan lag, en spreek, na my mening, van 'n volwasse gees. Hulle sê mos juis engele kan vlieg oor hulle hulself ligtelik opneem.

As ons net dit kan aanleer, kom die vrede vanself. "Los'it liggies, my bra," sê die mense in Kaaps, "gooi bietjie die *heavy* jol af!"

Of dit vir ou Dawie gaan werk, twyfel ek. Hy's maar in vir die "heavy jol". 🏠

Die **grootste** meubelvervaardiger ter **wêreld**



ASHLEY

Tuis, Jou Manier

Hier is waar gemak en styl bymekaarkom soos ou vriende. Van banke wat jou uitnood om 'n rukkie te sit, tot beddens wat elke nag soos 'n droom laat voel - ons het alles om jou ruimte in 'n heiligdom te verander. Kom binne, neem 'n sitplek, en laat jou huis sy gelukkige plek vind - want by Ashley is dit nie net meubels nie, dit is die kuns om goed te leef.



'n Warmer skakering van **LUUKSHEID**

Ons stel bekend Warm Brons, doelgerig geskep en ontwerp om enige badkamer met onderbeklemtoonde luuksheid te verhef.


Verken die volledige reeks in Warm Brons by jeeves.co.za



JEEVES
HEATED TOWEL RAILS

Sunel

Kyk wat het ek gratis gekry! Stuur dit aan. 😊



Betsie

Hoe het jy die nuwe uitgawe verniet gekry?? 😊

Sunel

Wie gee om? Stuur dit net aan.

DIE DEEL VAN PDF-PUBLIKASIES IS 'N **MISDAAD**

MOENIE STEEL NIE

AS JY 'N PDF-PUBLIKASIE OP E-POS, WHATSAPP OF ENIGE ANDER BOODSKAPDIENS ONTVANG, RAPPOORTEER DIT ASSEBLIEF AAN REPORT@MEDIA24.COM

MEDIA24